

**FINANSIËLE BESTUUR IN SKOLE :
'N VERGELYKENDE STUDIE TUSSEN STAATSBEHEERDE ,
STAATSONDERSTEUNDE EN PRIVAATSKOLE**

Francois Jacobus Roos
B.Com., B.Ed., T.H.O.D.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

Magister Educationis
in Onderwysbestuur

in die

NAGRAADSE SKOOL VIR
OPVOEDKUNDE

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier : **Dr. P.J. Mentz**

Klerksdorp
1996

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word erken. Menings in hierdie verslag uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

**Aan God alleen kom toe al die
lof, eer en dank**

DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my opregte waardering teenoor die volgende persone/instansies wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie skripsie te voltooi:

- * Dr. P.J. Mentz, studieleier, vir sy belangstelling en kundige leiding. Dit was 'n voorreg om onder leiding van so 'n kundige wetenskaplike in Onderwysbestuur navorsing te kan doen.
- * My eggenote, Betsie, my dogter Ilze en my seun Francois, vir hul aanmoediging, begrip en geduld.
- * My eggenote, Betsie, vir noukeurige tikwerk en die versorging van die skripsie, sodat dit 'n keurige formaat kon aanneem.
- * Mev. Elsa Brand vir die taalversorging.
- * Mev. Wilma Breytenbach en die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir hulp met die verwerking van statistiese data.
- * Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek vir hul flink diens.
- * Die kantoor van die LUR, Departement van Onderwys en Kultuur, Noordwes Provinsie, Mmabatho, vir die toestemming om die vraelyste aan skoolhoofde te sirkuleer.
- * Hoofde van skole wat op vraelyste gereageer het.
- * My ouers en skoonmoeder vir die voortdurende belangstelling en aanmoediging tydens die duur van die studie.
- * Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële steun.

**Opedra aan
Betsie
Ilze en Francois**

OPSOMMING

FINANSIËLE BESTUUR IN SKOLE : 'N VERGELYKENDE STUDIE TUSSEN STAATSBEHEERDE, STAATSONDERSTEUNDE EN PRIVAATSKOLE

Die doel met die navorsing is om vas te stel :

* wat die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool is, en wie betrokke is by die finansiële gebeure in die drie tipes skole; en

* wat die finansiële bestuurstaak in 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool is.

In die literatuurstudie is die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en privaatskool vanuit 'n finansiële bestuursperspektief bespreek, en aandag is gegee aan instansies betrokke by die finansiële bestuur van hierdie verskillende tipes skole. In die literatuur word ook gekyk na die finansiële bestuurstaak in 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool, met besondere verwysing na :

- die beginsels van onderwysbestuur op die finansiële terrein;
- die begroting as finansiële bestuursinstrument;
- finansiële rekordhouding, verslaglewering en ontleding; en
- finansieringsbronne.

'n Empiriese ondersoek is met behulp van 'n gestruktureerde posvraelys uitgevoer om vas te stel hoe die finansiële bestuurstaak in die drie tipes skole lyk.

Van die vernaamste bevindings wat uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek voortgespruit het, is die feit dat staatsondersteunde skole en privaatskole finansieel sterk volgens wetenskaplike bestuursbeginsels bestuur word, waar dit in 'n mindere mate die geval is by staatsbeheerde skole. Hoewel hoofde van staatsbeheerde skole positiewe aanduiding gee van gesonde finansiële bestuurspraktyk in hul skole, is daar aspekte soos byvoorbeeld ouerbetrokkenheid, wat ruimte tot verbetering laat in vergelyking met staatsondersteunde en privaatskole. By baie staatsbeheerde skole is daar geen ouerbetrokkenheid nie, wat gevolglik die bestaan van ouer-bestuurskomitees onmoontlik maak, teenoor 'n groot ouerbetrokkenheid by skoolwerkzaamhede by staatsondersteunde skole en privaatskole. Alhoewel onder die term staatsondersteunde skole verstaan word die Model C-skooltipe asook plaasskole, bestaan daar 'n groot verskil tussen die twee skole, soos blyk uit die empiriese ondersoek.

Ten slotte is aanbevelings gedoen vir verdere navorsing.

Sleutelwoorde wat die inhoud van die studie dek :

FINANSIËLE BESTUUR, BEGROTING, SKOLE, STAATSBEHEERDE SKOOL,
STAATSONDERSTEUNDE SKOOL, PRIVAATSKOOL.

SUMMARY

FINANCIAL MANAGEMENT IN SCHOOLS : A COMPARATIVE STUDY BETWEEN STATE GOVERNED, STATE SUPPORTED AND PRIVATE SCHOOLS

The purpose of this study was to determine:

- * the nature of a state governed, state supported and private school, and those involved in the financial events in the three types of schools; and
- * the financial management task of a state governed, state supported and private school.

In the literature study the nature of state governed, state supported and private schools was discussed from a financial management perspective. Attention was paid to organisations involved in the financial management of the different types of schools. In the literature the financial management task of state governed, state supported and private schools was also examined, with special reference to:

- the principles of education management regarding finances;
- the budget of education management regarding finances;
- financial record-keeping, reporting and analysis; and
- financial resources.

An empirical investigation was undertaken by means of a structured mail questionnaire to determine the state of the financial management task in the three types of schools.

The most important findings originating from the literature study and empirical investigation, was the fact that state supported and private schools are managed strictly according to scientific management principles, which is to a lesser degree the case with state governed schools. In spite of the fact that principals of

state governed schools gave a positive indication of sound financial practices in their schools, there are aspects like parent involvement, that need to be addressed when compared to state supported and private schools. At many state governed schools there is no parent involvement, making the existence of parent management committees impossible. This is in contrast to a large degree of parent involvement in school activities at state supported and private schools. Although state supported schools include Model C-type of schools as well as farm schools, there is an important difference between these two types of schools, which is evident in the empirical investigation.

In conclusion, recommendations for further research were made.

Key words covering the contents of this study, are:

FINANCIAL MANAGEMENT, BUDGET, SCHOOLS, STATE GOVERNED SCHOOL, STATE SUPPORTED SCHOOL, PRIVATE SCHOOL.

INHOUDSOPGAWE

Opsomming.....	i
Summary.....	iii
Lys van tabelle.....	xiii
Lys van figure / diagramme.....	xv

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING

1.1 AGTERGROND.....	1
1.2 PROBLEEMSTELLING.....	2
1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING.....	3
1.4 METODE VAN NAVORSING.....	3
1.4.1 Literatuurstudie.....	3
1.4.2 Empiriese ondersoek.....	4
1.5 TERREIN VAN NAVORSING.....	4
1.6 VOORGESTELDE HOOFSTUKINDELING.....	4
1.7 STRUKTURERING VAN DIE SKRIPSIE.....	5
1.8 SAMEVATTING.....	7

HOOFSTUK 2

DIE AARD VAN 'N STAATSBEHEERDE SKOOL, STAATSONDERSTEUNDE SKOOL EN 'N PRIVAATSKOOL, VANUIT 'N FINANSIËLE BESTUURSPERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING..... 8

2.2 AGTERGROND..... 8

2.3 PRIVATISERINGSMOONTLIKHEDE IN 'N MODEL VIR ONDERWYSVOORSIENING IN SUID-AFRIKA..... 11

2.4 DIE STAATSBEHEERDE SKOOL IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL..... 17

2.4.1 Omskrywing..... 17

2.4.2 Agtergrondinligting met betrekking tot toestande in staatsbeheerde skole..... 17

2.4.3 Juridiese determinante vir die finansiële bestuur van die staatsbeheerde skool..... 19

2.4.4 Rolspelers by die staatsbeheerde skool se finansies..... 20

2.4.4.1 Die Staat..... 20

2.4.4.2 Die breë gemeenskap..... 21

2.4.4.3 Die ouergemeenskap..... 21

2.4.4.4 Die bestuursliggaam..... 22

2.4.4.5 Die skoolhoof..... 23

2.4.5 Finansiële nadele van die staatsbeheerde skool..... 23

2.4.6 Finansiële voordele van die staatsbeheerde skool... 23

2.5 DIE STAATSONDERSTEUNDE SKOOL IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL..... 24

2.5.1 Omskrywing..... 24

2.5.2 Agtergrond..... 24

2.5.3	Juridiese determinante vir die finansiële bestuur van die staatsondersteunde skool.....	26
2.5.3.1	Algemene wetgewing.....	26
2.5.3.2	Onderwyswetgewing.....	26
2.5.4	Rolspelers by die staatsondersteunde skool se finansies.....	30
2.5.4.1	Die Staat.....	30
2.5.4.2	Die breë gemeenskap.....	31
2.5.4.2.1	Die borgliggaam.....	31
2.5.4.2.2	Funksies van borgliggame.....	32
2.5.4.2.3	Probleme ten opsigte van werwing van borgliggame.....	33
2.5.4.3	Die ouergemeenskap.....	33
2.5.4.4	Die bestuursliggaam.....	35
	Bevoegdhede en verantwoordelikhede van 'n bestuursliggaam, gesien vanuit 'n finansiële bestuursperspektief.....	35
2.5.4.5	Die kerk.....	37
2.5.4.6	Die skoolhoof.....	38
2.5.5	Die staatsondersteunde skool as regspersoon.....	38
2.5.6	Voordele van 'n staatsondersteunde skool.....	38
2.5.7	Nadele van 'n staatsondersteunde skool.....	39
2.6	DIE PRIVAATSKOOL IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL.....	41
2.6.1	Omskrywing.....	41
2.6.2	Agtergrond.....	42
2.6.3	Juridiese determinante vir die finansiële bestuur van privaatskole.....	44
2.6.4	Rolspelers by die privaatskool se finansies.....	46
2.6.4.1	Die Staat.....	46
2.6.4.2	Die breë gemeenskap.....	46
2.6.4.3	Die ouergemeenskap.....	47
2.6.4.4	Die bestuursliggaam.....	47
2.6.4.5	Die kerk.....	47
2.6.5	Die probleem van elitisme en snobisme.....	47
2.6.6	Tipes privaatskole.....	48

2.6.6.1	Agtergrond.....	48
2.6.6.2	Christelik-volkseie Onderwys.....	48
2.6.6.2.1	Historiese begronding.....	48
2.6.6.2.2	Uitgangspunt van CVO-onderwys..	49
2.6.6.2.3	Die CVO-skoolmodel.....	49
2.6.6.2.4	Finansiering van CVO-skole.....	50
2.6.6.3	Rooms-Katolieke skole in Suid-Afrika.....	52
2.6.6.3.1	Agtergrond.....	52
2.6.6.3.2	Strukturering van Rooms-Katolieke skole in Suid-Afrika.....	52
2.6.7	Voordele en nadele van geprivatiseerde onderwys....	54
2.6.7.1	Voordele van geprivatiseerde onderwys.....	54
2.6.7.2	Nadele van geprivatiseerde onderwys.....	56
2.6.8	Samevatting.....	57

HOOFSTUK 3

DIE FINANSIËLE BESTUURSTAAK IN DIE STAATSBEHEERDE SKOOL, STAATSONDERSTEUNDE SKOOL, EN PRIVAATSKOOL

3.1	INLEIDING.....	59
3.2	DIE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS VAN ONDERWYSBESTUUR OP DIE TERREIN VAN FINANSIËLE ONDERWYSBESTUUR.....	60
3.2.1	Die aard van finansiële onderwysbestuur.....	60
3.2.2	Die aard, wese en terrein van finansiële onderwysbestuur.....	60
3.3	DIE BEPLANNING VAN SKOOLFINANSIES.....	61
3.3.1	Die begroting as finansiële beplanningsinstrument..	64
3.3.1.1	Wat is die begroting ?.....	64
3.3.1.2	Voor- en nadele van 'n begroting.....	64
3.3.1.2.1	Voordele verbonde aan die opstel van 'n begroting.....	64
3.3.1.2.2	Nadele van 'n begrotingstelsel.	66
3.3.1.3	Algemene funksies van die begroting.....	66

3.3.1.4	Die skoolfondsbegroting.....	67
3.3.1.5	Soorte skoolfondsbegrotings.....	68
3.3.1.5.1	Die kontantbegroting.....	68
3.3.1.5.2	Die kapitaalbegroting.....	71
3.3.1.6	Die partye betrokke by die opstel van die begroting.....	72
3.4	FINANSIËLE ORGANISERING.....	73
3.4.1	Omskrywing van organisering.....	73
3.4.2	Die organiseringsproses.....	73
3.4.3	Die subtake van organisering.....	75
3.4.3.1	Organisasiestruktuurskepping.....	75
3.4.3.2	Delegering.....	76
3.4.3.3	Koördinerings.....	76
3.4.4	Finansiële komitees.....	77
3.4.5	Rekenaarondersteuning.....	78
3.5	FINANSIËLE LEIDINGGEWING.....	79
3.5.1	Omskrywing van leidinggewing.....	79
3.5.2	Verhoudingstigting.....	80
3.5.3	Motivering.....	81
3.5.4	Kommunikasie.....	82
3.6	FINANSIËLE BEHEER.....	83
3.6.1	Omskrywing van beheer.....	83
3.6.2	Die belangrikheid van beheer.....	84
3.6.3	Die fokuspunte van beheer.....	85
3.6.4	Effektiewe finansiële beheer.....	86
3.6.5	Finansiële rekordhouding en verslaglewering.....	87
3.6.5.1	Finansiële rekordhouding.....	87
3.6.5.2	Finansiële verslaglewering.....	89
3.6.5.3	Finansiële jaarstate.....	90
3.6.5.3.1	Die balansstaat.....	90
3.6.5.3.2	Die inkomtestaat.....	91
3.6.5.3.3	Die kontantvloeistaat.....	93

3.7	ONDERWYSFINANSIERING.....	93
3.7.1	Belangrike beginsels by fondsinsamelings.....	93
3.7.1.1	Beeldbouprogram.....	94
3.7.1.2	Dienslewering aan die gemeenskap.....	94
3.7.1.3	Identifisering van spesifieke projekte....	94
3.7.1.4	Oorlading van die gemeenskap, ouers en sakeondernemings.....	94
3.7.1.5	Beplanning van fondsinsamelingsaksies.....	94
3.7.1.6	Skenkings van sakeondernemings.....	95
3.7.1.7	Voorstelle van ouers, bestuurslede, kollegas en vriende van die skool.....	95
3.7.1.8	Die stel van bereikbare doelwitte.....	95
3.7.2	Die generering van inkomste vir die skool.....	95
3.7.3	Slotgedagte.....	98
3.8	SAMEVATTING.....	99

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1	INLEIDING.....	100
4.2	DOEL VAN DIE ONDERSOEK.....	100
4.3	NAVORSINGSONTWERP.....	101
4.3.1	Meetinstrument.....	101
4.3.1.1	Die vraelys as meetinstrument.....	101
4.3.1.2	Konstruksie van die vraelys.....	102
4.3.2	Loodsvraelys.....	103
4.3.3	Finale vraelys.....	103
4.3.4	Populasie.....	103
4.3.5	Statistiese tegnieke en prosedures.....	104
4.3.5.1	Inleiding.....	104
4.3.5.2	Bepaling van frekwensies.....	104
4.3.5.3	Bepaling van effekgroottes.....	104

4.4	INTERPRETERING VAN DATA.....	105
4.4.1	Inleiding.....	105
4.4.2	Afdeling A : Biografiese gegewens.....	105
4.4.3	Afdeling B : Demografiese gegewens.....	108
4.4.4	Afdeling C : Vrae oor finansiële bestuur in die algemeen.....	110
4.4.5	Afdeling D : Vrae / stellings oor finansiële bestuur in die verskillende tipes skole.....	118
4.4.6	Bepaling van effekgroottes tussen die verskillende tipes skole.....	131
4.4.6.1	Vergelyking van effekgroottes (d-waardes) tussen die verskillende tipes skole, met betrekking tot biografiese- en demografiese gegewens.....	135
4.4.6.2	Vergelyking van effekgroottes (d-waardes) tussen die verskillende tipes skole, met betrekking tot vrae oor finansiële bestuur in die algemeen.....	137
4.4.6.3	Vergelyking van effekgroottes (d-waardes) tussen die verskillende tipes skole waar skoolhoofde 'n mening gee oor finansiële bestuur in hul eie skole.....	142
4.5	SAMEVATTING.....	150

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, OOREENKOMSTE EN VERSKILLE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1	INLEIDING.....	151
5.2	SAMEVATTING.....	151
5.3	BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS.....	153
5.3.1	Bevindings en gevolgtrekkings ten opsigte van die literatuurstudie.....	153

5.3.2	Bevindings en gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoek.....	157
5.3.2.1	Biografiese en demografiese gegewens : ..	157
	Ooreenkomste.....	157
	Verskille.....	158
5.3.2.2	Finansiële bestuur in die algemeen :	158
	Ooreenkomste.....	158
	Verskille.....	160
5.3.2.3	Menings van skoolhoofde oor finansiële bestuur in hul eie skole :	160
	Ooreenkomste.....	160
	Verskille.....	163
5.3.2.4	Samevattende gevolgtrekking.....	164
5.4	AANBEVELINGS.....	165
5.4.1	Aanbevelings ten opsigte van die navorsing.....	165
5.4.2	Aanbevelings vir verdere navorsing.....	167
5.5	SLOTOPMERKING.....	167
	BRONNELYS.....	168

LYS VAN TABELLE

TABEL 3.1

ABC-skoel. Kontantbegroting :

Januarie 19 x 1 - Desember 19 x 1..... 70

TABEL 3.2

Balansstaat..... 91

TABEL 3.3

Inkomstestate - hoe verskillende skoolmodelle vergelyk..... 92

TABEL 4.1

Vraelyste uitgestuur en terugontvang..... 104

TABEL 4.2

Biografiese gegewens..... 105

TABEL 4.3

Demografiese gegewens..... 109

TABEL 4.4

Vrae oor finansiële bestuur in die algemeen..... 111

TABEL 4.5

Vrae / stellings oor finansiële bestuur in die
verskillende tipes skole..... 120

TABEL 4.6

Gemiddeldes en standaardafwyking van die
verskillende tipes skole..... 133

TABEL 4.7

Vergelyking van d-waardes tussen die verskillende
tipes skole met betrekking tot biografiese en
demografiese gegewens..... 135

TABEL 4.8

Vergelyking van d-waardes tussen die verskillende
tipes skole oor finansiële bestuur in die algemeen..... 138

TABEL 4.9

Vergelyking van d-waardes tussen die verskillende
tipes skole waar skoolhoofde 'n aanduiding gee van
die wyses van finansiële bestuur in hul eie skole..... 143

LYS VAN FIGURE / DIAGRAMME

DIAGRAM 1.1
Strukturering van die skripsie..... 6

DIAGRAM 2.1
Die verwantskap tussen onderwysfilosofie van 'n land
en mate van privatisering..... 14

DIAGRAM 2.2
Strukturering van Rooms-Katolieke skole..... 53

FIGUUR 3.1
Die fokuspunte van beheer..... 86

HOOFSTUK 1

ORIËTERING

1.1 AGTERGROND

Schroeder (1989:4) meld 'n aantal jare gelede in 'n toespraak tydens die algemene jaarvergadering van die Vereniging van Onderwysbestuurders, dat dit geen profetiese gawe verg om te kan sê dat die onderwysbegroting in reële terme in die toekoms waarskynlik eerder sal krimp as sal styg nie. Hy meld ook dat die skoolhoof in die toekoms groter finansiële outonomie as tans sal hê. Slabbert (1992:13) meld verder dat daar alle aanduidings is dat die Staat nie kan voortgaan om alleen die stygende koste by staatskole te dra nie. La Grange (1991:1) is ook van mening dat die beskikbaarheid van finansies ongetwyfeld een van die grootste krisisse is wat die onderwys bedreig, terwyl Laurie (1992:44) meld dat daar reeds minder finansiële hulp van die owerhede vir skole kom. Dit lei volgens La Grange en De Wet (1993:82) tot verskerpte eise ten opsigte van die verkryging en die effektiewe aanwending van finansiële bronne. 'n Skool - 'n staatskool, 'n staatsondersteunde skool en 'n privaatskool - moet gevolglik al meer finansies self hanteer, administreer en bestuur.

Die skool het 'n verantwoordelikheid teenoor die Staat en die gemeenskap om die beskikbare geld ooreenkomstig wetenskaplike bestuursbeginsels aan te wend. Die wetenskaplike aanwending van onderwysfondse word getipeer as finansiële onderwysbestuur en het ten doel om die maksimum ekonomiese voordeel uit belegging in die onderwys te verkry, maar terselfdertyd met die behoud van opvoedingsnorme (Niemann 1990:417). Volgens Jonker (1994:2) moet 'n skool voortaan soos 'n winsgewende sakeonderneming bestuur word. Gesonde sakebeginsels sal aan die orde van die dag moet wees

om te verseker dat gehalte onderwys teen die laagste koste moontlik gebied kan word.

Word daar na die verskillende skooltipes in Suid-Afrika gekyk en veral na die finansieringsaspek van die skole, word 'n kontinuum verkry. Aan die een uiterste is daar die skole wat in totaal deur die gemeenskap gefinansier word, terwyl daar aan die ander punt van die spektrum die skole is wat in totaal deur die Staat in stand gehou word (Henning 1993:41, Jonker 1994:2). Met die instelling van die staatsondersteunde skooltipe het daar 'n belangrike verskuiwing plaasgevind sodat onderwysbeheer, -bestuur, -finansiering, -aanspreeklikheid, -verantwoordelikheid en vele ander sake in 'n baie groter mate vanaf die Staat oorgedra is na die skool en sy plaaslike gemeenskap (Van Schalkwyk en Oosthuizen 1994:139). Albrechts (1992:31) meen ook dat die instelling van die staatsondersteunde skooltipe die ouergemeenskap voor die keuse plaas om groter finansiële verantwoordelikheid vir hul skole te aanvaar in ruil vir groter outonomie.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Dit blyk uit die inleiding dat die hoof/bestuursliggaam 'n groot finansiële verantwoordelikheid het met betrekking tot onderwysfinansies, en dat groot eise aan die skoolbestuur se finansiële bestuurskundigheid gestel word.

Vanuit 'n **finansiële bestuursperspektief** moet antwoorde gevind word vir die volgende vrae :

- * Wat is die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool? Watter instansies is betrokke by die finansiële bestuur van hierdie verskillende tipes skole?

- * Hoe vergelyk die skoolhoof/bestuursliggaam se finansiële bestuursverantwoordelikheid tussen die drie tipes skole?

1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Doelwit 1 : Om uit die bestaande literatuur vas te stel wat die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool, en 'n privaatskool is en om vas te stel wie betrokke is by die finansiële gebeure in die drie tipes skole, en wat hul rolle is.

Doelwit 2 : Om uit die bestaande literatuur die finansiële bestuurstaak in 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool, en 'n privaatskool te ondersoek, met besondere verwysing na :

- die beginsels van onderwysbestuur op die finansiële terrein;
- die begroting as finansiële bestuursinstrument;
- finansiële rekordhouding, verslaglewering en ontleding; en
- finansieringsbronne.

Doelwit 3 : Om empiries vas te stel hoe die finansiële bestuurstaak in die drie tipes skole lyk. Die metode van vergelyking en relevante statistiese tegnieke daarvoor, sal gebruik word.

1.4 METODE VAN NAVORSING

1.4.1 Literatuurstudie

Om die eerste twee doelwitte te bereik, sal daar van primêre en sekondêre bronne (boeke en tydskrifte) uit die literatuur gebruik gemaak word. Gegewens só versamel, sal geweeg en geëvalueer word, waarna daar tot enkele gevolgtrekkings gekom sal word.

'n Rekenaarsoektog met behulp van die DIALOG-stelsel is onderneem met die volgende trefwoorde :

FINANSIËLE BESTUUR, BEGROTING, SKOLE, EDUCATIONAL FINAN *, FINANCE / BUDGET * and SCHOOL * , STAATSONDERSTEUNDE SKOOL, STATE AIDED SCHOOL, STATE SCHOOL, STAATSBEHEERDE SKOOL, PRIVATE SCHOOL, PRIVAATSKOOL.

Genoegsame bronne was beskikbaar ten opsigte van die beplande navorsing.

1.4.2 Empiriese ondersoek

Op grond van die literatuurstudie sal 'n gerekenariseerde posvraelys gestuur word aan al die hoofde van die skole (n=136) in die Klerksdorp-distrik van die Suidelike Streek van die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika. Die data wat so verkry is, sal statisties verwerk word deur toepaslike statistiese tegnieke wat met die hulp van die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens gekies sal word.

1.5 TERREIN VAN NAVORSING

Die navorsing word beperk tot finansiële bestuur van fondse geïnd deur die verskillende tipes skole, en nie fondse wat vanaf owerheidsweë op makrovlak aan skole toegedeel word nie.

1.6 VOORGESTELDE HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1

Oriëntering.

Hoofstuk 2

Die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool, vanuit 'n finansiële bestuursperspektief.

Hoofstuk 3

Die finansiële bestuurstaak in die staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en privaatskool.

Hoofstuk 4

Empiriese ondersoek.


Hoofstuk 5

Samevatting, ooreenkomste en verskille, gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.7 STRUKTURERING VAN DIE SKRIPSIE

'n Diagrammatiese hoofstukindeling, wat 'n oorsig verskaf oor die struktuur en verloop van die navorsing, word getoon in Diagram 1.1 op bladsy 6.

Diagram 1.1 STRUKTURERING VAN DIE SKRIPSIE



1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangetoon dat die Staat nie kan voortgaan om alleen die stygende koste by staatsbeheerde skole te dra nie, wat ook aanleiding gee tot die ontstaan van die staatsondersteunde skooltipe. Word daar na die verskillende skooltipes in Suid-Afrika gekyk en veral na die finansieringsaspek van die skole, word 'n kontinuum verkry. Aan die een uiterste is daar die skole wat in totaal deur die Staat gefinansier word, terwyl daar aan die ander punt van die spektrum die skole is wat in totaal deur die gemeenskap gefinansier word. Die instelling van die staatsondersteunde skooltipe plaas die ouergemeenskap voor die keuse om groter finansiële verantwoordelikheid vir hul skole te aanvaar in ruil vir groter outonomie.

Die probleemstelling, doel met die navorsing, metode van navorsing en terreinafbakening, het ook onder die loep gekom.

In Hoofstuk 2 word die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool vanuit 'n finansiële bestuursperspektief bespreek. Vervolgens word kortliks gekyk na privatisering as moontlike oplossing vir die finansieringsprobleem, juridiese determinante, rolspelers, asook voor- en nadele van bogenoemde drie tipes skole.

HOOFTUK 2

DIE AARD VAN 'N STAATSBEHEERDE SKOOL, STAATSONDERSTEUNDE SKOOL EN 'N PRIVAATSKOOL, VANUIT 'N FINANSIËLE BESTUURSPERSPEKTIEF

2.1 INLEIDING

Word daar na die verskillende skooltipes in Suid-Afrika gekyk en veral na die finansieringsaspek van die skole, word 'n kontinuum verkry. Aan die een uiterste is daar dié skole wat totaal deur die gemeenskap gefinansier word, terwyl aan die ander punt van die spektrum dié skole is wat totaal deur die Staat in stand gehou word (Henning 1993:41, Jonker 1994:10).

In hierdie hoofstuk word die aard van die **staatsbeheerde, staatsondersteunde** en **privaatskool** vanuit 'n finansiële bestuursperspektief in oënskou geneem. Eerstens word gekyk na **privatisering** as moontlike oplossing van die finansieringsprobleem van die onderwys in Suid-Afrika. Daarna word elk van die drie tipes skole afsonderlik beskou met **agtergrondinligting** wat eie is aan elk van die tipes skole. Verder word daar gefokus op enkele **juridiese determinante**, en die verskillende **rolspelers** wat belang het by die drie tipes skole se finansies. Voorts word ook gekyk na enkele **voor- en nadele** van bogenoemde drie tipes skole, en ook gefokus op enkele **tipes privaatskole**.

2.2 AGTERGROND

Die 1993/1994 staatsbegroting het voorsiening gemaak vir 'n bedrag

van R22,7 biljoen vir onderwys. Dit verteenwoordig 19,9% van die totale staatsbesteding (Anon, 1993c:58). Tans verbruik onderwys 19% van die totale staatsbegroting en ongeveer 6% van die land se bruto binnelandse produk (BBP), en blyk dit dat dit die maksimum is wat die Staat aan onderwys kan bestee, hoewel dit nie naastenby voldoen aan die behoeftes nie. Om onderwysbesteding vir alle skole tot op die vlak van die tradisioneel blanke skole te bring, sal 'n beraamde 50% van die totale staatsbegroting beslaan (Pillay 1995:16-17).

Albrecht (1992:31) berig dat dit reeds aan die begin van 1992 duidelik was dat die Regering nie meer finansieel in staat was om die 2441 oorwegend wit staatskole met hul ruim geriewe en sportterreine in stand te hou en die salarisse van 52000 wit onderwysers te betaal nie. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van die Model C-opsie waarvolgens veral blanke ouergemeenskappe voor die keuse geplaas is om groter finansiële verantwoordelikheid vir hul skole te aanvaar in ruil vir groter outonomie.

Die standpunt dat die Staat gratis onderwys moet voorsien, is volgens Stone (1993:10) 'n uitgediende beskouing. Daar word algemeen aanvaar dat die Staat 'n primêre finansiële verantwoordelikheid het ten opsigte van basiese onderwys, of die fase van verpligte onderwys.

Volgens Albrecht (1992:33) spreek die Demokratiese Party sy teenkanting uit teen Model C-skole, by monde van Roger Burrows (L.P. vir Pinetown), maar erken dat dit in 'n nuwe politieke bestel gebruik kan word as 'n doeltreffende herverdelingsmeganisme. Burrows voorsien in 'n nuwe politieke bestel :

- staatskole wat ten volle deur die Staat befonds word;
- staatsondersteunde, oftewel semi-private skole; en
- private skole;

Die Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding (SA 1994:51), sien die situasie egter nie so eenvoudig as Albrecht nie. Party departemente het meer as drie kategorieë skole. Verskillende

departemente gebruik verskillende terme om dieselfde konsep te beskryf, soos byvoorbeeld regerings-, staats- en publieke skole. Die term **staatsondersteunende**, wat in verskillende departemente gebruik word, dek 'n verskeidenheid tipes skole. Party privaatskole ontvang staatsubsidies van tot vyftig persent, maar word nie as "staatsondersteunend" geklassifiseer nie.

Die Staat subsidieer die salarisse van personeel by private skole met tot 45% van die skool se salarisbegroting. 'n Staatsondersteunde skool kry 'n subsidie wat die volle salarisse van die toegewysde personeel dek, maar nie die bedryfskoste van die skool nie. Salarisse by 'n staatsondersteunde skool beslaan ongeveer 75% tot 80% van 'n skool se bedryfsbegroting (Slabbert 1992:12). Die staatsbeheerde skool word hoofsaaklik deur die Staat gefinansier, maar ouers dra vrywillig by tot 'n skoolfonds wat hoofsaaklik aangewend word vir sport- en kultuuraangeleenthede (Jonker 1994:10).

Die Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding (SA 1994:51), toon wesenlike verskille tussen departemente ten opsigte van die persentasie kinders by staat- en staatsondersteunde skole. Dit beteken dat die basis van staatsbefondsing van skoolonderwys van departement tot departement verskil, en so ook die omvang van finansiële bydraes wat deur ouers of die gemeenskap vir skoolonderwys gemaak word. Syfers vir 1992/1993 toon byvoorbeeld dat :

- * in die voormalige selfregerende gebiede het gemeenskapsskole ('n tipe staatsondersteunde skool), sewe en tagtig persent van alle skole en alle leerlinggetalle uitgemaak;
- * in die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding het staatsondersteunde skole (hoofsaaklik plaasskole), sewentig persent van alle skole uitgemaak, maar minder as drie persent van alle leerlinggetalle, terwyl publieke skole (staatskole) minder as dertig persent van skole, maar ses en negentig persent van leerlinggetalle uitgemaak het;

- * in die voormalige Raad van Afgevaardigdes het staatskole meer as negentig persent van, sowel leerlinggetalle as skole uitgemaak;
- * in die voormalige Raad van Verteenwoordigers het staatsondersteunde (hoofsaaklik kerk-) skole vier en veertig persent van alle skole uitgemaak;
- * in die voormalige Volksraad het staatsondersteunde (Model C-) skole vier en negentig persent van sowel skole as leerlinggetalle uitgemaak; en
- * privaatskole het minder as vier persent van skole en leerlinggetalle uitgemaak in die voormalige Volksraad, en nie meer as een tot twee persent elders nie.

2.3 PRIVATISERINGSMOONTLIKHEDE IN 'N MODEL VIR ONDERWYSVOORSIENING IN SUID-AFRIKA

Privatisering word deur Walters (1991:190) omskryf as 'n vorm van onderwysvoorsiening wat nie primêr deur die Staat bedryf en gefinansier word nie, maar wat op die een of ander wyse, benewens die geld wat ouers betaal, bykomende finansiering ontvang. Hierdie finansiering kan afkomstig wees van die Staat, borgliggame (soos kerke), stigtings, trusts, ander organisasies, of kombinasies daarvan.

Slabbert (1992:13) berig dat enkele staatsondersteunde skole reeds "privatiseer" deur hul sale vir geleentheid te verhuur en hul snoepwinkels deur ondernemende ouers te laat bedryf. King (1989a:67) sluit hierby aan met haar stelling dat finansiële verantwoordelikheid en finansiële dissipline gekoppel moet word aan vryer keuses. Die natuurlike voortvloei van innovasie en kreatiwiteit om plaaslike dilemmas te hanteer, kan lei tot opwindende resultate.

Pienaar (1993:16) meld dat daar dringend gekyk moet word na finansieringsmodelle wat die volgende in ag neem :

- * om agterstande uit te wis oor 'n periode wat finansieel haalbaar is;
- * 'n redelike leerder- / opvoederverhouding wat op 32:1 en 35:1 vir sekondêre en primêre onderwys onderskeidelik gestel word;
- * die uitvalsyfer van leerlinge - dit is finansieel onhaalbaar om leerlinge onbeperk binne die stelsel te akkomodeer;
- * verpligte onderwys van ± 6 tot 16-jarige ouderdom, beteken dat ± 1,5 miljoen leerlinge tot die huidige getalle bygevoeg sal word as die jaar 2003 die teikendatum is;
- * skoolgeboue wat funksioneel moet wees;
- * die vraag oor die beskikbaarheid van die noodsaaklike fondse;
- * groter klasgroepe vir sekere groepeerings en kleiner vir ander wat tradisioneel die probleem van groot klasgroepe moes ervaar;
- * 'n vryer beweging van opvoeders binne die stelsel; en
- * die staat sal realisties moet wees ten opsigte van die keuse van die ouer oor die tipe skool en sal daarvoor erkenning moet gee.

Walters (1991:188) beklemtoon dit sterk dat die privaatsektore en die nie-onderwyssektore van die Staat op die een of ander gestruktureerde wyse sal moet bydra tot skoolonderwysvoorsiening en dat die privatisering van sekere onderwysdienste onafwendbaar is indien Suid-Afrika wil oorleef. Om aan te sluit by bogenoemde, sien Kruger en De Witt (1990:328) privatisering in een of ander vorm as 'n moontlike oplossing vir die finansieringsprobleem van die onderwys. Die instelling van onderriggelde in die blanke onderwys word deur Wet 70 van 1988 moontlik gemaak. Artikel 102(1) lui soos volg : "Die ouer van 'n leerling wat tot 'n openbare skool of sentrum toegelaat is, betaal die onderriggelde wat die Minister, met die instemming van die Minister van Begroting en Werke, bepaal."

King (1989b:63) bepleit 'n nuwe benadering tot onderwysfinansiering. Enersyds moet die owerhede bereid wees om van sy gesag af te staan en andersyds moet plaaslike gemeenskappe wie se kinders betrokke is, die verantwoordelikheid van die opvoeding van die kinders aanvaar. Om die benadering te formaliseer, word die begrip "half-privatisering", ingevoer. Dit behels die gedeeltelike inwerkingstelling van die vryemarkmeganisme.

Privatisering berus volgens King (1989a:66) op drie beginsels, naamlik :

- * om die rol van die owerheid van 'n verskaffer na 'n fasiliteerder van produkte en dienste te verander;
- * om verbruikers aan te moedig om dienste in die privaatsektor eerder as in die openbare sektor te bekom; en
- * om die sogenaamde belangekoalisies (burokrasieë en verbruikers) wat voortdurend druk uitoefen om staatsbesteding te verhoog, te verswak.

Johnson (1987:7) en Walters (1991:188) toon dat die mate van privatisering van die onderwys afhang van die onderwysfilosofie van 'n land - 'n filosofie wat afhang van die politieke ideologie van die regering van die dag. Hierdie verwantskap tussen regeringsideologie en private onderwys en die implikasie wat dit vir ouerkeuse inhou, kan die beste aan die hand van Diagram 2.1 voorgestel word.

Diagram 2.1 DIE VERWANTSKAP TUSSEN ONDERWYSFILOSOFIE VAN 'N LAND EN MATE VAN PRIVATISERING

	1	2	3	4	5	6
Polities-ideologiese kontinuum	Kollektivisties-Sosialisties				→	Individuele Demokraties
Onderwysvoorsieningsbeleid	Gesentraliseerde staatstelsels- sekulêr	Staatstelsel- sekulêr maar voorsiening vir onderwys in godsdiens- tige (kerk-) verband	Staatsonderwys vryelik beskikbaar; Privaatskool- opsie op eie koste; Geen staats- ondersteuning; Sentrale akkreditering	Soos by 3, maar beperkte staatsteun vir goedgekeurde privaatskole	Gratis staatsonderwys beperk tot laer vlakke Staatsteun vir private skole	Geen staats- onderwys Staatsgeld finansier onderwyskoe- pons vir gesinne Vrye mark van kompeterende privaatskole
Rol van geprivatiseerde onderwys	Bestaan nie	Bestaan nie	Kompeterend	Kompeterend Komplementêr	Komplementêr	Algemeen Universeel
Ouerkeuse	Geen	Keuse tussen sekulêre onderwys en kerkverband	Keuse tussen staatskool en privaatskool indien bekostigbaar	Soos by 3, maar volle koste nie deur ouer gedra nie	Keuse tussen staat en privaat op laer vlakke; Staatsteun gewoonlik aan middeletoets gekoppel	Ouerkeuse noodsaaklik; Bykomende eie finansiering vermeerder opsies

Aan die een uiterste van die kontinuum kry ons die kollektivistiese sosialistiese filosofie waar skole totaal deur 'n gesentraliseerde staatstelsel in stand gehou word met geen ouerkeuse, met aan die ander uiterste van die kontinuum die individualisties-demokratiese filosofie waar onderwys totaal deur die gemeenskap gefinansier word met geen staatsonderwys en 'n vrye mark van kompeterende privaatskole (Johnson 1987:6).

Die mate waartoe gesag afgewentel is en die mate waartoe die opvoedingsinstansie van die Staat afhanklik is vir finansiering, bepaal die posisie van die skool op die kontinuum (Van Heerden 1990:36).

Walters (1991:190) stel die volgende vier vereistes vir 'n toekomstige onderwysvoorsieningstelsel vir Suid-Afrika :

- * Die stelsel moet vir die breë bevolking polities aanvaarbaar wees, dit wil sê "legitiem" wees. Die aanvaarbaarheid van enige nuwe stelsel moet minstens gerugsteun wees deur nie-diskriminasie, pariteit van besteding, geriewe en middele, nasionale standaarde en sertifisering, en vergelykbare gehalte van opvoeders.
- * Dit moet voldoen aan ekonomiese, ontwikkelings- en mannekrag-behoeftes van die land.
- * Die algemene standaard moet van so 'n aard wees dat Suid-Afrika ekonomies en andersins kompetend kan bly, minstens in vergelyking met sy vernaamste handelskonkurrente.
- * Die stelsel moet bekostigbaar wees vir sowel die Staat as die ouer, dit wil sê staatfinansiering moet beperk word tot nagenoeg twintig persent van die nasionale begroting, en die ouerverpligting moet rekening hou met die lae gemiddelde vlak van inkomste van die meerderheid ouers.

Alhoewel die algehele privatisering van onderwys in Suid-Afrika nie verseker op die kort termyn voorsien kan word nie, is dit tog duidelik dat 'n afdoende oplossing gevind sal moet word om die las van onderwysfinansiering in 'n groter mate op die gemeenskap, dit wil sê die skoolvlak, af te wentel (Berkhout 1991:343).

Die Hersieningskomitee oor die Organisasie, Beheer en Finansiering van Skole (Hunter-komitee : 1995:44-45) se verslag wat op 31 Augustus 1995 verskyn het, bevat ingrypende voorstelle oor onder meer die toekomstige rol van Model C-skole. Enkele voorstelle wat in die verslag na vore gekom het, word genoem :

- * Die verslag stel twee kategorieë skole voor, naamlik **openbare skole** en **private skole**.
- * Die bestuursliggaam sal die mag hê om skooltye vas te stel; om 'n gedragskode vir die skool op te stel; te besluit oor die gemeenskap se gebruik van die skool se geriewe, en die reg hê om met die provinsiale owerheid te onderhandel oor verdere magte soos byvoorbeeld die onderhoud van geboue, die aankoop van handboeke en toerusting.
- * Die verslag stel dit duidelik dat die finale besluit oor die aanstelling van onderwysers by die provinsiale owerheid berus, maar die bestuursliggaam kan egter 'n aanbeveling doen oor aanstellings.

Die verslag lê klem daarop dat alle ouers wat oor die vermoë beskik, op 'n glyskaal vir die onderwys van hul kinders moet betaal. Gratis verpligte onderwys word gebied aan diegene wat dit nie kan bekostig nie (Hunter 1995:79).

Wat onafhanklike privaatskole betref, word aanbeveel dat die huidige subsidiestelsel sal voortgaan onder sekere voorwaardes, maar in geen omstandigheid mag die subsidie die per kapita uitgawe per leerling van openbare skole oorskry nie (Hunter 1995:83).

Van Der Merwe (1995b:1) kritiseer die Hunter-verslag met sy mening dat Model C-skole gereduseer word tot 'n naamlose onderafdeling van openbare skole, wat saam met privaatskole die enigste twee skoolkategorieë sal wees. Die magte van bestuursliggame word ingeperk, en die bekendmaking van die verslag sal vermoedelik maar die begin wees van die moeilike pad wat oor die volgende jare vir die tradisioneel Model C-skole sal voorlê.

2.4 DIE STAATSBEHEERDE SKOOL IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL

2.4.1 Omskrywing

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 1991:1058) definieer 'n staatskool as 'n openbare skool deur die staat gefinansier en beheer.

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 70 van 1988 beskryf 'n **openbare skool** as 'n pre-primêre skool, primêre skool, sekondêre skool, gekombineerde skool, skool vir buitengewone onderwys, nywerheidskool, en 'n verbeteringskool.

2.4.2 Agtergrondinligting met betrekking tot toestande in staatsbeheerde skole

Die meeste staatsbeheerde skole is beheer deur die voormalige Departement Onderwys en Opleiding. Hierdie departement is beskou as 'n verlengstuk van die Nasionale Party en is met wantroue bejeën, en was nie vir die breë bevolking aanvaarbaar nie. Baie min effektiewe onderwys het sedert 1976 in dié skole plaasgevind en 'n leerkultuur was totaal afwesig (Anon 1992b:58). In navorsing oor bestuursfaktore wat die werkstevredenheid van swart onderwysers beïnvloed, word ook melding gemaak van die afwesigheid van 'n positiewe leerkultuur. Leerlinge het onderrig geweier, eise gestel, klasse ontwrig, en nie skool bygewoon nie (Du Toit 1994:47).

In teenstelling met bogenoemde, berig Merbold (1995:2) dat die Departement Onderwys en Opleiding (Diamantveld-streek), se afgelope matriekeksamenuitslae (November 1994) baie beter was as in die verlede. Dié skole is stadig besig om 'n leerkultuur te ontwikkel. Die skole waar daar dissipline is en waar 'n leerkultuur teenwoordig is, het die beste uitslae gelewer. Ritchie (1994:19) berig dat matrikulante van die Luhlaza Senior Secondary School in Khayelitsha met 'n 92% slaagsyfer spog.

Navorsing gedoen by die Vrystaatse Universiteit gedurende 1990 het die volgende realiteite na vore gebring met betrekking tot toekomstige onderwysvoorsiening in staatsbeheerde skole in Suid-Afrika (Anon 1993b:57) :

- * Die getal swart leerlinge in staatsbeheerde skole vermeerder teen 'n tempo van 250 000 per jaar.
- * Om te voldoen aan die behoeftes van hierdie toename in leerlinggetalle, moet daar driehonderd nuwe skole per jaar gebou word, en ook 8000 nuwe onderwysers per jaar aangestel word.
- * Meer as die helfte van die getal swart leerlinge op skool is in standerd 2 of laer.
- * Die leerkragte in baie van hierdie skole is ongedissiplineerd en het geen leerkultuur nie.

Die meeste onderwysers in staatskole (veral swart skole) het 'n gebrekkige opleiding gehad. Met 'n amptelike norm vir 'n gekwalifiseerde onderwyser gestel op 'n standerd 10-sertifikaat en drie jaar professionele opleiding (M+3), is in 1988 bevind dat vier-vyftes van onderwysers in swart skole nie die kwalifikasie besit nie (Hofmeyr en Jaff 1992:171).

Graham-Brown (1991:273) deel bogenoemde siening oor swak en gebrekkige opleiding van onderwysers en meld ook dat swak werksomstandighede en 'n ewigdurende tekort aan geld, nie positief kan inwerk op 'n toekomstige onderwysvernuwingstrategie nie. In teenstelling met bogenoemde meld Landman (1989:61) dat die gehalte van die werklewe (onder meer werksomstandighede, eise, en uitdagings) van die onderwyser een van die fundamentele komponente is van die praktiserende onderwyser se professionaliteit. Die Staat het 'n verantwoordelikheid om deur relevante wetgewing te sorg dat die onderwyser se werksomstandighede bevorderlik sal wees vir professionele dienslewering.

2.4.3 Juridiese determinante vir die finansiële bestuur van die staatsbeheerde skool

Die juridiese determinante wat 'n invloed het op die bestuursaktiwiteite van die skoolhoof in die openbare skool word vervat in die volgende artikels en regulasies van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 70 van 1988 :

Artikel 101: Instelling en beheer van skool- en koshuisfondse

- (1) Die onderwyshoof kan vir 'n openbare skool 'n skoolfonds, en vir 'n koshuis 'n koshuisfonds, instel om :
 - (a) vir daardie skool of koshuis die geriewe te voorsien wat hy in die algemene belang van die openbare skool of koshuis nodig ag; en
 - (b) die opvoedkundige belange van die leerlinge van daardie skool of koshuis bevorder met dien verstande dat alle bydraes tot so 'n fonds vrywillig is;

- (2) In 'n skool- of koshuisfonds , ingestel kragtens subartikel (1), word gestort :
 - (a) skool- en koshuisfondsbydraes wat op die voorgeskrewe wyse ingevorder word;
 - (b) rente uit beleggings verdien; en

(c) geld wat die openbare skool of koshuis uit enige ander bron ontvang.

(3) 'n Skool- of koshuisfonds kragtens subartikel (1) ingestel, word beheer en bestuur deur die raad van die betrokke openbare skool of koshuis, en die geld word van rekenskap gegee of mee gehandel soos beoog in artikel (2) (1A) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975).

Artikel 102: Onderrig- en losiesgelde

(1) Die ouer van 'n leerling wat tot 'n openbare skool toegelaat is, betaal die onderriggelde wat die Minister, met die instemming van die Minister van Begroting, bepaal.

(3)(a) Verskillende onderriggelde kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van verskillende openbare skole en sentrums bepaal word.

(3)(b) Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Begroting, enige leerling of kategorie leerlinge, in die geheel of gedeeltelik vrystel van die betaling van enige sodanige gelde.

2.4.4 Rolspelers by die staatsbeheerde skool se finansies

2.4.4.1 Die Staat

Die Staat is verantwoordelik vir die finansiering van die staatsbeheerde skool en oefen kontrole uit oor die aktiwiteite van die tipe skool (Enslin 1992:62). Jonker (1994:10) meld ook dat die staatsbeheerde skool hoofsaaklik deur die Staat gefinansier word, maar voeg by dat ouers vrywillig bydra tot 'n skoolfonds wat hoofsaaklik aangewend word vir sport- en kultuuraangeleenthede.

2.4.4.2 Die breë gemeenskap

Schoeman (1992:17-18) stel die ideaal dat die gemeenskap die staatsbeheerde skool moet sien as "our school", en dat die skool 'n integrale deel van die gemeenskap is. Van der Walt (1992:18) sluit by Schoeman aan met sy pleidooi dat die plaaslike owerhede ernstig aandag daaraan moet skenk om 'n gemeenskapskas tot stand te bring. Die ouers, die bestuursliggaam en die ganse gemeenskap waarin die skool hom bevind, sal in 'n vennootskap moet gaan om die skool in stand te hou en die minder gegoede lede in die gemeenskap te steun. Die breë gemeenskap is per slot van rekening die gebruikers van die onderwys.

2.4.4.3 Die ouergemeenskap

Volgens Van Schalkwyk (1990:94) kan ouers op 'n geordende wyse deur middel van verskillende werkkomitees van die plaaslike ouervereniging by die skool, asook op 'n direkte wyse deur 'n klasonderwyser, by die klasaktiwiteite betrek word. 'n Plaaslike nie-statutêre ouerliggaam word normaalweg op die volgende wyse op drie vlakke georden, naamlik :

- op makrovlak, deur 'n sentrale bestuur;
- op middelvlak, deur werkkomitees; en
- op mikrovlak, deur subkomitees van die werkkomitees.

Werkkomitees is behulpsaam met die beplanning en uitvoering van projekte soos fondsinsamelings, sport, kultuur, geboue, terreine, sekuriteit, vervoer, nasorgsentrum en biblioteek.

Theron en Bothma (1988:164) meld ook dat die skoolhoof ouers se meeleving in schoolsake so sal koördineer dat hulle 'n positiewe en daadwerklike bydrae kan lewer in belang van die kind in die besonder, en die skool in die algemeen. Met fondsinsamelings is dit vir Theron en Bothma (1988:42) belangrik dat realistiese eise gestel word en dat dit in ooreenstemming met die vermoëns van die ouergemeenskap sal wees.

In teenstelling met bogenoemde berig Anon (1994a:24) dat in baie staatskole daar geen ouerbetrokkenheid is nie, wat gevolglik die bestaan van ouer-bestuurskomitees onmoontlik maak. Die moontlike redes vir die gebrek aan ouerbetrokkenheid in staatsbeheerde skole (asook in privaatskole) in die swart gemeenskappe, word deur Bot (1991:67) saamgevat :

- * Daar is nie by die swart gemeenskap 'n tradisie van ouerbetrokkenheid nie.
- * Die geletterdheidsvlak van ouers is in die meeste gevalle laer as die van hul kinders.
- * Werkomstandighede, veral lang ure, verhoed dat hulle baie tyd het om af te staan aan die skool. Saterdagoggende is die enigste tyd wat hulle het om inkopies te doen.
- * Sommige ouers is glad nie daarvoor te vinde om betrokke te raak by skoolaangeleenthede nie.

Schoeman (1992:17-18) wil ouerbetrokkenheid bewerkstellig en bevorder deur die gereelde uitstuur van vraelyste, om te toets hoe die ouers voel oor 'n saak, hulle uitnoui om voorstelle te doen, asook 'n oopdeur-beleid te volg.

2.4.4.4 Die bestuursliggaam

Die bestuursliggaam van die staatsbeheerde skool tree slegs in 'n adviserende hoedanigheid op. Die Staat beheer die skool en betaal vir bedryfsuitgawes en die salarisse van onderwysers (Jonker 1994:13). Die bestuursliggaam word volgens demokratiese beginsels deur die ouers van die skool gekies en is enersyds die amptelike skakel tussen die skool en die onderwysdepartement en andersyds die amptelike verteenwoordiger van die ouers en die amptelike skakel tussen ouers en skoolhoof (Theron en Bothma 1988:166).

2.4.4.5 Die skoolhoof

Die skoolhoof en sy bestuurspan is in die geval van die staatskool 'n skakel tussen die Staat/onderwysdepartement aan die een kant en onderwysers/ouergemeenskap aan die ander kant (Van Schalkwyk en Oosthuizen 1994:139). Die skoolhoof van die staatsbeheerde skool het 'n beperkte finansiële funksie. Hierdie funksie is beperk tot bepaalde fasette van die verkryging van skoolfonds en die aanwending daarvan. Finansiële bestuur deur die skoolhoof is derhalwe van relatief beperkte omvang (Berkhout 1991:343).

2.4.5 Finansiële nadele van die staatsbeheerde skool

* Die Regering kan nie twaalf jaar gratis onderwys aan alle leerlinge bekostig nie, maar daar is 'n moontlikheid van gratis onderrig in primêre staatsbeheerde skole (Anon 1993a:19). Die nuutste beskikbare inligting dui daarop dat die Regering verbind is tot die voorsiening van algemene onderwys vir alle kinders, van 'n beginnersklas tot graad 9 (standerd 7). Daar word dikwels na hierdie oogmerk verwys as die voorsiening van "tien jaar gratis verpligte onderwys vir almal" (SA 1995a:77). Die verbintenis tot die voorsiening van gratis en verpligte algemene onderwys het groot implikasies vir toegang, gehalte, billikheid, en doeltreffendheid in die onderwysstelsel, en die volhoubaarheid van finansiële bronne (SA 1994:56).

* Daar is staatsbeheerde skole wat vrywillige skoolfondsbydraes vra van R1200 en meer per jaar, om sodoende addisionele onderwysers en geriewe te voorsien, wat nie deur die Staat voorsien word nie (Anon 1992a:30).

2.4.6 Finansiële voordele van die staatsbeheerde skool

Die Minister van Onderwys is verbind tot die voorsiening van tien jaar gratis en verpligte algemene onderwys, en hy moet verseker dat alle burgers van die land toegang het tot onderwys van 'n gelyke

gehalte (SA 1995a:77). Hierdie verbintenis kan die vrese van die arm gemeenskappe in Suid-Afrika besweer.

2.5 DIE STAATSONDERSTEUNDE SKOOL IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL

2.5.1 Omskrywing

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT 1991:1058) definieer 'n staatskool as 'n openbare skool deur die Staat gefinansier en beheer, terwyl staatsondersteuning dui op 'n instansie wat geldelik deur die Regering gesteun word.

2.5.2 Agtergrond

Die Model C staatsondersteunde-skooltipe, wat 94 persent van die voormalige Volksraad-skole uitmaak, is die skole wat die beste hulpbronne het en met die hoogste konsentrasie gekwalifiseerde onderwysers. Die voormalige Volksraad-subsidie gebaseer op lae leerling-onderwyserverhoudings, is verreweg die ruimste vir alle departemente. Die koste per leerling van Model C-skole is omtrent drie keer die nasionale gemiddelde, ten spyte van die feit dat skoolbeheerliggame verantwoordelik is vir die delging van nie-personeelkoste. Bykans die helfte van die verskil kan toegeskryf word aan die feit dat onderwysers in Model C-skole oor kwalifikasies beskik wat goed bo die nasionale gemiddelde is, met salarisse wat daarby pas (SA 1994:52).

Verder word die staatsondersteunde skole gekenmerk deur 'n gesonde leerkultuur en 'n stabiele onderwysomgewing. Ouers soek kwaliteit en verlang kundige diens. Enkele faktore wat goeie leer bevorder, word deur Stone (1993:12) genoem :

- die teenwoordigheid en die ywer van akademies- en professioneel goed opgeleide onderwysers;

- die ondersteunende betrokkenheid van die gemeenskap;
- ouerinvestering in die skool;
- die natuurlike koppeling van onderrig met die eie taal, kultuur en geloof;
- die beklemtoning van standarde en prestasie;
- die hoë prioriteit wat aan die geestelike welsyn van die jeug verleen word, veral die oorlewing van Christelike beginsels en hoë sedelike waardes; en
- die strewe om ons kinders se geluk te bevorder en hul talente optimaal te ontwikkel vir 'n hoogs gesofistikeerde samelewing.

Plaasskole (SA,1994:52) is verreweg die talrykste skole in die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding (DOO)-stelsel, maar die gemiddelde leerlingtal is uiters klein. Die skole word geklassifiseer as staatsondersteund, en ontvang staatsubsidies van 'n honderd persent. Die plaasskool word gesien as die minsontwikkelde, en mees problematiese soort skool in die stelsel. Die boer besit die skool wat op sy of haar grond geleë is. As voorwaarde vir die subsidie word boere verplig om skole vir 'n vasgestelde aantal jare oop te hou. Ingevolge die Wet op Oortreding het die eienaar die reg om enige kind of onderwyser toegang te weier. Die leerling-onderwyserverhouding is gewoonlik hoër as in ander DOO-skole, en om dieselfde rede is die meeste klasse meergradig. Onderwysers word deur die Staat aangestel, maar woon gewoonlik nie op die terrein nie, en is binne die skoolgrense en op die plaas onderworpe aan die boer se beheer oor hul bewegings. Die aanstelling van skoolkomitees is 'n omstrede kwessie vir boere en dit blyk dat min skole ander beheerliggame buiten die eienaar het. Party plaasskole is op 'n navolgenswaardige wyse ontwikkel deur boere met 'n opregte belangstelling in die onderwys en besorgheid oor die plaaswerkersgemeenskap.

2.5.3 Juridiese determinante vir die finansiële bestuur van die staatsondersteunde skool

2.5.3.1 Algemene wetgewing

Hierdie wetgewing het nie 'n direkte verband met die onderwys nie, maar het ingrypende implikasies vir die onderwysbestuurder. Mentz en Oosthuizen (1994:152) volstaan met die volgende twee voorbeelde:

* **Artikel 21 van die Maatskappywet 61 van 1973** maak voorsiening vir die stigting van 'n maatskappy sonder winsoogmerke. 'n Regspersoon wat as 'n "artikel 21"-maatskappy geregistreer is, is vrygestel van die betaling van inkomstebelasting. Bestuursliggame of borgliggame van staatsondersteunde skole is geregtig om as "artikel 21"-maatskappye te registreer om sodoende die skoolgelde en ander vorme van winste wat die skool mag maak, te vrywaar van die betaling van inkomstebelasting.

* **Artikel 18A(2)(b) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962** maak voorsiening vir inkomstebelastingaftrekkings vir skenkings wat gedoen word aan sekondêre skole. Hierdie toegewing geld slegs ten opsigte van skenkings tot 'n erkende opvoedkundige fonds en nie vir betaling van verpligte skoolgeld nie. Die maksimum toelaatbare bedrag wat van die skenker se belasbare inkomste aftrekbaar is, is R500 of 2%, welke een ookal die grootste is.

In DOK (1992:8) word melding gemaak van die **Wet op Fondsinsameling 1978 (Wet No 107 van 1978)**, wat bepaal dat geen organisasie of persoon fondse mag insamel nie, alvorens hy nie deur hierdie wet daartoe gemagtig is nie.

2.5.3.2 Onderwyswetgewing

Die juridiese determinante wat 'n invloed het op die bestuursaktiwiteite van die onderwysbestuurder ten opsigte van finansiële bestuur, word vervat in die volgende artikels en regulasies van die **Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 70 van 1988**.

Artikel 30: Status en vermoënsregtelike bevoegdheid van staatsondersteunde skole

- (1) 'n Staatsondersteunde skool is 'n regspersoon.
- (2) 'n Staatsondersteunde skool mag nie sonder die goedkeuring van die Minister sy onroerende goed verhuur, verkoop, of op 'n ander wyse vervreem nie.
- (3) 'n Staatsondersteunde skool moet geld of ander goed wat aan daardie skool bemaak word, ooreenkomstig die voorwaardes van die betrokke skenking, aanwend.

Artikel 31A: Gevolge van verklaring van openbare skool tot staatsondersteunde skool

- (1) Vanaf die datum waarop 'n openbare skool tot 'n staatsondersteunde skool verklaar word,
 - (a) gaan die eiendomsreg en beheer van roerende en onroerende goed oor op die betrokke staatsondersteunde skool op die voorwaardes wat die Minister met die instemming van die Minister van Begroting bepaal, met dien verstande dat indien die onroerende goed nie in belang van onderwys aangewend word nie, sodanige onroerende goed na die Staat terugval;
 - (b) gaan die laste en verpligtinge wat onmiddellik voor daardie datum by die Staat of bestuursraad berus het, oor op die betrokke staatsondersteunde skool;
 - (c) word die administratiewe aantekeninge wat op die betrokke openbare skool betrekking het, oorgedra na die staatsondersteunde skool; en
 - (d) berus die bestuur, beheer en uitvoerende mag van die staatsondersteunde skool by die bestuursliggaam.
- (2) Onroerende goed word aan die staatsondersteunde skool oorgedra sonder die betaling van hereregte, seëlregte of enige ander

gelde of koste.

- (5)(a) Ondanks die bepalings van subartikel (1) bly die Staat ten opsigte van onroerende goed van 'n staatsondersteunde skool aanspreeklik vir die betaling van belastings wat kragtens wet deur 'n plaaslike bestuur op die waarde van die onroerende goed binne sy regsgebied getref word.
- (b) Vir die doeleindes van die Wet op Belasting op Staatsgoed, 1984 (Wet 79 van 1984) word 'n staatsondersteunde skool geag 'n owerheidsinstelling te wees.

Artikel 32: Subsidies aan staatsondersteunde skole

Die Minister kan uit geld wat die Volksraad bewillig, 'n subsidie aan 'n staatsondersteunde skool toeken, onderworpe aan voorwaardes.

Artikel 33: Lenings aan staatsondersteunde skole

Die Minister kan met instemming van die Minister van Begroting, uit geld wat die Volksraad bewillig, 'n lening aan 'n staatsondersteunde skool toestaan vir :

- (a) die oprigting van geboue en die verkryging van toerusting van 'n permanente aard;
- (b) die verkryging van grond en die bestryding van oordragkoste in verband met sodanige verkryging;
- (c) die betaling van kapitaaluitgawes aan die omheining en verbetering van die grond van die staatsondersteunde skool; en
- (d) die terugbetaling van 'n lening, uitgesonderd 'n lening toegestaan uit geld deur die Volksraad bewillig, wat die staatsondersteunde skool wettiglik aangegaan het vir 'n doel in paragraaf (a), (b) of (c) vermeld.

Artikel 34: Terugbetaling van lenings deur staatsondersteunde skole

- (1) 'n Lening deur die Minister ingevolge Artikel 33 aan 'n staatsondersteunde skool toegestaan, tesame met rente daarop verskuldig teen 'n koers deur die Minister van Finansies bepaal, moet terugbetaal word binne die tydperk wat die Tesourie bepaal het.

Artikel 35: Sekuriteit vir terugbetaling van lenings

- (1) Vanaf die datum waarop 'n lening kragtens Artikel 33 aan 'n staatsondersteunde skool uitbetaal word, dien al die roerende en onroerende goed van die staatsondersteunde skool as sekuriteit.

Artikel 36: Boekjaar, aantekeninge en finansiële jaarstate van staatsondersteunde skole

- (1) Die boekjaar van 'n staatsondersteunde skool eindig op die laaste dag van Desember in elke jaar.
- (2) Die bestuursliggaam van 'n staatsondersteunde skool moet ooreenkomstig die voorskrifte wat die onderwyshoof uitreik :
 - (a) aantekeninge hou van geld ontvang of bestee, en van bates, laste en finansiële transaksies;
 - (b) finansiële jaarstate opstel van gelde ontvang en uitgawes aangegaan, gedurende die betrokke boekjaar.
- (3) Die finansiële jaarstate in subartikel (2) bedoel, word geouditeer deur iemand wat ingevolge die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet 51 van 1951), as rekenmeester en ouditeur geregistreer en deur die bestuursliggaam aangestel is.
- (4) Binne ses maande na die einde van elke boekjaar moet die

bestuursliggaam 'n afskrif van die finansiële jaarstate aan die onderwyshefvoorsê.

Artikel 37A: Sluiting van staatsondersteunde skole

- (1) Die Minister kan na oorleg met die bestuursliggaam by kennisgewing in die Staatskoerant verklaar dat die betrokke staatsondersteunde skool vanaf 'n gemelde datum gesluit word.
- (2) Vanaf die datum waarop die staatsondersteunde skool gesluit verklaar word, gaan alle bates en laste van die skool oor op die Staat.
- (3) Die Minister stel 'n persoon aan om die sake van die betrokke staatsondersteunde skool te beredder.
- (4) Onroerende goed word aan die Staat oorgedra sonder betaling van hereregte, seëlregte of ander gelde.

Artikel 102A: Skool- en losiesgelde vir staatsondersteunde skole

- (1) Die ouer van 'n leerling wat tot 'n staatsondersteunde skool toegelaat is, betaal die skoolgelde wat die bestuursliggaam van daardie skool hef.
- (2) Die ouer van 'n leerling wat tot 'n koshuis wat aan 'n staatsondersteunde skool verbonde is, toegelaat is, betaal die losiesgelde wat die bestuursliggaam van daardie skool hef.

2.5.4 Rolspelers by die staatsondersteunde skool se finansies

2.5.4.1 Die Staat

Waar die Staat in die geval van die staatsbeheerde skool alle beheer oor die skool het, word die bestuur, beheer en uitvoerende mag by die staatsondersteunde skool kragtens Artikel 31(1) (Wet 70 van 1988)

in die hande van die bestuursliggaam geplaas. Baie funksies wat tevore in die Staat gesetel was, is nou afgewentel na die gemeenskap, in die hande van die bestuursliggaam (Jonker 1994:16).

2.5.4.2 Die breë gemeenskap

Volgens Jonker (1994:20) blyk dit dat die breë gemeenskap as vername gebruiker van onderwys, in die geval van die staatsondersteunde skool, 'n groter verantwoordelikheid verkry en in die toekoms waarskynlik 'n groter finansiële bydrae sal moet maak.

Die private sektor het, alhoewel dit op klein skaal was in die verlede, 'n belangrike rol gespeel in die voorsiening van skoolgeboue. Die belangrikste hiervan is waarskynlik boere wat oor vele jare heen die oprigting en instandhouding van nagenoeg 6000 plaasskole gedeeltelik of ten volle uit eie sak gefinansier het en ook as bestuurders van die skole optree.⁶ Ander bydraes was skenkings van maatskappye soos Anglo American Corporation en kerkgenootskappe. Deur ooreenkomste wat met instansies soos Phuting, Graceland, en die Onafhanklike Ontwikkelingstrust gesluit is, het verskeie staatsondersteunde skole tot stand gekom (Delpont 1994:33).

2.5.4.2.1 Die borgliggaam

Die borgliggaam word deur die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988) soos gewysig deur GK R1313 regulasie 1, gedefinieer as 'n instansie of groep persone deur die Minister goedgekeur, wat vanweë hul betrokkenheid by die staatsondersteunde skool, bereid is om dit finansiëel te steun (Vergelyk ook Jonker 1994:18, Mentz en Oosthuizen 1994:152).

'n Borgliggaam kan verteenwoordiging in die bestuursliggaam verkry. Die getal lede word deur die Uitvoerende Direkteur bepaal en moet minder as die helfte van die totale ledetal wees. (Sien regulasie 2(1)(c) van die Wet op Onderwysaangeleenthede, (Wet 70 van 1988), en Mentz en Oosthuizen 1994:153).

Nadat die lede in regulasie 2(1)(c) bedoel, deur die borgliggaam aangewys is, moet die borgliggaam die skoolhoof en die Uitvoerende Direkteur onverwyld skriftelik in kennis stel van die name en adresse van die persone wat aldus aangewys is. (Sien regulasie 17 van die Wet op Onderwysaangeleenthede, Wet 70 van 1988).

2.5.4.2.2 Funksies van borgliggame

Die funksies van die borgliggaam word soos volg uiteengesit (DOK 1992:8) :

- * 'n Borgliggaam is 'n instansie of groep persone wat vanweë hul betrokkenheid by die staatsondersteunde skool :
 - bereid is om dit finansiëel te ondersteun of onderneem om te help om addisionele fondse vir die staatsondersteunde skool in te samel;
 - help om 'n skool in stand te hou;
 - dit gedeeltelik onderhou en op dié wyse 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap lewer;
 - die staatsondersteunde skool tot hulp kan wees, veral vir die aanvulling van fondse vanuit die betrokke gemeenskap waar so 'n staatsondersteunde skool geleë is ; en
 - die ouers en die gemeenskap in die geheel kan betrek by die skole van 'n betrokke gemeenskap.

- * 'n Borgliggaam sal 'n belangrike bydrae tot die bestuur van 'n staatsondersteunde skool lewer deur te help met die gedeeltelike of totale befondsing van die staatsondersteunde skool se bedryfsuitgawes. Dit impliseer dat die skoolgeld van leerlinge verminder of selfs uitgeskakel kan word.

- * Aangesien lede van die borgliggame deel kan wees van die bestuursliggame, kan hulle 'n belangrike komponent van die bestuursliggaam van die betrokke skole vorm. Hulle is vertrouwd met die ekonomiese uitgangspunte van groter "effektiwiteit", "doeltreffendheid" en "aanspreeklikheid". Die kundigheid kan

help dat skole ekonomies bedryf word (Sien ook Jonker 1994:19).

2.5.4.2.3 Probleme ten opsigte van werwing van borgliggame

Probleme ten opsigte van die werwing van borgliggame word soos volg saamgevat (DOK 1992:8) :

- * Indien 'n borgliggame nie langer die verantwoordelikheid vir 'n staatsondersteunde skool kan of wil aanvaar nie, onderhandel die bestuursliggame met 'n ander instansie(s) om as borgliggame op te tree.

- * Daar kan 'n probleem ten opsigte van borgliggame ontstaan waar 'n paar skole in dieselfde omgewing naby mekaar geleë is. Die probleem kan opgelos word deur borgliggame wat skole in dieselfde omgewing finansieel steun en wat moontlik baie sterk is, saam te voeg. Hierdeur word 'n baie sterk borgliggame verkry wat 'n paar skole finansieel kan steun. Hier kan sterk op nywerhede en sakeondernemings van die omgewing waarin die skole geleë is, gesteun word en is dit belangrik om van die nyweraars as bestuurslede in die bestuursliggame te laat dien.

2.5.4.3 Die ouergemeenskap

Gemeenskapsbetrokkenheid, en in besonder ouerbetrokkenheid, hou waarde in vir die onderwyser, die skool, die kind, die ouer en die gemeenskap. By die staatsondersteunde skool geniet die ouer amptelike inspraak in die bestuur van die skool deur middel van die bestuursliggame (Van Schalkwyk en Oosthuizen 1994:143).

Die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988) soos gewysig deur GK 1313 van 23 Julie 1993 maak voorsiening vir ouerbetrokkenheid (Sien ook Jonker 1994:21).

- * Volgens regulasie 2(1)(b) kan 'n ouer verkies word tot die bestuursliggame van die betrokke skool, mits hy/sy nie

gediskwalifiseer word deur die bepalings van regulasie 3 nie.

- * Regulasie 13(1) bepaal dat 'n ouer die reg het om 'n kandidaat vir die verkiesing tot die bestuursliggaam te nomineer.
- * Regulasie 8(1) bepaal dat 'n ouer geregtig is om tydens 'n verkiesing van lede van 'n bestuursliggaam, te mag stem.

Die skoolhoof is 'n sleutelfaktor in gemeenskapsbetrokkenheid by die onderwys. Die skoolhoof kan byvoorbeeld volgens Van Schalkwyk en Oosthuizen (1994:147) :

- * deur sy invloed en gesag sy onderwysers se houding teenoor ouerbetrokkenheid positief verander;
- * 'n uitnodigende gees of klimaat skep wat ouers motiveer om betrokke te wees;
- * sy personeel en ouerliggaam oplei om ouerbetrokkenheid effektief toe te pas;
- * deur middel van bestuur verseker dat ouerbetrokkenheid in sy skool doeltreffend en geslaagd realiseer; en
- * vanweë sy posisie, gesag en status in die gemeenskap, ouerbetrokkenheid inisieer, uitbou en bestuur.

Volgens Van Schalkwyk (1990:36) is ouers by die onderwys betrokke omdat hulle belang daarby het. Hul kind is die sentrale figuur in die opvoedingsgebeure. 'n Individuele ouer se betrokkenheid behels drie fasette, naamlik :

- persoonlike betrokkenheid by sy eie kind se onderwys;
- betrokkenheid by die skoolwerkzaamhede in die algemeen deur meelewing, samewerking en ondersteuning; en
- betrokkenheid by spesifieke take en projekte soos sportafrigting, fondsinsamelingsprojekte of leerlingvervoer.

Keyter (1995:11) verdedig die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid, en beklemtoon dat ouerbetrokkenheid in die onderwys sowel skriftuurlik as opvoedkundig begrond kan word.

2.5.4.4 Die bestuursliggaam

Die bestuur, die beheer, sowel as die uitvoerende mag van die staatsondersteunde skool berus by die bestuursliggaam. Die bestuursliggaam is dus die amptelike orgaan van die staatsondersteunde skool (Van Schalkwyk en Oosthuizen 1994:143).

Regulasie 6 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988) soos gewysig in GK 1313 van 23 Julie 1993 omskryf die bestuursliggaam se bevoegdhede, werksaamhede en pligte (Vergelyk Van Schalkwyk en Oosthuizen 1994: 143/144).

- * 'n Bestuursliggaam bestuur die eiendom van 'n staatsondersteunde skool en oefen behoudens die bepalings van die Wet, beheer oor die staatsondersteunde skool en sy werksaamhede uit.
- * 'n Bestuursliggaam kan skoolgelde hef en die betaling daarvan afdwing.
- * 'n Bestuursliggaam kan persone in ongesubsidieerde poste in diens neem.

Bevoegdhede en verantwoordelikhede van 'n bestuursliggaam, gesien vanuit 'n finansiële bestuursperspektief

Volgens die handleiding vir staatsondersteunde skole (DOK, 1992:9), het die bestuursraad die volgende bevoegdhede en verantwoordelikhede :

- * Fondse moet deur die bestuursliggaam opgebou word met die oog op kort-, medium-, en langtermynbeplanning. Daar moet na alle moontlike bronne van finansiering gekyk word, naamlik die

privaatsektor, plaaslike besture, gemeenskappe en privaat huishoudings.

- * Die bestuursliggaam is verantwoordelik vir die instandhouding / ontwikkeling van bestaande / bykomende geriewe onderskeidelik.
- * Die bestuursliggaam het die bevoegdheid om 'n addisionele ontwikkelings- en/of opvoedkundige fonds te stig.
- * Die volgende dien as basiese riglyne vir bestuursliggame van staatsondersteunde skole met betrekking tot finansiële aangeleenthede :
 - Die bestuursliggaam kan fondse deur verpligte skoolgeld verkry, en bepaal ook die bedrag wat betaalbaar is.

Die bestuursliggaam kan verdere inkomste genereer deur middel van 'n borgliggaam en/of die ontvangs van skenkings.

- Die bestuursliggaam kan aan die Uitvoerende Direkteur aanbevelings doen ten opsigte van finansiële ondersteuning aan minder-vermoënde ouers.
- Die bestuursliggaam is verantwoordelik vir die ekonomiese bestuur van skoolkoshuise en vervoerskemas, indien van toepassing.
- Die bestuursliggaam streef na die grootste moontlike finansiële outonomie.
- Die bestuursliggaam is die enigste liggaam wat besluit oor die insameling van geld. 'n Vrywillige ouer- of oueronderwysersvereniging funksioneer in harmonie met, en as vennoot van die bestuursliggaam, maar kan nooit onafhanklik optree en/of besluite neem sonder om die bestuursliggaam in dié verband te ken nie.

- 'n Finansiële komitee kan uit personeellede en ouers saamgestel word, maar 'n lid van die bestuursliggaam moet die voorsitter van die finansiële komitee wees. Besluite van die finansiële komitee moet eers deur die bestuursliggaam goedgekeur word alvorens dit mag realiseer.
- Bestuursliggame beskik oor die bevoegdheid om die fisiese geriewe tot die beskikking van die gemeenskap te stel, vergoeding daarvoor te vra, en die inkomste te behou.

Slabbert (1993:10) waarsku dat die taak wat op die skouers van skole se beheerliggame rus, onbenydenswaardig is. Hulle moet aan die een kant 'n begroting opstel wat op die kort, sowel as die lang termyn die voortbestaan van onderwys van goeie gehalte verseker, die infrastruktuur in stand hou en selfs uitbrei, maar terselfdertyd moet hulle realisties wees oor die bronne van inkomste wat nie die ouergemeenskap sal vervreem nie. Voorts moet voldoende beheermaatreëls ingebou word om wanbesteding en onnodige verliese te voorkom.

2.5.4.5 Die kerk

Artikel 62 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988) bepaal dat :

- * daar daagliks in elke openbare skool 'n godsdiensteplegtigheid moet wees wat bestaan uit die lees van 'n gedeelte uit die Bybel en 'n gebed;
- * geen leerstelling of dogma wat eie is aan 'n bepaalde denominasie of sekte, gedurende skoolure in 'n openbare skool onderrig of bevorder mag word nie; en
- * indien die ouer van 'n kind wat 'n openbare skool bywoon, die skoolhoof skriftelik versoek dat die kind vrygestel word van die bywoning van godsdiensteplegthede of Bybelonderrig, moet

daardie skoolhoof die kind dienooreenkomstig vrystel.

2.5.4.6 Die skoolhoof

Vanweë sy besondere plek in die onderwys, is die skoolhoof die spil waarom die skool en die plaaslike gemeenskap draai. Hy of sy is die persoon wat die skool op die onderwyskaart plaas en in die onderwysannale kan verewig (Clase 1992:29).

Die skoolhoof as leiersfiguur is volgens Barnard (1990:454), in die gemeenskap betrokke by gemeenskapsaktiwiteite. Met sy deelname aan gemeenskapsaktiwiteite kan hy onder meer die sterk, sowel as swak punte van die skool verduidelik en sodoende ook skoolgemeenskapsverhoudinge bevorder.

Uit sy kennis van die nood van sy skool kan die skoolhoof die ouers bring tot daadwerklike aktiewe deelname. Dit is nie die skoolhoof se verantwoordelikheid om fondsinsameling as sodanig te doen nie, maar sy verantwoordelikheid lê daarby dat hy die mense aktiveer om middele daar te stel sodat dit aangewend kan word om die onderwys in die skool op die hoogs moontlike peil te kry (Kirstein 1985:28).

2.5.5 Die staatsondersteunde skool as regspersoon

Kragtens Artikel 30(1) van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988), is die staatsondersteunde skool 'n regspersoon. Subartikel (2) bepaal dat 'n staatsondersteunde skool nie sonder die goedkeuring van die Minister sy onroerende goed mag verhuur, verkoop of op 'n ander wyse vervreem of aan iemand 'n saaklike reg of serwituut daarop verleen nie.

2.5.6 Voordele van 'n staatsondersteunde skool

* Die finansiële las op die Staat word verlig met betrekking tot onderwysvoorsiening (Viljoen 1992:23). Die afwenteling van mag lei tot beter begroting, groter effektiwiteit en

gemeenskapsbetrokkenheid (Anon 1994a:24).

- * Die verligting van die finansiële las op die Staat aan die een kant kan lei tot 'n finansiële stimulus in die agtergeblewe gemeenskappe. Finansies wat op een gebied beskikbaar raak, sal noodwendig op 'n ander gebied bestee kan word (Viljoen 1992:23). Albrecht (1992:33) sluit by bogenoemde aan deurdat sy die Model C-stelsel sien as 'n metode waarvolgens belasting op bevoorregte gemeenskappe gehef word. Sodoende het die Staat meer geld tot sy beskikking vir die onderwysbehoefte van minderbevoorregte en agtergeblewe gemeenskappe.
- * Groter ouerbetrokkenheid skep weer nuwe moontlikhede waarin die ouer, onderwyser en kind mekaar kan ontmoet (Viljoen 1992:23).
- * Ouerbetrokkenheid word gestimuleer. Hierdie voordeel vloei logies voort uit die feit dat ouers, omdat hulle groter finansiële bydraes sal moet maak, ook groter seggenskap in skole sal wil hê (Viljoen 1992:23).

2.5.7 Nadele van 'n staatsondersteunde skool

- * Groter finansiële bydraes lei tot groter ouerbetrokkenheid, maar dit is juis hierdie betrokkenheid wat kan oorgaan in oorbetrokkenheid (Viljoen 1992:23).
- * Vervolgens kan die oorbetrokkenheid lei tot die oortreding van die bevoegdheidssterrein van die onderwyser (Viljoen 1992:23).
- * Die vorming van drukgroepe binne en buite die skoolgemeenskap, wat in baie gevalle sluimerend is, kan met volle oortuiging en energie van hulle laat hoor (Viljoen 1992:23).
- * As gevolg van die hoë skoolgeld word die staatsondersteunde skool ontoeganklik gemaak vir swart leerlinge wat hunker na onderwys, asook die arm deel van die blanke bevolking (Tshabalala 1992:7).

- * Die inbring van party-politieke oortuigings in skole is baie moontlik, veral as die ouers en bestuursliggaam min of meer hieroor moet saamstem (Viljoen 1992:23).
- * Staatsondersteunde skole, byvoorbeeld Model C-skole, kan lei tot 'n soort kulturele proteksionisme. Skole is draers van 'n bepaalde kulturele inhoud, maar sodra kultuur as onwrikbare voorvereiste gestel word vir die toelating van leerlinge, kan die uiteinde wees 'n eie selfopgelegde kulturele isolasie (Viljoen 1992:23).
- * Dit bly 'n ope vraag of die reeds uitgeputte (ekonomies gesproke) gemeenskappe in staat sal wees om die finansiële opofferings te kan deurstaan. Volgens wet kan die skoolhoof daardie ouers wat nie in staat is om die neergelegde bedrag te betaal nie, voor die hof daag, en hulle verplig om die voorgeskrewe bydrae te betaal (Viljoen 1992:24).
- * Staatsondersteunde skole (Model C-skole) kan nuwe stukrag verleen aan skoolelitisme. Dit verg nie veel verbeelding om te besef dat indien skool A oor meer finansiële bronne beskik as skool B, en skool B weer meer as skool C, ensovoorts, dat daar 'n onafwendbare skeiding tussen skole kan plaasvind nie. Die uiteinde hiervan is 'n skoolelitisme wat hom met al sy konsekwensies op ouers, kinders, onderwysers en die gemeenskap gaan wreek (Viljoen 1992:24).
- * Die ANC en ander demokratiese organisasies het die staatsondersteunde skool (en veral Model C-skool) afgemaak as 'n model wat wit eksklusiwiteit bevorder, en wat rassediskriminasie met ekonomiese diskriminasie vervang (Albrecht 1992:33).
- * Daar kan probleme by skole opduik as daar nie iemand soos 'n rekenmeester of 'n finansiële deskundige in die bestuursraad dien nie. Daar is reeds ouers wat vra of 'n bestuursraad van

ouers en onderwysers wat geen ondervinding het van finansiële bestuur nie, werklik in staat is om jaarliks duisende rande reg te benut (Albrecht 1992:33).

- * Die staatsondersteunde skool (veral die Model C-skool) word in regse blanke kringe met wantroue bejeën as 'n vorm van addisionele belasting, en terselfdertyd word dit in swart radikalistiese kringe gesien as 'n verskansing van blanke bevoorregte posisies (Van der Walt 1992:19).
- * Skoolhoofde moet nou die rol van finansiële bestuurder, fondsinsamelaar, en openbare verhoudingsbeampte beklee, terwyl hulle opgelei is as onderwysspesialiste (Anon 1992c:38).
- * Hoewel ouers van Model C-skole reeds 17% van die kostes van die skool dra, is dit steeds van die duurste skole, omdat dit beter personeelvoorsieningskale en onderwysers met hoër kwalifikasies het (Van der Merwe 1995a:1).
- * Baie skole soek borge in 'n reeds finansiële uitgeputte privaatsektor, waar winsmarge onder druk geplaas word as gevolg van 'n lang resessieperiode (Anon 1992c:38).
- * Skoolgeldinkomste in die Model C-stelsel het in 1994 na verwagting R700 miljoen bedra. Die geldlas is egter 'n wesenlike probleem vir arm ouers van alle rasse. Dit word in 'n mate verlig deur inkomste-verwante beurse, waarvoor die Onderwysdepartement in 1993 R4,5 miljoen bewillig het (SA 1994:52).

2.6 DIE PRIVAATSKOOL IN DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLESTELSEL

2.6.1 Omskrywing

- * Dit is skole wat nie deur die Regering onderhou word nie, maar

buite die Regering funksioneer. Daar word ook na privaatskole verwys as "nie-publieke" of "onafhanklike" skole. Dié skole mag in 'n mate finansiële hulp van owerheidsweë ontvang, maar word nie deur die owerheid bedryf nie (Erickson 1982:1448).

* Die term "privaatskool" is die algemene term vir alle skole wat op een of ander manier buite die konvensionele staatsvoorsiening van onderwys funksioneer (Muller 1992a:340).

* Die Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding (SA 1994:53) sien privaatskole in 'n klein en diverse kategorie, administratief versprei oor al die bestaande uitvoerende departemente. Die skole wissel van sukkelende sekulêre en kerkskole wat arm swart gemeenskappe bedien, tot ryk sekulêre of kerkskoolkampusse wat welvarende, hoofsaaklik blanke leerlinge bedien. Privaatskole, insluitende die rykstes, kan staatsubsidies ontvang, maar party ontvang dit nie. Die per capita-staatsubsidie aan party hoofsaaklik blanke privaatskole is groter as die volle omvang van per capita-staatsbefondsing van staatskole in die voormalige DOO-stelsel.

2.6.2 Agtergrond

In Suid-Afrika is daar tans ongeveer 450 privaatskole met 'n leerlingtal van 136 000, wat ook insluit 'n groot getal privaatskole wat vir minderbevoorregte gemeenskappe voorsiening maak, soos byvoorbeeld Woodmead Farm School buite Johannesburg en St Nicholas in Pietermaritzburg (Smith 1995:18).

Die eerste private skole in Suid-Afrika het tot stand gekom net nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. Dit was hoofsaaklik Engelse private skole. Daar het ook baie kerkgeaffilieerde private skole in dié tyd tot stand gekom (Muller 1992a:340).

Verskeie privaatskole het al in Suid-Afrika ontstaan as gevolg van

ontevredenheid met die openbare skole. Die Aksie Reformatoriese Skoolonderwys (ARSO) beywer hom om reformatoriese (gereformeerde) onderwys te bevorder. 'n Voorbeeld van dié skole is die Johannes Calvynskool in Pretoria, met die doel om onderwys ten minste aan te bied op dieselfde standaard as openbare skole met 'n onmiskenbare gereformeerde inslag. Joodse en Rooms-Katolieke privaatskole is net soos die Johannes Calvynskool, voorbeelde van privaatskole wat ontstaan het as gevolg van religieuse en lewensbeskoulike oorwegings (Swart 1990:6).

Gedurende die afgelope dekades het daar vanuit die blanke sowel as swart gemeenskap 'n sterk aandrang gekom om groter inspraak in die onderwys van hul kinders te verkry. Dit lei tot die stigting van eie en onafhanklike privaatskole in Suid-Afrika. So bestaan daar reeds tagtig Accelerated Christian Education (ACE)-skole in Suider Afrika as deel van 'n wêreldwye reaksie teen die outoritêre en sekulêre aard van die openbare skole. Ander alternatiewe privaatskole wat op 'n nie-rassige grondslag funksioneer, is skole soos Woodmead en die Sacred Heart College in Johannesburg, St. Andrews-meisieskool in Bedfordview en Bishops-seunskool in Rondebosch. Die New Era Schools Trust (NEST), is ook besig om nuwe nie-rassige privaatskole te stig, soos byvoorbeeld die Utonghathi-skool aan die Natalse Noordkus (Swart 1990:165).

Volgens Slabbert (1992:12) was daar tot onlangs toe geen private skool in Suid-Afrika met Afrikaans as voertaal nie. Die instelling van onderwysmodelle gee aan die Afrikaanssprekendes nou 'n geleentheid om ook die geërde Britse instelling "onafhanklike private skole" as alternatiewe onderwysmodel te oorweeg. Selfs die Duitse, Griekse, Joodse, en nou ook die swart gemeenskappe, het private skole vir kinders wat in eie kultuurverband onafhanklike onderrig en nie staatsondersteunde onderwys nie, wil ontvang.

Ten spyte van die besware teen die terugvalklousule, berig Slabbert (1993:10), dat daar nou vir die eerste keer in die geskiedenis 'n Afrikaanse private laer- en hoërskool is. Die beheerliggame en ouers

van leerlinge in Helpmekaar Hoërskool en die Laerskool Jan Cilliers, twee tradisieryke skole in onderskeidelik Parktown en Parksig in Johannesburg, het probleme in die Model C-bestel geïdentifiseer : Die aantal onderwysers per leerling in die skole sou onaanvaarbaar laag daal en die gehalte van onderrig verswak.

Laurie (1992:44) meld dat Engelssprekendes groot waarde heg aan 'n skool waar dit 'n voorreg is om skool te gaan, waar die spesifieke Engelse tradisie gehandhaaf word, en waar die onderrig daarop gerig is om toekomstige leiers te kweek. Daar is 'n toenemende gevoel dwarsdeur die wêreld dat private skole besondere verdienste het.

Die Konsepwitskrif oor Onderwys en Opleiding (SA 1994:53) meld dat 'n groot deel van die privaatskoolsektor goed georganiseer is deur godsdienstig- of sekulêr-verteenwoordigende liggame, soos die Rooms Katolieke Instituut vir Onderwys en die Independent Schools Council, wat gesien wil word as vennote van die Regering in onderwysontwikkeling, nie net vir hul eie gemeenskappe nie. Sommige van die armste privaatskole wil staatskole of staatsondersteunde skole word. Beheerstrukture wissel, maar die sektor is oor die algemeen trots op die hoë vlak van ouerbetrokkenheid, effektiewe hulpbrongebruik, diensetiek, en rekenpligtige bestuur.

2.6.3 Juridiese determinante vir die finansiële bestuur van privaatskole

Privaatskole is nie totaal onafhanklik van die Staat nie, want hulle moet voldoen aan vereistes wat gestel word deur die Wet op Private Skole van 1986, en die privaatskole wat staatsubsidies ontvang, is gebonde aan meer regulasies (Enslin 1992:62).

Die Wet op Private Skole (Volksraad) No 104 van 1986, soos gewysig deur Wet No 60 van 1990, maak voorsiening vir die registrasie van, die beheer oor, en die verlening van geldelike toekennings aan private skole.

- In hierdie wet beteken "private skool" 'n ander skool as :
- (a) (i) 'n openbare skool;
 - (ii) 'n staatsondersteunde skool;
 - (iii) 'n private skool vir buitengewone onderwys; en
 - (iv) 'n private pre-primêre skool
- soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) 1988, en
- (b) 'n laer kerkskool, of plaasskool, vermeld in Artikel 40 van daardie wet.

Artikel 6: Subsidies aan geregistreeerde private skole

- (1) 'n Geregistreeerde private skool kan jaarliks op of voor die voorgeskrewe datum skriftelik by die onderwyshoof om die voorgeskrewe subsidie aansoek doen.
- (2) Die onderwyshoof kan na goeddunke 'n aansoek bedoel in subartikel (1) toestaan of van die hand wys, maar hy staan nie 'n aansoek toe indien hy van oordeel is dat die geregistreeerde private skool nie aan die voorgeskrewe vereistes van die subsidie voldoen nie.

Artikel 9: Regulasies

- (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende :
 - (a) die toelating van leerlinge tot 'n geregistreeerde private skool;
 - (b) die toelating van sodanige leerlinge tot eksamens wat deur, of onder toesig van die uitvoerende komponent afgeneem word;
 - (c) die aanstelling van onderwysers by 'n geregistreeerde private skool;
 - (d) die hou van registers of ander stukke deur 'n geregistreeerde private skool;
 - (e) die inspeksie van 'n geregistreeerde private skool en die ondersoek van sodanige registers en stukke;

- (f) die wyse waarop 'n subsidie, indien die aansoek daarom goedgekeur is, aan 'n geregistreeerde private skool betaalbaar is;
- (g) die verval of intrekking van die registrasie van 'n private skool; en
- (h) 'n aangeleentheid wat by hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet, of kan word.

2.6.4 Rolspelers by die privaatskool se finansies

2.6.4.1 Die Staat

Privaatskole is afhanklik van die Staat, want hulle moet voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die Wet op Private Skole van 1986, soos gewysig deur Wet No 60 van 1990, wat voorsiening maak vir die registrasie van, die beheer oor, en die verlening van geldelike toekenning aan privaatskole (Enslin 1992:62, Muller 1992b:47).

2.6.4.2 Die breë gemeenskap

Sedert die vyftigerjare is daar 'n nywerheidsfonds gestig vir die subsidiëring van sommige tradisionele privaatskole. Die fonds word ondersteun deur groot ondernemings in die breë gemeenskap soos Anglo-American Corporation, Anglo-Transvaal Consolidated Investments, De Beers, General Mining, Gold Fields of South Africa en Johannesburg Consolidated Investments. Hierdie ondernemings word verteenwoordig in die beheerliggame van die betrokke privaatskole en oefen só 'n sterk invloed uit oor die etos van die privaatskool (Muller 1992b:40). Hierdie sterk invloed oor die etos van die skool is die resultaat van die geneigdheid om, by die verhoging van die finansiële betrokkenheid, aan te dring op die vergroting van inspraak deur die betrokke gemeenskap. Finansiële verpligtings sonder meer inspraak is ondenkbaar (Berkhout 1991:343).

2.6.4.3 Die ouergemeenskap

Die ouers van leerlinge in privaatskole en gemeenskappe wat hul eie skole wil bekom en inspraak wil hê in die aard en karakter, gees en rigting van eie onderwys, is bereid om daarvoor te betaal. Dit blyk dat privaatskole slegs vir die meer gegoede ouers van 'n gemeenskap verligting kan bring in die vorm van alternatiewe tipe onderwys (Swart 1990:166/168). Die stigting van onafhanklike privaatskole word voorafgegaan deur ouergemeenskappe wat ontevrede is met die kwaliteit onderwys in staatskole (McAllister en Everingham 1991:1).

2.6.4.4 Die bestuursliggaam

Die lede van die bestuursliggaam van die privaatskool is hoofsaaklik mense wat bestuursposisies in die breë gemeenskap beklee, en sodoende word groot ondernemings in die beheerliggaam van die skool verteenwoordig (Muller 1992b:40). In die geval van Rooms-Katolieke skole word die bestuursliggaam genoem 'n Raad van Regeerders, of Kongregasie (McAllister en Everingham 1991:4).

2.6.4.5 Die kerk

Die stigting van privaatskole word gelei deur kultuurstrewes, kultuur-historiese omstandighede, religieuse grondmotiewe, en ideale van die oprigters. Privaatskole ontstaan dus as gevolg van religieuse en lewensbeskoulike oorwegings (Swart 1990:162).

2.6.5 Die probleem van elitisme en snobisme

Volgens Slabbert (1992:12) praat baie Afrikaanssprekendes neerhalend van private skole as sou hulle snobisties en elitisties wees. Die skoolgeld is hoog en daarom stuur net ryk mense hul kinders daarheen. Bot (1991:82) huldig ook bogenoemde siening met haar stelling dat die toeganklikheid tot privaatskole beperk is tot diegene wat dit kan bekostig, en ook enkele akademies begaafde leerlinge wat met behulp

van beurse toegang verkry. Dié skole word beskuldig van finansiële en akademiese elitisme.

Die probleem van elitisme kan volgens Bot (1992:95) teëgewerk word deur hoër staatsubsidies, want dan sal die privaatskool meer toeganklik wees vir 'n groter deel van die gemeenskap. Die woord privaatskool moet eerder gekoppel word aan die betekenis van "nie-staatsbeheer", as "elitisties".

2.6.6 Tipes privaatskole

2.6.6.1 Agtergrond

In Suid-Afrika bestaan daar private skole vir onder meer Duitse, Griekse, Joodse, Chinese en Portugese gemeenskappe. Die regverdiging vir die bestaan van hierdie skole strek verder as die medium van onderrig. Dit verteenwoordig eie onderwys vir 'n bepaalde kultuurgemeenskap in 'n volksvreemde milieu (Van Heerden 1990:106).

2.6.6.2 Christelik-volkseie Onderwys

2.6.6.2.1 Historiese begronding

Die Afrikaner-ouer het 'n historiese aanspraak op private, volkseie onderwysvoorsiening. In Suid-Afrika en regoor die wêreld is godsdienstige en kulturele groepe toegelaat om hul kinders op te voed volgens die waardes, norme, tradisies en gewoontes wat vir die bepaalde groep lewensbeskoulik essensieel is (Van Heerden 1990:105).

Volgens Swart (1994:1) is die betekenisvolste gebeurtenis in die geskiedenis van die Boere-Afrikanervolk, die kragtige opkoms van die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys, en die oprigting van CVO-privaatskole in al vier windstreke. Daar bestaan reeds 'n hele aantal CVO-privaatskole en die lys van CVO-groei-punte waar daar op hierdie oomblik doelgerig na skoolregistrasie gewerk word, groei vinnig.

2.6.6.2.2 Uitgangspunt van CVO-onderwys

Christelik-volkseie Onderwys (CVO) is gegrondves op die Christelik-volkseie lewens- en wêreldbeskouing van die Boere-Afrikanervolk. Volkseie onderwys dui dus op 'n volksgebonde onderwys - 'n onderwys wat binne die verband en op die grondslag van eie lewens- en wêreldbeskouing en na die eie aard en karakter van 'n bepaalde volk ingerig en bedryf word (Grondwet : Christelik-volkseie Onderwysmodel 1993:6).

2.6.6.2.3 Die CVO-skoolmodel

Die CVO-skoolmodel word uiteengesit in die Grondwet vir Christelik-volkseie Onderwys (1993:7-8).

- * Die CVO-skool is 'n Bybelsbegronde skool (skool uit die Bybel). Die Bybel is die uitgangspunt, die hoogste norm vir die opvoeding, en Bybelse beginsels bepaal die verklaring van betekenis.
- * Die CVO-skool is 'n belydenisskool gegrondves op 'n besondere belydenis en geloofsleer, naamlik die Calvinisties Protestantse (gereformeerde) belydenis en geloofsleer.
- * Die CVO-skool is 'n Calvinisties Protestants-gereformeerde Boere-Afrikanervolkskool.
- * Die CVO-skool is 'n besondere skool omdat dit hom deur eie inslag, aard en karakter van die openbare skool onderskei en dit behoort 'n staatsondersteunde private skool te wees.
- * Die CVO-skool is 'n skool wat van die verbondsouer uitgaan in die opsig dat dit :
 - 'n voortsetting van die opvoeding in die huisgesin is;
 - op die beginsel van ouerverantwoordelikheid by opvoeding berus;
 - en

- deur die ouers in beginsel onderneem, tot stand gebring, ingerig en beheer word.

* Die CVO-skool is 'n vrye skool in die sin dat sy selfstandigheid as onderwysinstelling naas ander menslike verbande erken word, en die beginsel gehandhaaf word dat onderwys nie tot die terrein van die staat, en dat kinders nie aan die staat behoort nie, en dit word deur die ouers as onderwysinstelling bedryf.

* Die CVO-skool is 'n volkskool in die sin dat dit binne die volksverband van die volk as 'n volkseie skool bestaan. Dit wil 'n volksgemeenskapskool wees met die volgende eienskappe :

- dit berus op die Calvinistiese Protestants-gereformeerde karakter van die Boere-volksaard;
- dit is geplaas in 'n volksgemeenskap en -milieu;
- dit is 'n volkskultuursentrum;
- dit is gegrondves op selfwerkzaamheid, volksarbeiddiens en volksdiens;
- dit bied basiese vakman- en ambagopleiding vir alle leerlinge; en
- dit lê klem op persoons-, volksidentiteits- en skolastiese vorming met sport as aanvullende opvoedingsgeleentheid.

2.6.6.2.4 Finansiering van CVO-skole

Fourie (1994:42) meld dat die finansiering van Christelik-volkseie Onderwys berus op die oorweging van twee scenario's :-

* die instandhouding van die huidige staatsondersteunde skole-konsep sonder inmenging van die Staat, soos vervat in die Grondwet;

* die skeep of gebruik van 'n goedkoper eie infrastruktuur indien die Staat met staatsondersteunde skole sou wegdoen.

Om kwaliteit opvoeding met behoud van standarde binne die begrip van

Christelik-volkseie Onderwys lewensvatbaar te hou, word alle finansiële verbandhoudende aspekte deeglik ondersoek en 'n strategie ontwikkel, byvoorbeeld :

- * ontgin die huidige staatsondersteunde skole maksimaal en plaas druk op die sisteem om die voortbestaan daarvan te verseker;
- * bou die beeld en bemark die beginsel van die CVO-skole; en
- * verkry ondersteuning van die privaatsektor vir die skep van finansieringsbronne.

Dit is 'n algemeen aanvaarde finansiële beginsel dat hoe groter die aantal deelnemers, hoe laer word die eenheidskoste.

Indien CVO-skole volgens Fourie (1994:43) afsonderlik van die huidige staatsondersteunde skole geïmplementeer word, moet daar aan die volgende aspekte wat finansiële implikasies tot gevolg het, aandag geskenk word :

- * die subsidiëring van kinders wat nie oor die finansiële vermoë beskik om skoolfondsbydraes te maak nie;
- * die finansiering van onderwyspersoneel as die Staat sy bydrae sou onttrek;
- * die plasing van skole vir die toeganklikheid van leerlinge;
- * die plasing van skole waar die hoogste populasie ervaar word;
- * die ondersoek van addisionele inkomstebronne om die groter finansiële las op ouers ligter te maak;
- * die moontlike aanwending van onderriglokale by kerke;
- * vervoer van kinders;

- * die stigting van sportklubs vir die beoefening van sport;
- * die betrek van die privaatsektor; en
- * groter betrokkenheid (selfdoen) deur ouers by die skep van die infrastruktuur en die onderhoud daarvan.

2.6.6.3 Rooms-Katolieke skole in Suid-Afrika

2.6.6.3.1 Agtergrond

Die Rooms-Katolieke skole in Suid-Afrika staan onder die gesag van die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskop Konferensie (Christie 1990:2). Die Katolieke Instituut vir Onderwys is 'n diensbetoon, navorsings- en beleidmakende liggaam vir Rooms-Katolieke skole in Suid-Afrika. Dié skole word gekenmerk deur 'n Christelike onderwys, ooreenkomstig Rooms-Katolieke tradisie. In die skole word erkenning gegee aan kulturele verskille en menswaardigheid en word gestreef na die opbou van 'n nie-rassige gemeenskap waar vryheid van spraak, beweging en assosiasie heers (McAllister en Everingham 1991:4).

2.6.6.3.2 Strukturering van Rooms-Katolieke skole in Suid-Afrika

Volgens McAllister en Everingham (1991:189) het die Katolieke Instituut vir Onderwys 391 geaffilieerde skole, waarvan 245 privaatskole is en die ander Rooms-Katolieke-beheerde staatskole en staatsondersteunde skole (plaasskole). Die skole word in vier hoofgroepe gestruktureer soos aangetoon in Diagram 2.2.

Diagram 2.2 STRUKTURERING VAN ROOMS-KATOLIEKE SKOLE

	Privaat		Staatbeheer/ Staatondersteunend	
	Oop/ Nie-rassig	Biskop/ Kongregasie	Stedelik/ Landelik	Plaasskole
GETAL SKOLE	75	170	66	80
FINANSIE- RING	staatsubsidie skoolgeld Fondsinsame- ling	Staatsubsidie Kongregasie subsidie Skoolgeld Fondsinsame- ling Kerk/Kongre- gasie hou ge- boue in stand	Staat betaal boeke, toerusting, en huur van geboue by die kerk	Staat betaal boeke, toe- rusting en salarisse Die kerk sorg vir geboue en instandhou- ding (Die Staat kan tot 75% van ont- wikkelings- fonds bydra)
BESTUUR	Raad van Regeerders OF Kongregasie	Priester OF Kongregasie	Priester OF Kongregasie Bestuurs- komitee bestaande uit staats- en kerklike ver- teenwoordigers	Priester OF Plaasboer
EIENAARSKAP	Raad van Regeerders OF Kongregasie	Biskop OF Kongregasie	Kongregasie	Kerk
AANSTELLING VAN PERSONEEL	Raad / Skoolhoof	Bestuurder / Skoolhoof	Skoolhoof met staats- goedkeuring	Bestuurder / Skoolhoof

2.6.7 Voordele en nadele van geprivatiseerde onderwys

Afgesien van enkele voordele van geprivatiseerde onderwys in Suid-Afrika wat bespreek word deur Henning (1993:12) en Berkhout (1991:342), is inligting met betrekking tot voor- en nadele van geprivatiseerde onderwys in Suid-Afrika redelik onverkrygbaar. Dieselfde standpunt word gehuldig deur Van Heerden (1990:38).

2.6.7.1 Voordele van geprivatiseerde onderwys

- * Op akademiese gebied presteer leerlinge in die private skool beter as hul eweknie in die staatskool (Henning 1993:12, Bot 1991:79).
- * Privateskoolleerlinge het 'n positiewe houding teenoor huiswerk (Henning 1993:12).
- * Leerlinge in die private skool ontvang meer persoonlike aandag van die onderwyser met betrekking tot hul werksbeplanning (Henning 1993:12).
- * Private skole het oor die algemeen kleiner groepgroottes en 'n kleiner leerling-onderwyserverhouding (Henning 1993:12).
- * Privateskoolleerlinge het 'n groter aspirasie vir universiteitstoelating (Henning 1993:12).
- * Privateskoolleerlinge het 'n positiewe ingesteldheid teenoor godsdiens (Henning 1993:12).
- * Meer tyd word deur privateskoolleerlinge afgestaan aan kulturele en buitemuurse aktiwiteite (Henning 1993:12).
- * Private skole is redelik vrygestel van voorgeskrewe rompslomp, en die bestuur het meer gesag om personeel te werf, te keur en aan te stel (Heely 1951:23).

- * Die mededinging wat voortvloei uit privatisering lei tot 'n groter koste-effektiewe aanwending van skaars hulpbronne (Henning 1992:65).
- * Private skole funksioneer meer onafhanklik as ander skole en oefen groter beheer uit oor aspekte soos die aanstelling van personeel, toelatingsbeleid, kurrikulum, finansiële sake, en verhoudings met ander instellings (Enslin 1992:62).
- * Die vernaamste voordeel wat privatisering in die onderwys meebring, is die verbetering van die finansiële bestuur in die onderwys. Belastingbetalers kan nie altyd reken op die bestaan van effektiewe kontrole oor die besteding van openbare fondse nie. Berkhout (1991:342) noem die volgende voordele van privatisering van onderwys :
 - Die groter finansiële betrokkenheid van ouers sal meebring dat groter verwagtinge gekoester en eise aan die skool gestel word om meer gemeenskapsgeoriënteerd te wees, eerder as net die uitvoerder van nasionale onderwysbeleid - 'n beleid wat dikwels die resultaat van kompromieë is.
 - Privaatonderwys is meer aanpasbaar as onderwys aan 'n openbare onderwysinstelling wat deel uitmaak van 'n omvattende staatsburokrasie. Hierdeur word die akkomodering van maatskaplike veranderings vereenvoudig en kan besondere gemeenskapsbehoefte sonder veel probleme op die kort termyn gerealiseer word.
 - Privaatonderwys sal finansiëel meer effektief funksioneer vanweë beter kontrole en die gevaar dat ondoeltreffendheid tot gevolg sal hê dat so 'n skool moet sluit.
 - Privaatonderwys bevorder diversiteit ten aansien van die wyse waarop kundighede en vaardighede verwerf word.

- Die koste van privaatonderwys is hoog en bevorder die verantwoordelikeheidsbesef van individuele leerders, veral omdat herhaling duur is.
- Privaatonderwys is meer geneig om in voeling te bly met mannekragbehoefte van die mark, om sodoende leerders beter te kan kanaliseer.

2.6.7.2 Nadele van geprivatiseerde onderwys

- * Politici kan privatisering as nadelig beskou, aangesien beheer oor die ideologiese beïnvloeding van die jeug verloor word (Van Heerden 1990:49).
- * Hoewel die land se ekonomie baat vind by privatisering van die onderwys, hou dit vir die oer ernstige finansiële implikasies in (Van Heerden 1990:49).
- * Die koste verbonde aan private skole het tot gevolg dat private onderwys nie noodwendig beskikbaar gestel word aan die beste seuns en meisies nie, maar aan diegene wat dit kan bekostig (Heely 1951:55).
- * Geprivatiseerde onderwys lei tot 'n duplisering van geriewe, want dit is net beskikbaar vir 'n klein deel van die bevolking (Heely 1951:40). Van Heerden (1990:51) meld dat veral in Suid-Afrika, die afnemende blanke leerlinggetalle die onoordeelkundige aanwending van geriewe tot gevolg het.
- * Leerkragte word in 'n groter mate as in staatskole aan produktiwiteits- en prestasiedruk onderwerp. Dit mag langer, ongeforsede werksure en beter klaskamerbestuur van die onderwyser verg (Van Heerden 1990:53).
- * Afhangende van die getal privaatskole en hulle onderlinge afhanklikheid, kan onderwysers ervaar dat geleentheid vir

bevordering meer beperk is en vereistes hoër is as in staatskole (Van Heerden 1990:53).

- * Een van die belangrikste nadele van private onderwysvoorsiening is dat dit duur is. Ouers wat verkies om hul kinders na private opvoedingsinstansies te stuur, betaal op tweeledige wyse vir onderwys, naamlik vir staatskole deur belasting, sowel as die tariewe gehef deur die privaatskool (Van Heerden 1990:50).

2.6.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is melding gemaak dat die Regering nie meer finansieel in staat is om alle skole finansieel in stand te hou nie. Daarna is gefokus op privatiseringsmoontlikhede in 'n model vir onderwysfinansiering in Suid-Afrika.

Vervolgens is die aard van die staatsbeheerde, staatsondersteunde en 'n privaatskool vanuit 'n finansiële bestuursperspektief in oënskou geneem. Elk van die drie tipes skole is afsonderlik beskou met betrekking tot agtergrondinligting wat eie is aan die tipe skool. Hieruit blyk dit dat ten spyte van finansiële en ander probleme by staatsbeheerde skole, 'n leerkultuur stadig besig is om te ontwikkel. Die Model-C staatsondersteunde skooltipe word gekenmerk deur 'n gesonde leerkultuur en ouers wat groter finansiële bydraes maak. Plaasskole wat ook as staatsondersteund beskou word, het 'n eiesoortige karakter en gepaardgaande probleme. Privaatskole wissel van sukkelende kerkskole wat arm swart gemeenskappe bedien tot ryk skole wat welvarende leerlinge bedien. Juridiese determinante volgens die Wet op Onderwysaangeleenthede (Wet 70 van 1988), is hoofsaaklik van toepassing op staatsondersteunde skole en privaatskole wat 'n staatsubsidie ontvang, en in 'n mindere mate van toepassing op staatsbeheerde skole.

Daar is voorts gekyk na die rolspelers betrokke by die verskillende tipes skole se finansies. Die staatsondersteunde en privaatskool word gekenmerk deur 'n veel groter ouer- en gemeenskapsbetrokkenheid

as in die geval by staatsbeheerde skole. Laastens is gefokus op voor- en nadele van die verskillende tipes skole.

In Hoofstuk 3 sal daar gekyk word na die finansiële bestuurstaak in die staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en privaatskool. Aandag sal gegee word aan die aard, wese en terrein van finansiële onderwysbestuur, asook die bestuursfunksies van finansiële beplanning, finansiële organisering, finansiële leidinggewing en finansiële beheer. Aandag word gegee aan aspekte soos die begroting, finansiële komitees, rekenaarondersteuning, finansiële rekordhouding, verslaglewering en fondsinsameling.

HOOFSTUK 3

DIE FINANSIËLE BESTUURSTAAK IN DIE STAATSBEHEERDE SKOOL, STAATSONDERSTEUNDE SKOOL, EN PRIVAATSKOOL

3.1 INLEIDING

In dié hoofstuk word ter inleiding genoem wat die aard, wese en terrein van finansiële onderwysbestuur is. Aandag word ook geskenk aan die bestuursfunksies van finansiële beplanning, -organisering, -leidinggewing en -beheer.

Aangesien die begroting as bestuursinstrument 'n groot deel uitmaak van die finansiële beplanningstaak, word besondere aandag aan hierdie faset gegee. Die begroting is immers die instrument wat gebruik word om die finansiële beplanning te doen ten einde die doelstellings en doelwitte te bereik. Finansiële organisering word omskryf asook aspekte soos die rol van finansiële komitees en rekenaarondersteuning. Finansiële leidinggewing word bespreek met verwysing na verhoudingstigting, motivering en kommunikasie. Finansiële beheer word omskryf, asook aspekte van finansiële rekordhouding en verslaglewering. Voorbeelde van finansiële jaarstate word bespreek. Laastens word gefokus op onderwysvoorsiening op mikrovlak.

Omdat daar betreklik min Suid-Afrikaanse literatuur oor die onderwerp beskikbaar is, en daar ook in bestaande literatuur min onderskeid getref word tussen **staatsbeheerde skole** en **staatsondersteunde skole**, en ook in ag geneem dat 'n groot getal staatsbeheerde skole gedurende 1992 oorgeskakel het na

staatsondersteunde skole, wil die navorser vir die doeleindes van hierdie studie die meeste literatuur voor 1990 koppel aan staatsbeheerde skole, en literatuur wat verskyn het na 1990, van toepassing maak op staatsondersteunde skole.

3.2 DIE TOEPASSING VAN DIE BEGINSELS VAN ONDERWYSBESTUUR OP DIE TERREIN VAN FINANSIËLE ONDERWYSBESTUUR

3.2.1 Die aard van finansiële onderwysbestuur

Finansiële onderwysbestuur word volgens Niemann (1990:386) gedefinieer as die uitvoering van daardie bestuurshandelinge (reëlbare take), wat in verband staan met die finansiële aspekte van 'n skool, deur 'n persoon in 'n gesagsposisie met die uitsluitlike doel om doeltreffende onderwys te laat realiseer.

Finansiële onderwysbestuur is nie sakebestuur nie (vergelyk 2.2). Hoewel die skoolhoof in sakebeginsels onderlê behoort te wees, kan sakebestuur nooit direk op die onderwysituasie toegepas word nie. Finansiële onderwysbestuur is gerig op opvoedende onderwys, terwyl sakebestuur 'n groter bedryfswins ten doel het. Ondanks die onderskeie eiesoortigheid van finansiële onderwysbestuur en sakebestuur, hoef finansiële onderwysbestuur egter nie onafhanklik en geïsoleerd van sakebestuur ontwikkel te word nie. Sakebestuur is as bestuurswetenskap reeds tot op 'n hoë vlak ontwikkel en finansiële onderwysbestuur kan aansluit by en put uit die navorsingsresultate (Mentz en Oosthuizen 1994:155).

3.2.2 Die aard, wese en terrein van finansiële onderwysbestuur

Mentz en Oosthuizen (1994:158) en Niemann (1990:387) omskryf die **aard en wese** van finansiële onderwysbestuur soos volg :

* Finansiële onderwysbestuur gaan in die eerste plek om die opweeg van finansiële behoeftes (na aanleiding van

onderwysdoelstellings) teen die beskikbare onderwysfondse. Bestuursmatig beskou moet die onderwysfondse beplan, georganiseer en beheer word.

- * Finansiële onderwysbestuur het verder te make met sowel mense (leerlinge, personeel en gemeenskap) as dinge (geboue, toerusting, voorrade, hulpmiddels en so meer).

Volgens Niemann (1990:387) behels die **terrein** van finansiële onderwysbestuur die hantering van onderwysfinansies binne sekere kategorieë of gebiede. Hierdie gebiede (bekend as finansiële gebiede) waaronder die begroting, versekering, vervoer, rekeningkundige prosedure, en so meer resorteer, vorm in die geheel die terrein van finansiële onderwysbestuur.

3.3 DIE BEPLANNING VAN SKOOLFINANSIES

Kroon en Van Zyl (1991:125) omskryf beplanning as die bestuurstaak wat te doen het met doelbewuste besinning oor toekomstige doelwitte van 'n onderneming of deel daarvan, die middele en aktiwiteite daarby betrokke en die opstel en implementering van 'n plan om die doelmatige bereiking van die doelwitte moontlik te maak. Van der Westhuizen (1990:142) sien beplanning as 'n intellektuele handeling, waardeur 'n bepaalde toekomstige aktiwiteit bewustelik deurdink word met die doel om sekere doelstellings te bereik.

Kroon en Van Zyl (1991:126) maak die volgende afleidings met betrekking tot beplanning :

- * Beplanning is sowel 'n **dinkproses** as 'n **operasionele proses**. Tydens die dinkproses besin die bestuur oor die **wat** eerder as die **hoe**. Die operasionele proses is die implementeringsfase van beplanning.
- * Beplanning is **toekomsgerig**. Bestuur poog om met die beskikbare

kennis en inligting alternatiewe weë te identifiseer en besluite in die hede te neem wat tot bereiking van doelwitte in die toekoms sal lei.

- * Beplanning word volgens 'n **sistematiese prosedure** uitgevoer. Die onderneming word deur soveel veranderlikes beïnvloed wat 'n invloed op die doelmatige aanwending van hulpbronne het, dat die bestuur beplanning volgens 'n sistematiese prosedure moet uitvoer.
- * Die beplanningsproses begin by die **identifisering van 'n geleentheid of 'n bedreiging**. Planne moet geformuleer word om die geïdentifiseerde geleenthede te benut en bedreigings te oorkom.
- * **Doelstellings en doelwitte** word tydens die beplanningsproses omskryf en **geformuleer**. Die aktiwiteite wat uitgevoer moet word om die doelwitte te bereik, word geïdentifiseer, asook die middele (hulpbronne) wat nodig is om die aktiwiteite uit te voer.
- * Beplanning is gerig op die bevordering van die **effektiewe aanwending** van die **hulpbronne** tot die beskikking van die onderneming.
- * **Besluitneming** is 'n integrerende deel van die beplanningsproses. Beplanning is 'n proses waartydens alternatiewe geïdentifiseer word en besluitneming moet plaasvind om die geskikste alternatief te identifiseer en uit te voer.

Van der Westhuizen (1990:145) onderskei vier belangrike stappe in die beplanningshandeling :

- * Skryf alles neer wat gedoen moet word.
- * Bepaal nou die prioriteit, dus die volgorde, waarin take afgehandel moet word.

* Stel sekere tydskedules op vir terugvoering van resultate.

* Identifiseer hulpmiddele of bronne wat nodig is om resultate te bepaal.

Bepanning beteken volgens Kroon en Van Zyl (1991:126) dat verskillende vrae gevra word, byvoorbeeld **wat** is die doelwitte wat bereik moet word, **wat** moet gedoen word om dit te bereik, **wanneer** moet dit gedoen word om te verseker dat die doelwitte bereik word, **wie** moet dit doen, **waar** moet dit gedoen word, **watter** hulpbronne sal nodig wees, en **hoe** moet dit gedoen word om die doelmatige bereiking van die doelwit te verseker. Om antwoorde op bogenoemde vrae te vind, word die bestuurder gedwing om indringend oor die stand van sake wat in die verlede en hede in die onderneming of afdelings geheers het, asook die verwagte toekomstige stand van sake, te besin.

Die skool se doelstellings en doelwitte kan in die lig van sy missie geformuleer word. In skoolbestuur strek dit vanaf langtermyn doelstellings tot bepaalde korttermynbestuursdoelwitte (Van der Westhuizen 1990:149). Koontz en O'Donnell (1964:104-105) tref onderskeid tussen kwantifiseerbare doelstellings en nie-kwantifiseerbare doelstellings. Kwantifiseerbare doelstellings is daardie doelstellings wat meetbaar is en gevolglik positiewe beplanning moontlik maak, en nie-kwantifiseerbare doelstellings is moeilik meetbaar soos byvoorbeeld 'n werknemer se moreel. Laasgenoemde doelstelling kan wel 'n kwantifiseerbare karakter verkry deur dit te korreleer met 'n kwantifiseerbare item. So kan 'n werknemer se afwesighede (kwantifiseerbaar) byvoorbeeld korreleer met werker moreel (nie-kwantifiseerbaar).

Die begroting is volgens Niemann (1990:389) die praktykwording van die beplanningstaak binne die finansiële onderwysbestuursarea. Arangies (1991:523) sluit aan by bogenoemde met sy siening dat 'n begroting wat koste-geregverdig is, nog die doeltreffendste manier bly om die finansiële beplanning en beheer van 'n onderneming te

doen. Koontz en O'Donnell (1964:77) sien die begroting as 'n plan waarvan die verwagte resultate in numeriese terme uitgedruk word.

3.3.1 Die begroting as finansiële beplanningsinstrument

3.3.1.1 Wat is die begroting ?

Volgens Mentz en Oosthuizen (1994:158) en Mentz (1992:3) is die begroting in wese 'n gedetailleerde (in geld uitgedrukte) plan vir die aktiwiteite wat in 'n sekere tydperk moet plaasvind. Die skoolbegroting is 'n geskeduleerde "toekomsplan" waarin verwagte inkomste en uitgawes teenoor mekaar opgeweeg word. 'n Begroting is ook 'n kontrolemechanisme. Daar kan in enige stadium in die begrotingstydperk vasgestel word of daar by die begroting gehou word en regstellende aksies kan geneem word.

Die begroting moet nie beskou word as bloot 'n lys syfers nie. Dit is veel eerder 'n verfyning of presisiëring van die doelstellings in finansiële terme. Die begroting is 'n funksionele hulpmiddel ten opsigte van die beplanningstaak van die skoolhoof wat betref die bepaling van doelstellings, die formulering van beleid, asook die antisipering en oplossing van probleme (Niemann 1990:389/390).

3.3.1.2 Voor- en nadele van 'n begroting

Mentz (1992:3) sien die begroting as 'n betreklik nuwe instrument in finansiële bestuur. Daar bestaan 'n mate van weerstand teen die opstel van begrotings, deels as gevolg van die onsekerheid waarmee gewerk word.

3.3.1.2.1 Voordele verbonde aan die opstel van 'n begroting

* Die begroting is 'n inligtingsbron. Inligting met betrekking tot alle sake rakende die finansies van die skool kan verkry word deur die begrotingsdokument te raadpleeg (Mentz en Oosthuizen 1994:159).

- * Die begroting leer alle betrokkenes om in geldterme te dink. Eise wat gestel word deur ouers en personeel moet in rand en sent teenoor inkomste balanseer (Mentz en Oosthuizen 1994:159, Berkhout en Berkhout 1992:52, Mentz 1992:4).
- * Behoeftes van alle afdelings in die skool kan deur alle betrokkenes gesien en beoordeel word (Berkhout en Berkhout 1992:53). Die skool funksioneer dus as 'n eenheid, deurdat die voorraadaankopers byvoorbeeld bewus is van die omvang van brandstofuitgawes en andersom. Begrip en 'n gees van samewerking om gemeenskaplike doelwitte te bereik, kan gekweek word (Mentz en Oosthuizen 1994:159, Mentz 1992:4).
- * 'n Begroting kan alle betrokkenes aanspoor om te bespaar (Berkhout en Berkhout 1992:53). Die besef dat groot afwykings van die begroting 'n skool in 'n finansiële verknorsing kan plaas, moet by ouers en personeel tuisgebring word (Mentz en Oosthuizen 1994:159, Mentz 1992:4).
- * 'n Begroting dwing mense om duidelike doelwitte te stel, maar binne die materiële vermoëns van die skool (Mentz 1992:4).
- * 'n Begroting is 'n kontrolemeganisme aangesien afwykings dadelik uitgewys kan word (Mentz 1992:4).
- * Personeel word tydens begrotingskomiteevergaderings gedwing tot analise, selfanalise en verantwoording (Berkhout en Berkhout 1992:53).
- * Verouderde en tradisionele gewoontes en gebruike wat andersins dikwels angsvallig verborge gehou word ten einde kritiek of verandering te voorkom, word ontbloot (Berkhout en Berkhout 1992:53).

3.3.1.2.2 Nadele van 'n begrotingstelsel

- * Die begroting word dikwels gehanteer as 'n suiwer boekhoukundige stelsel, terwyl dit 'n bestuursinstrument is (Mentz en Oosthuizen 1994:159, Mentz 1992:4).
- * Begrotings mag so beperkend wees dat dit die inisiatief van die bestuur aan bande lê en die voordele van outonومiese optrede neutraliseer (Van Niekerk 1988:255).
- * Doelwitte word soms ondergeskik gestel aan beskikbare fondse. Dit is belangrik dat doelwitte eers gestel sal word en prioriteite dan gestel word voordat dit versoen word met beskikbare fondse (Mentz en Oosthuizen 1994:159, Mentz 1992:4).
- * Die begroting kan 'n te nou dwangbuis word waarbuite mense nie wil dink nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die begroting te enige tyd verander kan word namate geld beskikbaar kom (Mentz en Oosthuizen 1994:159, Mentz 1992:4).
- * 'n Begroting wat deur die rekeningafdeling opgestel is, het dikwels beperkte (gebruiks-) waarde. In teenstelling hiermee sal 'n begroting wat in samewerking met die betrokke beamptes onder toesig van 'n bedryfsekonoom of 'n persoon met uitgebreide bedryfskennis of toepaslike administratiewe ervaring opgestel word, gewoonlik wel doelmatig wees (Berkhout en Berkhout 1992:54).

3.3.1.3 Algemene funksies van die begroting

Arangies (1991:524) identifiseer die volgende funksies van die begroting :

- * 'n beleidsplan vir die bestuur waarin die toekoms geprojekteer en die rigting van optrede vasgelê word;
- * 'n middel tot beleidsoordrag aan ondergeskiktes wat met die

uitvoering belas is en die nodige riglyne daarvoor gee;

- * 'n taakopdrag aan ondergeskiktes en 'n magtiging vir die neem van beslissings waarvan die grense in die begroting voorkom;
- * 'n koördinasiemiddel om die mikpunte van verskillende afdelings met mekaar te versoen; en
- * dit dien as beheermiddel, dit wil sê 'n middel ter bevestiging van beleid en die uitvoering daarvan.

Kortom, die begroting is 'n plan, 'n opdrag, 'n magtiging tot optrede en 'n beheermiddel.

3.3.1.4 Die skoolfonds-begroting

Die skoolfonds-begroting is 'n plan van aksie waarin uiteengesit word hoe die beperkte middele van die skool op die mees effektiewe wyse aangewend behoort te word. Volgens La Grange en De Wet (1993:82) kan die skoolfonds-begroting in die volgende stappe ingedeel word :

- * die bepaling van doelstellings en doelwitte van die skool en die plan waarvolgens dit uitgevoer moet word;
- * die omsetting van doelstellings en doelwitte in terme van opvoedkundige behoeftes;
- * die versameling en beoordeling van alle relevante inligting;
- * die voorbereiding van die uitgaweplan;
- * die voorbereiding van die inkomsteplan;
- * die konsolidering van die uitgawe- en inkomsteplan in een begrotingsdokument; en

* die finale oorweging en goedkeuring van die skoolfondsbegroting.

Mentz en Oosthuizen (1994:160) sien die begroting nie as net 'n stel syfers nie, maar eerder 'n verfyning van die skool se aktiwiteite in finansiële terme. Die eerste stap by die opstel van 'n begroting is om 'n omvattende netwerk van doelwitte vir die skool te formuleer. Eers nadat die doelwitte volledig uitgespel is, kan die finansiële implikasies van die uitvoering van die aktiwiteite in 'n begrotingsdokument uitgestippel word (Niemann 1990:411). Mentz (1992:4) voeg by dat die missie en grondwet van die skool 'n belangrike riglyn is by die bepaling van die oorkoepelende doelstelling(s).

Elke departements- of afdelingshoof moet 'n begroting vir die aktiwiteit waarvoor hy verantwoordelik is in ooreenstemming met die beleid wat bepaal is, voorberei. Die departementele begrotings behoort dan aan 'n begrotingskoördineerder voorgelê te word. Daarna moet die verband tussen verskillende programme en die behoefte aan bronne bepaal word. Prioriteite moet aan bepaalde aktiwiteite toegeken word sodat 'n keuse gedoen kan word wanneer bepaal word op watter wyse die beskikbare geld ten beste aangewend kan word (La Grange en De Wet 1993:83).

3.3.1.5 Soorte skoolfondsbegrotings

La Grange en De Wet (1993:83) tref 'n onderskeid tussen termynbegrotings wat oor 'n bepaalde termyn strek, en begrotings wat 'n herhalende karakter het, byvoorbeeld die jaarbegroting, die kontantbegroting, die investeringsbegroting, die kapitaalbegroting en projekbegrotings.

3.3.1.5.1 Die kontantbegroting

Die onderneming het altyd 'n behoefte aan kontant en die bedrag benodig sal van maand tot maand wissel, afhangende van die maandelikse kontantontvangste en -uitbetalings (Arangies 1991:532).

La Grange en De Wet (1993:83) sien die kontantbegroting as 'n gedetailleerde raming van die totale kontantinvloei en die totale kontantuitvloei, en die gevolglike kontantsaldo vir 'n bepaalde toekomstige tydperk. Die kontantbegroting toon die wisselende kapitaalbehoefte volledig en toon :

- * die tempo waarteen, en die tydstippe waarop kontant invloei;
- * die tempo en tydstippe waarop kontant sal uitvloei;
- * die beskikbaarheid van kontant vergeleke met die behoefte daaraan; en
- * die kontantoverskotte en -tekorte, die tydstippe waarop dit sal ontstaan en vir hoe lank dit sal duur.

Kortom, die finansiële leier kan nou vooruit weet : Hoeveel ekstra geld is nodig, wanneer en vir hoe lank? Sal daar oorskotte wees, wanneer en vir hoe lank? Die primêre doel van die kontantbegroting is om die insig in die likwiditeit oor 'n gegewe termyn te verskerp en die skool in staat te stel om betyds tekorte aan te vul en oorskotte aan te wend. Daarmee word ook die rentabiliteit en die solvabiliteit gedien (Poolman en Reynders 1978:183).

Die kontantbegroting kan op verskillende wyses opgestel word. Tabel 3.1 toon 'n voorbeeld van een van die gebruiklikste metodes vir die opstel van 'n kontantbegroting (La Grange en De Wet 1993:84).

TABEL 3.1

ABC-SKOOL

KONTANTBEGROTING : JANUARIE 19X1-DESEMBER 19X1

Pos	Jan	Feb	Maart	April	Mei	Ens
Kontant voorhande (A)	5000	7600	5320	270	4750	ens
Ontvangste						
Skoolfondsbydrae deur leerlinge	8000	2400	1600	9800	2000	ens
Sportbyeenkomste	3500	500	-	600	1650	
Ander: (spesifiseer) bv Skoolkonsert, Funksies	-	-	370	400	2800	
Totaal (B)	11500	2900	1970	10800	5450	ens
Betalings						
Reiskoste	400	750	890	600	400	
Sportapparaat	1500	130	570	400	60	
Verversingsaankope	700	-	160	150	200	
Vervoer van leerlinge	2200	3800	2600	2200	1400	
Oudiovisuele hulpmiddels	3600	-	800	300	-	ens
Biblioteekaankope	-	-	-	1500	-	
Instandhouding - terrein	500	500	500	600	600	
Ander: (spesifiseer) bv Konsertuitgawes	-	-	1500	750	80	
Totaal (C)	8900	5180	7020	6500	2740	ens
Likiede middele einde van die maand (A + B + C) ens	7600	5320	270	4570	7280	ens

Bogenoemde kontantbegroting word deur DOK (1994:3) geskei in twee aparte begrotings, naamlik die bedryfsuitgawebegroting en die inkomstebegroting of finansiële projeksie. Vergelykende syfers word gebruik om die begrote bedrag en werklike bedrag vir die pas afgelope finansiële jaar te toon, asook die begrote bedrag vir die nuwe finansiële jaar, vir elke item.

Die kontantbegroting word gewoonlik vir 'n jaar opgestel en kan dan

in korter tydperke, byvoorbeeld kwartaalliks, maandeliks of weekliks, verdeel word. Waar tekorte in die kontantbegroting aangedui word, behoort die skool die uitgawes vir 'n bepaalde tydperk te besnoei of addisionele fondsinsameling van stapel te stuur, om só 'n verwagte tekort te kan finansier (La Grange 1991:100). Die finansiële bydrae van die borgliggaam speel 'n belangrike rol in die finansiële beplanning en by die opstel van inkomste- en uitgawebegrotings by **staatsondersteunde skole** (Peach 1992:3).

3.3.1.5.2 Die kapitaalbegroting

Die kapitaalbegroting behels alle kapitaaluitgawes soos die aankoop en oprigting van geboue, sportgeriewe en ander vaste bates (DOK 1994:3). Volgens La Grange en De Wet (1993:84) verwys die kapitaalbegroting na beplanningsaksies wat met die verkryging en aanwending van geld vir kapitale projekte te doen het. Kapitale projekte sluit onder meer vaste eiendom, toerusting en aktiwiteite soos uitbreiding in. Alhoewel Arangies (1991:532) se beskrywing van die kapitaalbegroting op die nywerheid gefokus is, bevat dit elemente wat van toepassing is op skole en ook ooreenstem met La Grange en De Wet, soos byvoorbeeld dat die kapitaalbegroting betrekking het op nuwe geboue, uitbreiding van bestaande geboue, toerusting en voertuie.

La Grange (1991:103) stel die volgende vereistes vir 'n doeltreffende kapitaalbegroting :

- * 'n soeke na en identifisering van investeringsgeleenthede;
- * die inwin van inligting met betrekking tot moontlike alternatiewe; en
- * die oorweging van alternatiewe in die lig van beskikbare inligting om tussen relevante en irrelevante oorwegings te onderskei, sodat data betekenisvol georganiseer kan word.

Scheurkogel (1978:257) sluit aan by bogenoemde en meld dat die kapitaalbegroting te doen het met die rigting gee aan en die beheer oor kapitaalbesteding in die ruimste sin. Die kapitaalbegroting is niks anders as 'n toekomsplan waarin aangetoon word :

- * die behoefte aan geld vir investering - die vraagkant en dus meer bepaald die investeringsbesluit; en

- * die voorsiening in die behoefte - die aanbodkant en dus meer bepaald die finansieringsbesluit.

3.3.1.6 Die partye betrokke by die opstel van die begroting

Volgens La Grange en De Wet (1993:85) behoort die skoolhoof van die **staatsondersteunde skool** (vergelyk 2.5.4) toe te sien dat die skoolfondsbegroting op die unieke eienskappe van die onderwysprogram en/of die leerlinge van die skool gebaseer is. Daarom is dit noodsaaklik om die ouers en leerlinge by die ontwikkeling van die begroting te betrek. Daardeur word die betrokkenheid van 'n verskeidenheid mense wat betekenisvolle bydraes ten opsigte van die unieke behoeftes van die skool en die ouergemeenskap kan lewer, bevorder. Terselfdertyd sal die ouers en leerlinge die probleme en beperkinge rondom die ontwikkeling van die begroting beter begryp. Persone wat begrotings kritiseer, word dikwels ondersteuners daarvan wanneer hulle die doelwitte van die skool, asook die finansiële beperkings waaronder die skool funksioneer, begryp.

Met betrekking tot **staatsbeheerde skole** spog Luhlaza Senior Secondary School in Khayelitsha met 'n 92% matriekslaagsyfer. Hierdie sukses word toegeskryf aan 'n puik ouer-onderwyser-leerlingbetrokkenheid by alle skoolgebeure, asook leerlingdeelname in besluitneming (Ritchie 1994:19). Uit bogenoemde is dit duidelik dat die betrokkenheid van 'n verskeidenheid mense betekenisvolle bydraes kan lewer, ook op finansiële gebied.

3.4 FINANSIËLE ORGANISERING

3.4.1 Omskrywing van organisering

Organisering is so oud soos die mens self. 'n Voorbeeld van organisering word in Eksodus 18 :17-23 gevind toe Moses se skoonvader, Jetro, vir hom gesê het dat die werk vir hom te veel is om alleen te doen. Jetro het toe by Moses aanbeveel dat hy sy taak aansienlik kan verlig deur vir hom bekwame leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien, aan te stel. Reeds hier word eenheid van bevel, delegering, beleid en prosedures gevind (Van der Westhuizen 1990:171).

Cronje et al., (1987:100) sien organisering net soos beplanning, as 'n onontbeerlike en integrerende element van die bestuursproses. Daarsonder is die suksesvolle uitvoering van die strategie en planne tot wanorde gedoem, omdat die sistematiese toewysing van hulpbronne en mense om die plan ten uitvoer te bring, dan ontbreek. Sonder organisering om die aktiwiteite van bestuur en werkers te koördineer en te orden, is leiding en beheer nie moontlik nie. Die leiding kan nie geneem word en beheer kan nie uitgeoefen word, as dit nie duidelik is wie vir 'n spesifieke taak verantwoordelik is nie.

3.4.2 Die organiseringsproses

Organisering kan opgesom word as die werk wat 'n bestuurder verrig ten einde ondergeskiktes hul werk so effektief moontlik te laat doen. Volgens De Bruyn (1991:234) het die organiseringsproses die volgende hoofstappe :

- * Die bepaling van die doelstellings en doelwitte wat deur die onderneming bereik wil word;
- * Die bepaling van die belangrikste ondernemingsaktiwiteite wat verrig moet word om die bereiking van doelstellings en doelwitte moontlik te maak;

- * Die verdeling en groepering van ondernemingsaktiwiteite in afdelings; en
- * Die ontwerp van die organisasiestruktuur wat die visuele voorstelling van die proses op 'n bepaalde tydstip uitbeeld.

Die organisering van finansiële aktiwiteite in die **staatsondersteunde skool** (vergelyk 2.5), kan volgens La Grange (1991:42) in bepaalde stappe plaasvind.

Stap 1 Besluit watter werk gedoen moet word om die gewenste resultaat te bereik.

Stap 2 Verdeel die werk in subgroepe of aktiwiteite.

Stap 3 Wys die werk toe aan persone wat dit kan uitvoer.

Stap 4 Verdeel die werk in departemente deur 'n bestuurder in bevel van persone wat soortgelyke aktiwiteite moet uitvoer, te plaas.

Stap 5 Koördineer die werk van individue en departemente.

Die belangrikheid van delegering en die omskrywing van die onderskeie gesagsposisies blyk uit stappe twee, drie, en vier, terwyl koördinering in stap vyf beklemtoon word. La Grange wys daarop dat die belangrikheid van kommunikasie nie uit die oog verloor moet word nie.

Niemann (1985:122) noem die volgende kenmerke van organisering wat betrekking het op **staatsbeheerde skole** (vergelyk 2.4) :

- * daar is 'n taak wat uitgevoer moet word;
- * doelwitte moet verwesenlik word;
- * dit moet die gladde funksionering van die organisasie verseker;

* daar bestaan 'n bepaalde gesagstruktuur omdat mense in verhoudings tot mekaar saamwerk; en

* dit moet die beste benutting van beskikbare bronne moontlik maak.

3.4.3 Die subtake van organisering

3.4.3.1 Organisasiestruktuurskepping

'n Organisasiestruktuur is 'n bepaalde raamwerk van poste wat opgestel word en waarin mense wat verskillende soorte handeling verrig, saamgegroepeer word sodat hulle gesamentlik 'n gemeenskaplike doelstelling nastreef. Die organisasiestruktuur kan die vorm van een of meer van 'n verskeidenheid moontlikhede aanneem, byvoorbeeld 'n lynorganisasiestruktuur, 'n lyn- en staforganisasiestruktuur, 'n funksionele organisasiestruktuur, en 'n matriksorganisasiestruktuur. Die spanwydte van beheer kan wissel en op 'n horisontale of 'n vertikale struktuur dui (Van der Westhuizen 1990:170-176).

In elke onderneming (skool) moet 'n finansiële organisasie geskep en in stand gehou word, wat bestaan uit die samespel van mense en hulpmiddels wat in noue kontak werk met ander onderdele van die onderneming, en wat vir die volgende aspekte verantwoordelik is (Oosthuizen en Marais 1994:181) :

* die uitdrukking van verskillende planne in terme van geld, sodat sodanige planne onderling vergelykbaar word;

* die opstel van finansiële kriteria met behulp waarvan planne onderling beoordeel en teen mekaar opgeweeg word;

* finansiële vooruitskattings;

* nadere konkretisering van kapitaalbesteding en kapitaalaantrekking wat uitmond in finansiële state; en

- * analises en vertolking van verskille tussen finansiële beplanning en die werklikheid.

Bogenoemde funksies kan aansienlik vergemaklik word en meer akkuraat bygehou word deur die gebruik van sigblad- en rekenkundige rekenaarprogramme (vergelyk 3.4.5).

3.4.3.2 Delegering

Niemann (1990:395) sien delegering as die toewysing van take tot op die vlak van die individuele werker, en word gesien as 'n belangrike aspek van die organisering van die skoolfinansies. Die volgende delegeerbare werksaamhede het betrekking op die organisering van die skoolfinansies :

- * tikwerk;
- * liassering;
- * duplisering;
- * telefoonbediening;
- * koste-ontleding; en
- * rekenaarbeidening.

3.4.3.3 Koördinering

Van der Westhuizen (1990:186) beskryf koördinering as die handeling wat keuse, materiaal, mense, idees en tegnieke in 'n harmonieuse verhouding tot mekaar bring. Deur koördinering word gesinchroniseer.

In die organisering van die skoolfinansies behels koördinering in die eerste plek die sinchronisering van die werksaamhede binne die administratiewe komponent, met ander woorde tussen die tiksters, liasseerklerke, telefoonoperateurs, kosteberekenaars, rekenaarbeidiëners en so meer. In die tweede plek impliseer koördinering ook die harmonieuse samewerking en begrip tussen die verskillende komponente wat betrokke is by die totale

organiseringshandeling. Dit is belangrik dat alle betrokke partye 'n totale visie van die organiseringstaak sal hê en op die hoogte moet wees van hoe elke ander party in die organisasiestruktuur inpas (Niemann 1990:396).

3.4.4 Finansiële komitees

In finansiële bestuur is dit dikwels nodig om van finansiële komitees, waar die kennis, ervaring, vaardighede en oordeel van meer as een persoon nuttig gebruik kan word, gebruik te maak. 'n Komitee of 'n taakmag kan 'n belangrike bydrae tot doeltreffende besluitneming lewer. Dit skeep 'n instrument waardeur die kennis en vaardighede van verskillende lede van die onderneming op 'n formele wyse saamgevoeg kan word en waardeur sinergie van die kennis en vaardighede tot doeltreffende probleemoplossing en besluitneming aangewend kan word (Du Preez 1991:314).

Ingevolge Artikel 17 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad) no. 70 van 1988, kan 'n bestuursraad (vergelyk 2.5.4.4) van 'n skool een of meer komitees aanstel om hom met sy werksaamhede behulpsaam te wees. 'n Komitee bestaan uit een of meer lede van die bestuursraad, of met goedkeuring van die Minister, een of meer ander persone wat geskik geag te word, en die komitee kan te eniger tyd deur die raad ontbind of heraangestel word.

La Grange (1991:46) asook Reynders en Bosch (1985:34) stel die volgende vereistes vir die effektiewe funksionering van 'n finansiële komitee :

- * Daar moet 'n besliste behoefte wees aan so 'n komitee.
- * Die gesag en verantwoordelikheid van die komitee moet duidelik omskryf word.
- * Die komitee moet nie te groot wees nie, anders word dit te lomp.

- * Die komitee moet 'n puik voorsitter hê.
- * Die komitee moet 'n goeie prosedure volg.
- * Daar moet ag geslaan word op die aanbevelings van die komitee.

3.4.5 Rekenaarondersteuning

Rekenaarondersteuning is 'n belangrike hulpmiddel vir finansiële bestuur. Die gebruik van die rekenaar kan tot hoër produktiwiteit aanleiding gee deurdat dit tydsbenutting kan bevorder en data tydig beskikbaar gestel word (La Grange 1991:49). Jonker (1994:60) sluit aan by bogenoemde met sy stelling dat kontrole nie uitgeoefen kan word as daar nie op 'n gereelde grondslag inligting verkry word van uitgawes en inkomste nie. Data wat deur 'n doeltreffende bestuursinligtingstelsel verskaf word met betrekking tot die skool se finansies, word deur Fourie (1987:20) soos volg saamgevat :

- * **Begrotingsdata** : kapitaalbegrotings, begroting vir lopende uitgawes, begroting ten opsigte van toerusting en media, data oor items toegestaan op die vorige begroting, maar wat nog uitstaande is, en data oor items wat herhaal word op die begroting.
- * **Fondsinsamelingsdata** : skoolfonds, ander projekte soos kompetisies, funksies, en toedeling van fondse aan voorafbepaalde bestemmings.
- * **Vergaderingsdata** : datumbepalings en die name en adresse van verskillende komitees.
- * **Jaarprogram-data** : vir verskillende aktiwiteite.

Die bestuursinligtingstelsel behoort inligting met betrekking tot die volgende vrae aan die finansiële bestuurders van die skool te verskaf (Jonker 1994:61) :

- * Uit watter bronne het die skool inkomstes verkry in die vorige boekjaar ?
- * Hoeveel inkomste het elk van hierdie bronne gelewer ?
- * Watter inkomstebronne sal daar vir die volgende boekjaar wees ?
- * Wat is die verwagte inkomste wat elke onderskeie bron kan lewer?
- * Wat was die totale uitgawe vir elke afdeling die afgelope boekjaar ?
- * Wat is die verwagte uitgawe vir elke afdeling vir die komende boekjaar ?
- * Hoe vergelyk die werklike inkomste met die verwagte inkomste tot op datum ?
- * Hoe vergelyk die werklike uitgawes met die verwagte uitgawes ?
- * Kan daar van elke sent rekenskap gegee word ?

By die implementering van 'n bestuursinligtingstelsel moet rekening gehou word met bestaande organisasiestrukture en -praktyke. Indien implementering 'n grootskaalse herskikking van strukture en praktyke sal beteken, kan die rekenaar as onvriendelik beleef word met 'n gepaardgaande antagonisme (Basson 1990:480).

3.5 FINANSIËLE LEIDINGGEWING

3.5.1 Omskrywing van leidinggewing

As leier word daar van overheidsweë sowel as van die gemeenskap en personeel, bepaalde verwagtinge van die skoolhoof gekoester. Om aan hierdie verwagtinge te voldoen en om die onderwysdoelstellings en -doelwitte te bereik, moet mense gemobiliseer en georganiseer word

en as sodanig veronderstel finansiële bestuur in die onderwys noodwendig leidinggewing. Daarom moet die skoolhoof ten opsigte van die finansies van die skool leiding gee om beide intern en ekstern die nodige samewerking te verkry (La Grange 1991:59). In die bestuurshandelinge, beplanning en organisering, gaan dit oor die aktiwiteite van mense, terwyl daar in leidinggewing met mense gehandel word (Van der Westhuizen 1990:188).

3.5.2 Verhoudingstigting

Die skoolhoof het as deel van sy finansiële leidinggewing die taak om interne verhoudings te skep om sodoende doelstellings en doelwitte te bereik. Die organisering van skoolfinansies berus op 'n reeks integrerende, interafhanklike aktiwiteite. Inligting moet byvoorbeeld versamel, vasgelê, georden en weer beskikbaar gestel word. Hierdie aktiwiteite kan op die doeltreffendste wyse afgehandel word wanneer sowel die administratiewe as die akademiese personeel daarby betrokke is (Niemann 1990:399).

Benewens die handhawing van gesonde interne verhoudings, het die skoolhoof in sy finansiële leidinggewing ook die taak van die skep en handhawing van gesonde eksterne verhoudings. Die eksterne verhouding tussen die skool en gemeenskap skyn drieledig van aard te wees, naamlik die verhouding tussen die skool en die breë gemeenskap, die ouergemeenskap en die sakegemeenskap. Die verhouding tussen die breë gemeenskap en die skool ontstaan deurdat 'n gedeelte van die staatsinkomste uit belasting aan die onderwys toegewys word. Die ouers se verhouding tot die skool ontstaan omdat hul kinders daar verder en vollediger ontsluit word as tuis, terwyl die skool op sy beurt op die ouers se beskermings- en ondersteuningsfunksie aangewese is. Die sakegemeenskap het op sy beurt 'n behoefte aan geskoolde mannekrag wat deur die onderwys verskaf moet word. Die sakegemeenskap is bereid om geld in die onderwys te belê, maar verwag terselfdertyd dat hierdie investering die onderwyspeil sal verhoog en dat die skool beter geskoolde werkers sal verskaf (Niemann 1990:400).

3.5.3 Motivering

Die term **motivering** kom van die Latynse woord **movere**, wat beteken "om in beweging te bring". Motivering is die vonk wat tot aksie aanleiding gee en dit beïnvloed die rigting van die optrede van die mens (Van der Westhuizen 1990:202).

Marx en Churr (1984:268-269) sluit aan by bogenoemde as hulle motivering sien as alle pogings wat die bestuur aanwend om sy ondergeskiktes aan te spoor om vrywillig hul beste prestasies te lewer. Vanuit die oogpunt van die ondergeskikte word motivering omskryf as 'n bereidwilligheid om energie te gebruik om 'n doel of beloning te bereik.

Niemann (1990:401) tref onderskeid tussen interne motivering en eksterne motivering. Onderwyspersoneel is gemotiveerd indien hulle motiewe in ooreenstemming met die eise van die skool is. Met betrekking tot finansiële bestuur in die onderwys, behels die skoolhoof se taak ten opsigte van interne motivering, volgens La Grange (1991:66), die volgende :

- * Hy moet elke personeellid laat voel dat hy/sy deel van 'n span is wat gemeenskaplike doelstellings en doelwitte gesamentlik wil bereik.
- * Hy behoort sy motiveringstegnieke na gelang van omstandighede te varieer.
- * Hy moet die administratiewe personeel by die finansiële aktiwiteite inskakel en wel op so 'n wyse dat hulle voel dat hulle deel van die span is.
- * Hy moet die personeel motiveer om enige take met betrekking tot die ekonomiese aanwending van skoolfonds met entoesiasme en ywer in belang van doeltreffende onderwys en opvoeding te rig.

- * Hy moet die personeel bewus maak van die noodsaaklikheid om alles op 'n ekonomiese wyse te gebruik.
- * Hy moet daarna streef om 'n gesonde organisasieklimaat te vestig waarin personeel lojaal en entoesiasties is, en bereid is om groter insette te lewer.

Die eksterne motiveringstaak van die skoolhoof het twee fasette. Eensyds moet die gemeenskap aktief betrek word by die skoolaktiwiteite en gemotiveer word om begrip vir die skool en sy werksaamhede te hê. Andersyds moet die skoolhoof voorsiening maak vir die terugvoering van inligting vanaf die skool na die gemeenskap (Niemann 1990:404).

3.5.4 Kommunikasie

Die onderwysleier verkeer vir ongeveer tagtig persent van sy tyd per dag in 'n kommunikeringsinteraksie. Dit is dus duidelik dat die onderwysleier sy tyd vir die grootste deel van sy dagtaak aan kommunikasie bestee en die belangrikheid van kommunikasie kan nouliks oorbeklemtoon word (Van der Westhuizen 1990:214).

In finansiële onderwysbestuur begin kommunikasie by die opstel van die begroting. Om die skoolfinansies te beplan, word inligting van die personeel bekom. Die personeel dien gemotiveerde begrotingsaansoeke in en terugvoering word verskaf met betrekking tot die aanvaarding of afwysing van die aansoeke. Op dié wyse vloei inligting dus in albei rigtings (Niemann 1990:405).

Die terugvoering wat die gemeenskap van die skool verkry, blyk van strategiese betekenis vir die opbou van positiewe gesindhede te wees. Die skoolhoof se eksterne kommunikeringsstaak behels die verslagdoening aan die gemeenskap ten opsigte van die besteding of aanwending van onderwysfondse (Niemann 1990:406) (vergelyk 3.6.5.2).

3.6 FINANSIËLE BEHEER

3.6.1 Omskrywing van beheer

Crous (1991:483) omskryf beheer as die bestuursfunksie wat die koördinerings- en doeltreffende funksionering van alle ondernemingsaktiwiteite verseker, sodat geformuleerde ondernemingsdoelwitte volgens beplanning geïmplementeer en nagestreef word. Niemann (1990:409) sluit by bogenoemde aan met sy siening dat 'n beheerstelsel nodig is om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in harmonie met die verwagte onderwysdoelwitte gebring word. Van Niekerk (1988:237) beklemtoon dat beplannings- en beheeraktiwiteite onlosmaaklik verbonde is, en dikwels die "Siamese bestuurstweeling" genoem word. Hy definieer beheer as 'n sistematiese poging om die werklike aktiwiteite en werkverrigtinge met behulp van 'n inligtingsstelsel met die voorafbepaalde doelwitte, planne, en standaarde te vergelyk, en indien nodig toepaslike korrektiewe maatreëls te tref ten einde afwykings te korrigeer.

Uit 'n bestuursoogpunt sien Cronje et al., (1987:124) beheer as 'n proses waardeur die bestuur toesien dat die werklike aktiwiteite met die vooropgestelde doelwitte en beplande aktiwiteite strook. Hierdie omskrywing impliseer die volgende vier stappe wat grootliks ooreenstem met Reynders en Bosch (1985:31) en De Klerk en Van Zyl (1987:652-654) :

Stap 1 Stel prestasiestandaarde.

Stap 2 Neem die werklike prestasie waar.

Stap 3 Evalueer die afwykings.

Stap 4 Tree korrektief op.

Volgens Van der Westhuizen (1990:226) is die doel van beheer om beplanning tot uitvoer te bring, beplanning te evalueer, en indien nodig, regstellings te maak.

In die formele onderwys word sowel staatsgeld as geld van ouers ontvang en bestee. Verantwoording teenoor die Staat, ouers en gemeenskap vereis dat geld op verantwoordbare wyse geadministreer en bestee word. Kwitansies moet uitgereik, ontvangstes en betalings aangeteken en fakture en state noukeurig gekontroleer word, vir korrektheid (Basson 1990:469).

3.6.2 Die belangrikheid van beheer

Beheer is om verskeie redes 'n belangrike bestuursaktiwiteit. Van Niekerk (1988:237) het van dié belangrikste redes soos volg saamgevat :


- * Dit stel die bestuur in staat om die sukses van die verskillende bestuursaktiwiteite effektief te beoordeel, want beheer is ten nouste gekoppel aan ander bestuursaktiwiteite.
- * Dit help om die gedrag van individue en groepe volgens organisasiedoelwitte te rig.
- * Dit help om die organisasie se hulpbronne meer sistematies toe te deel en doeltreffender te benut.
- * Dit stel die bestuur in staat om veranderings te bespeur en om bedreigings wat dit inhou, of die geleenthede wat dit mag bied, korrek te diagnoseer.
- * Die werkverrigtingsprestasie en ontwikkeling van ondergeskiktes kan slegs deur beheermaatreëls gemonitor en verbeter word.
- * Dit is 'n onmisbare aktiwiteit in enige organisasie en skakel ten nouste met al die belangrike aktiwiteite wat met 'n organisasie se insette, werkverrigtingsprosesse en uitsette gemoeid is.

3.6.3 Die fokuspunte van beheer

Volgens Cronje et al., (1987:128) behels die bestuursproses die suksesvolle kombinerings en bestuur van hulpbronne ter bereiking van ondernemingsdoelwitte. Die meegaande Figuur 3.1 illustreer die fokuspunte van beheer soos volg :

- * Die beheer van **fisiese hulpbronne** behels aspekte soos voorraadbeheer en beheer oor toerusting.
- * Die beheer oor **menslike hulpbronne** behels die ordelike keuring en plasing, beheer oor opleiding en personeelontwikkeling, prestasie-evaluering en vergoedingspeil.
- * Die beheer van **inligtingsbronne** behels sake soos akkurate markvooruitskatting, voldoende omgewingsverkenning, en ekonomiese vooruitskouing.
- * Die **finansiële hulpbronne** word in die figuur in die middel aangedui omdat finansiële hulpbronne nie alleen in eie reg beheer word nie, soos byvoorbeeld kontantvloei- of debiteurebeheer, maar omdat die meeste beheermaatreëls of tegnieke in finansiële terme gekwantifiseer word, byvoorbeeld begrotings, verkope, produksiekoste en verskeie ander.

Figuur 3.1 Die fokuspunte van beheer



3.6.4 Effektiewe finansiële beheer

In die staatsondersteunde skool (vergelyk 2.5) behoort die skoolhoof in samewerking met sy bestuurspan die nodige standarde te bepaal waarvolgens die finansiële prestasie beoordeel word. Sulke standarde kan kwalitatief wees, byvoorbeeld in terme van die aantal leerlinge wat by 'n bepaalde aktiwiteit betrek moet word, of dit word in finansiële terme uitgedruk, sodat dit onder meer in begrotings gebruik kan word. La Grange (1991:73) stel die volgende vereistes vir effektiewe finansiële beheer :

- * Dit behoort te berus op die uitgangspunt dat uit die verlede geleer word om die toekoms te beheer.
- * Moontlike afwykings moet ontdek en vermeld word voordat groot

uitgawes daarvoor aangegaan is.

- * Dit moet by die formele organisasiestruktuur aanpas.
- * Dit moet so ver moontlik ook by die informele organisasieverhoudings aanpas.
- * Dit moet vir diegene wat dit toepas, verstaanbaar wees.
- * Dit moet ekonomies toegepas kan word.
- * Dit moet ten opsigte van veranderde omstandighede aanpasbaar wees.
- * Dit moet die aard en behoeftes van die aktiwiteit reflekteer.
- * Dit moet waar nodig tot korrektiewe optrede lei.

Ook in die **staatsbeheerde skool** (vergelyk 2.4.3) is 'n beheerstelsel nodig om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in harmonie met die verwagte onderwysdoelwitte gebring word. Volgens Niemann (1985:217) moet die skoolhoof beheervorskrifte bepaal aan die hand waarvan die aktiwiteite met betrekking tot finansiële onderwysbestuur gereguleer kan word. Hierdie beheervorskrifte behels die vasstelling van standaarde en kriteria, die wyse waarvolgens finansiële prestasies waargeneem en beoordeel moet word, en riglyne vir korrektiewe optrede. Wat **staatsondersteunde skole** (vergelyk 2.5.3) betref, stem Fourie (1990:73) saam met Niemann dat die skoolhoof moet toesien dat sy organisering en kontrole van die geldsake kerngesond is.

3.6.5 Finansiële rekordhouding en verslaglewering

3.6.5.1 Finansiële rekordhouding

Die verpligting om rekenskap van al die finansiële aangeleenthede van

die skool te gee, is 'n verantwoordelikheid waarvan die skoolhoof nie kan ontsnap nie. Hoewel die skoolhoof die fisieke taak van rekordhouding kan deleger en ander persone hom met die beheer, voorbereiding en interpretering van verslae behulpsaam kan wees, is dit die skoolhoof wat in die finale instansie verslag moet doen oor die effektiewe benutting van geld om die doelstellings van die skool te verwesenlik (La Grange 1991:126).

Volgens DOK (1994:1-2) word die volgende vereistes gestel ooreenkomstig die voorskrifte aangaande **privaatskole** en **staatsondersteunde skole** (vergelyk 2.5.4.6), asook in Artikel 36 van die Wet op Onderwysaangeleenthede (Volksraad), Wet no. 70 van 1988, naamlik dat :

- * die skoolhoof die rekeningpligtige beampte van die skool moet wees;
- * die skoolhoof moet toesien dat alle ontvangste en uitgawes in 'n behoorlike boekhoustelsel in berekening gebring word;
- * daar verslag gehou word oor die stand van alle onroerende en roerende nie-verbruikbare bates van die skool. Die skoolhoof moet verder toesien dat alle roerende nie-verbruikbare items wat gedurende die boekjaar aangekoop is, op die bateregister van die skool geplaas word;
- * die skoolhoof of 'n gekwalifiseerde kundige/personeellid/persoon, 'n gereelde maandelikse of kwartaallikse kontrole (interne ouditering) oor die hantering en boekhouding van die skool se finansies en aangekoopte nie-verbruikbare items, uitoefen;
- * die skoolhoof en die bestuursliggaam 'n begroting vir 'n komende boekjaar van 'n skool, met inagneming van die bydraes van alle belanghebbende partye, moet voorberei;
- * die bestuursliggaam iemand wat ingevolge die Wet op Openbare

Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet 51 van 1951), as rekenmeester en ouditeur geregistreer is, aanstel, om die aantekeninge en finansiële jaarstate van die skool te ouditeer. In die praktyk beteken dit dat 'n ouditeur aan die bestuursliggaam van die betrokke skool verantwoordelik is (vergelyk 2.5.4.4);

- * die bestuursliggaam so gou doenlik, maar hoogstens drie maande na die einde van elke boekjaar, finansiële jaarstate laat opstel. In hierdie state moet gepaste besonderhede van gelde ontvang en uitgawes aangegaan deur die skool gedurende die betrokke boekjaar, asook sy bates en laste aan die einde van die betrokke boekjaar, aangetoon word;
- * geld of ander goed wat aan 'n skool geskenk of bemaak word, of in trust ontvang word, ooreenkomstig die voorwaardes van die betrokke skenking, bemaking of trust, aangewend moet word; en
- * nadat die bestuursliggaam die geouditeerde finansiële jaarstate goedgekeur en aanvaar het, dit deur die voorsitter van die bestuursliggaam en die skoolhoof onderteken en aan die Uitvoerende Direkteur voorgelê word.

3.6.5.2 Finansiële verslaglewering

Finansiële verslaglewering vorm 'n integrerende deel van die rekeningkundige komponent van skoolfinansies. Finansiële verslae is 'n wyse waarop aan sowel die owerhede as die gemeenskap inligting aangaande die finansiële omstandighede in die skool verskaf word (La Grange 1991:132). Die finansiële behoeftes van die **staatsondersteunde skool** (vergelyk 2.5), asook die finansiële doelwitte, behoort met behulp van die skoolbegroting aan die ouers bekend gemaak te word. 'n Verkorte inkomstestaats vir 'n bepaalde periode van die finansiële jaar kan gebruik word om ouers gereeld ingelig te hou oor die stand van die skool se finansies (DOK 1994:8). In **staatsbeheerde skole** (vergelyk 2.4), berig Kirstein

(1985:54) dat dit die hoof se taak is om deur positiewe verslaglewering, alle persone wat betrokke is by skoolfinansies, te motiveer en te lei om suksesvolle insamelingsprojekte te loods. 'n Finansiële verslag dien 'n doel as dit :

* die ouers op die hoogte hou van die stand van skoolfonds; en

* die ouers aanspoor tot groter meelewing met die skoolaktiwiteite.

3.6.5.3 Finansiële jaarstate

Die skoolhoof is verslaglewering verskuldig aan die Onderwysdepartement met betrekking tot die korrekte hantering van skoolfinansies. Met betrekking tot die finansiële bestuur van die skool, is hy die rekeningpligtige beampte. Aan die einde van elke boekjaar moet finansiële jaarstate opgestel word. In hierdie state moet gepaste besonderhede van gelde ontvang en uitgawes aangegaan deur die skool gedurende die boekjaar, asook sy bates en laste aan die einde van die betrokke boekjaar, aangetoon word. Dit behels 'n inkomste- en uitgawestaat, 'n balansstaat, en 'n verslag oor die stand van die onroerende sowel as die roerende goed van die skool (DOK 1994:2).

3.6.5.3.1 Die balansstaat

Reynders en Bosch (1985:5) sien die balansstaat as 'n staat wat op 'n bepaalde moment aan die **lastekant** aantoon die middele waaroor die onderneming beskik (die beskikkingsmag) en die voorwaardes waarop dit verkry is (die herkoms van die middele), en aan die **batekant** wys hoe die beskikkingsmag aangewend is. La Grange (1991:137) beskryf die balansstaat as 'n staat van bates, verpligtinge en eie kapitaal wat gerangskik word om die finansiële posisie van die onderneming op 'n bepaalde datum aan te dui. Die balansstaat word deur Archer en Hamman (1985:50) beskryf as 'n samevatting van die geld wat tot die onderneming se beskikking is, en hoe dit aangewend is. Alhoewel Archer en Hamman se beskrywing van die balansstaat op die nywerheid

gemik is, bevat dit ook elemente wat van toepassing is op skole. Enkele balansstaat-begrippe wat van belang is, word genoem :

- * **Eienaarsbelang** is die geld wat deur die eienaars bygedra word.
- * **Laste of verpligtinge** is geld wat van ander instansies verkry word (vreemde kapitaal).
- * **Bates** is geboue, toerusting en masjinerie.
- * Daar kan afgelei word dat die eienaarsbelang plus die laste gelyk moet wees aan die bates. Hierdie verhouding staan bekend as die **rekeningkundige vergelyking**.
- * Die **balansstaat** (vergelyk Tabel 3.2) word dus beskryf as 'n finansiële staat waarop beide die eienaarsbelang en laste sowel as die bates van die onderneming op 'n gegewe datum afsonderlik verskyn.

Tabel 3.2		Balansstaat	
Eie kapitaal		Vaste bates - Grond en geboue	
Vreemde kapitaal		- Masjinerie	
- Lenings		Beleggings	
- Oortrokke bankrekening		Vlottende bates - Voorraad	
		- Debiteure	
		- Banksaldo	
		- Kontant	

3.6.5.3.2 Die inkomstestaat

Die inkomstestaat is volgens Cronje et al., (1987:204) een van die finansiële jaarstate van die onderneming wat besonderhede verstrek oor die wyse waarop die wins/verlies van 'n onderneming gedurende 'n spesifieke periode tot stand gekom en verdeel is. Volgens La Grange (1991:141) is 'n inkomstestaat 'n verslag van die inkomste en

uitgawes wat die finansiële voor- of agteruitgang gedurende 'n bepaalde periode aandui. Netto inkomste (wins) of netto tekort (verlies) wat gedurende die jaar gemaak is, word in die inkomstestaat bereken.

In die onderstaande Tabel 3.3 word inkomste en uitgawes per leerling per jaar, van staatsbeheerde, staatsondersteunde en privaat skole vergelyk (Slabbert 1992:12).

Tabel 3.3

Inkomstestaat - hoe verskillende skoolmodelle vergelyk				
	Openbare staatskool*	Staatsondersteunde skool*	Private skool*	Private skool**
	R'000	R'000	R'000	R'000
Inkomste	550	1145	1269	1556
Skoolgeld en ander	480 70	990 155	1189 80	1556 -
Uitgawe	490	1101	1265	1683
Vergoeding	-	200	796	1158
Administrasie	78	75	145	274
Waardevermindering	-	-	64	30
Instandhouding	230	329	77	11
Munisipale dienste/belasting	-	91	44	4
Versekering	10,5	30,5	19	19
Onderrighulpmiddels	-	140	-	95
Ander	110,5	191,5	116	219
Surplus/tekort	61	44	4	-127
Skoolgeld per leerling per jaar	R300	1100	3000-6000	1650-2750

* Bestaan langer as vyf jaar. Sowat 1000 leerlinge.

** Bestaan minder as een jaar. Sowat 300 leerlinge.

3.6.5.3.3 Die kontantvloeistaat

Kontantvloeibestuur stel hoë eise aan die beheerliggaam, veral as in ag geneem word dat die grootste enkele uitgawes aan handboeke in die begin van die jaar is. Amper dertig persent van die jaar se kontant word in die eerste kwartaal van die jaar uitbetaal (Slabbert 1993:11).

Die kontantvloeistaat gee 'n oorsigtelike beeld van die finansiële tekorte en surplusse wat oor 'n tyd ontstaan en wat op die een of ander manier aangesuiwer word. Daar kan dan vroegtydig beplan word om tekorte deur die verhoging van gelde of tariewe, of deur middel van metodes soos subsidies, skenkings, lenings of die uitgifte van aandele of obligasies aan te suiwer. Die nodige insig in die koste- en inkomstestruktuur en vertrouwdheid met die (minimum) finansiële behoeftes, tekorte of surplusse, maak sinvolle en verantwoordelike besluitneming moontlik (Berkhout en Berkhout 1992:46).

3.7 ONDERWYSFINANSIERING

In hierdie gedeelte word gefokus op **onderwysvoorsiening op die mikrovlak**. La Grange (1991:183) meld in die verband dat onderwys tot voordeel van die gemeenskap is en daarom moet die skool aan die behoeftes van die gemeenskap voldoen. Die gemeenskap trek weer voordeel uit die onderwys in die vorm van opgeleide mannekrag.

Die mate waarin die skool daarin slaag om aan die verwagtinge van die gemeenskap te voldoen, is in 'n groot mate bepalend vir die finansiële bydraes wat die gemeenskap bereid is om tot die skool se inkomste te maak (La Grange 1991:184).

3.7.1 Belangrike beginsels by fondsinsamelings

Suksesvolle fondsinsameling oor die kort en lang termyn moet aan sekere basiese beginsels voldoen. Enkele van hierdie beginsels word

kortliks behandel (Peach 1992:5-7).

3.7.1.1 Beeldbouprogram

'n Gestruktureerde beeldbouprogram is 'n voorvereiste vir alle vorme van fondsinsameling. Die fisiese gemeenskap waarin die skool geleë is, moet op 'n gereelde grondslag bewus gemaak word van die skool en die prestasies van leerlinge en personeel. Voorbeelde hiervan is kooroptredes, besoekdae, uitstallings, uitnodiging van spesifieke persone wat later sleutelfigure kan wees by fondsinsameling.

3.7.1.2 Dienslewering aan die gemeenskap

Saam met die fondsinsamelingsprojekte moet die skool dienste probeer lewer. Die beginsel van teenprestasies is uiters belangrik en daar moet fyn gekyk word na dit waaraan die gemeenskap 'n behoefte het.

3.7.1.3 Identifisering van spesifieke projekte

Skenkers, veral van substansiële bedrae, wil graag sien waarvoor hul geld aangewend word. So belangrik is die identifisering van 'n spesifieke projek dat dit in die begroting as projekte getoon behoort te word.

3.7.1.4 Oorlading van die gemeenskap, ouers en sakeondernemings

Daar bestaan 'n wesenlike gevaar dat ouers en die breë gemeenskap oorlaai kan word met 'n oormaat van kleiner fondsinsamelingspogings. Hierteen moet gewaak word en daar behoort op gekoördineerde grondslag beplan te word.

3.7.1.5 Beplanning van fondsinsamelingsaksies

Ouers is dikwels gretig om as individue geld in te samel. Dit moet egter altyd op 'n gekoördineerde wyse geskied. Die gevaar bestaan dat 'n ouer 'n onderneming nader vir 'n nietigheid en dat die groot

skenking wat die skool/bestuursliggaam in die oog gehad het, verlore gaan.

3.7.1.6 Skenkings van sakeondernemings

Elke sakeonderneming het bepaalde prosedures wanneer skenkings oorweeg word. Dit is belangrik dat 'n kundige persoon gebruik word om ondernemings te nader. Hier word gedink aan 'n persoon met die vermoëns van 'n kollektant, goeie menseverhoudinge en iemand wat die saak kan "verkoop".

3.7.1.7 Voorstelle van ouers, bestuurslede, kollegas en vriende van die skool

Alle voorstelle deur ouers, bestuurslede, kollegas en vriende van die skool moet met erns oorweeg word deur die hoof en die bestuursliggaam. As 'n voorstel na die oordeel van die bestuursliggaam nie haalbaar is nie, moet dit met redes terugverwys word, maar altyd op so 'n wyse dat dit nie die inisiatief demp nie.

3.7.1.8 Die stel van bereikbare doelwitte

Die stel van bereikbare doelwitte met elke projek is baie belangrik omdat dit nou saamhang met die opstel van kort-, medium- en langtermyn doelwitte.

3.7.2 Die generering van inkomste vir die skool

Alles dui daarop dat finansiering uit die staatskas, vir die onderwys, in die toekoms sal verminder. Dit is dus belangrik dat daar vir die lang termyn voorsiening gemaak sal moet word vir die steeds stygende bedryfsuitgawes van die skool (Peach 1992:8).

Met betrekking tot die finansiering van **privaat CVO-skole** (vergelyk 2.6.6.2), word die volgende insamelingsaksies deur Fourie saamgevat (1994:42/43):

- * fondsinsamelingsprojekte deur ouers en onderwysers;
- * beleggings;
- * die uitvoer van kapitale projekte deur die ouers self, byvoorbeeld die aanbring van veiligheidsomheining teen R23 000, terwyl die kwotasie van 'n buite-instansie R106 000 beloop het;
- * skoolfondsbydraes;
- * stigting van 'n naskoolsentrum vir die behoud en uitbreiding van getalle;
- * stigting van 'n ondersteunersklub om kinders wie se ouers nie oor die finansiële vermoë beskik nie, finansiëel by te staan;
- * om die privaatsektor by die finansiering van sekere kapitaalprojekte asook borgskappe te betrek;
- * streng finansiële dissipline;
- * goeie bestuur deur die skoolhoof;
- * uitbou van die beeld en bemarking van die skool;
- * ouers wat mede-verantwoordelikheid vir die opvoeding van hul kinders aanvaar;
- * motivering van en betrokkenheid deur die ouers en onderwyspersoneel;
- * die implementering van 'n voorskoolse (Graad 0)-sisteem; en
- * die implementering van kleuterskole.

Enkele fondsinsamelingsprojekte van toepassing op **staatsondersteunde**

skole (vergelyk 2.5) word deur Peach saamgevat (1992:9-18) :

- * skenkings;
- * erflatings;
- * kollektelyste;
- * kermisse;
- * musiekkonserte;
- * veilings van Persiese matte;
- * kompetisies;
- * die jaarlikse dinee-dans;
- * aanbring van advertensies op skoolbusse;
- * gesamentlike kompetisies met ander skole;
- * die snoepwinkel;
- * kunsuitstalling;
- * jaarlikse damesdag;
- * jaarlikse manne-aand;
- * randleggings;
- * verkope van afvalyster, bottels, papier en enige herwinbare materiaal;
- * bustoere;

- * snuffelmarkte op die skoolterrein;
- * woonwastaanplekke tydens skoolvakansies;
- * verhuring van die skoolsaal en ander lokale; en
- * bond van oud-skoliere en oud-leerlingkultuur.

Enkele gedagtes oor insamelingsaksies word deur verskillende outeurs soos volg saamgevat :

- * Munisipale besture kan help skoolgeld insamel (King 1989b:64).
- * 'n Vendusiekraal op die skoolterrein, en advertensieborde op die sportveld (Slabbert 1993:11).
- * Verkoop van dienste soos die verhuring van die skoolsaal en selfs toerusting (Anon 1993d:5).
- * Personeellede kan afrigtings- of geletterdheidskursusse in die gemeenskap aanbied (Mentz en Oosthuizen 1994:156).
- * Bemarking - 'n Onderwysinrigting moet positief, aggressief, en eerlik bemark word (Mentz en Oosthuizen 1994:156).

3.7.3 Slotgedagte

Onderwysinstellings kan 'n verskeidenheid metodes gebruik om geld in te samel en hul finansiële posisie te verbeter. Dit is noodsaaklik dat daar eties korrek opgetree word wanneer geld ingesamel word. Weerstand kan deur ouers gebied word indien eties onverantwoordbare praktyke gevolg word om geld in te samel (Mentz en Oosthuizen 1994:155-156).

3.8 SAMEVATTING

Die bestuursfunksies van finansiële beplanning, finansiële organisering, finansiële leidinggewing en finansiële beheer, is in die hoofstuk bespreek. Aandag is gegee aan die begroting as bestuursinstrument, wat 'n groot deel uitmaak van die finansiële beplanningstaak. Laastens is gefokus op beginsels by fondsinsamelings, en die generering van inkomste vir die skool.

Hoofstuk 4 word gewy aan 'n empiriese ondersoek aan die hand van 'n gestruktureerde posvraelys.

HOOFTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is die aard van staatsbeheerde, staatsondersteunde en privaatskole, gesien vanuit 'n finansiële bestuursperspektief bespreek, asook die finansiële bestuurstaak in bogenoemde drie tipes skole. Omdat onder die term staatsondersteunde skole verstaan word die Model C-skooltipe (met die beste beskikbare hulpbronne), asook plaasskole (minste ontwikkelde skooltipe) (vergelyk 2.5.2), word vir die doeleindes van die empiriese ondersoek, die skole ingedeel in staatsbeheerde skole, staatsondersteunde skole, privaatskole en plaasskole. In die literatuurstudie is hoofsaaklik gefokus op die Model C-skooltipe by staatsondersteunde skole, en nie plaasskole nie. 'n Toepaslike literatuurstudie is gemaak om die beredenering toe te lig. Om die menings van skoolhoofde ten opsigte van die voorafgaande in te win, is van 'n meetinstrument gebruik gemaak, wat vervolgens bespreek sal word. Die populasie wat betrek is, asook die response op die vraelys en die statistiese tegniek wat toegepas is, sal onder die loep geneem word.

4.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie navorsing (vergelyk 1.3) is om op 'n empiriese

wyse die finansiële bestuurstaak in 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool te ondersoek, en om daarna aanbevelings te doen sover dit finansiële bestuur in skole aangaan. Met behulp van die empiriese ondersoek is die doelstellings verder verfyn, en word daar gepoog om vanuit die frekwensie-ontledings, ooreenkomste en verskille tussen die drie tipes skole te bepaal.

4.3 NAVORSINGSONTWERP

4.3.1 Meetinstrument

De Wet et al., (1981:120/121) stel dit as 'n voorvereiste vir navorsing dat daar altyd die een of ander vorm van meting moet wees en meld verder eksplisiet dat meting 'n voorwaarde vir wetenskapsbeoefening is. 'n Navorsers wat data wil insamel, moet hom vergewis van die verskillende meetinstrumente wat tot sy beskikking is, soos onder meer vraelyste, aanlegtoetse, onderhoude en gestandaardiseerde toetse. Met die begrip "meting", moet in gedagte gehou word dat dit nie net gaan om die toekenning van 'n punt nie. Meting behels ordening en kategorisering van gegewens en versamelde data, sowel as bepunte en frekwensiebepaling.

4.3.1.1 Die vraelys as meetinstrument

Volgens Van der Westhuisen (1992:56-57) kan onderskei word tussen twee tipes vraelyste, naamlik:

- * Die oop vraelys (ongestruktureerde vraelys). In hierdie vraelys kry die respondent volle vryheid van respons en kan hy sy eie mening gee.
- * Die geslotè vraelys (gestruktureerde vraelys). Hierdie vraelys bestaan normaalweg uit kort vrae met antwoorde, waaruit 'n keuse gemaak moet word.

De Wet et al., (1981:163) meld ook dat in die geslote tipe vraelys die respondent egter gedwing kan word om antwoorde (response) te kies wat nie vir hulle bevredigend is nie.

Daar is vir hierdie navorsing op die gestruktureerde vraelys besluit, aangesien die ongestruktureerde vraelys die analisering en verwerking van die response bemoeilik.

4.3.1.2 Konstruksie van die vraelys

Die gestruktureerde vraelys wat in hierdie navorsing gebruik is, bestaan uit drie afdelings oor finansiële bestuur in skole, wat vervolgens toegelig word.

Afdeling A

Vyf vrae is gestel ten opsigte van biografiese gegewens.

Afdeling B

Drie vrae is gestel ten opsigte van demografiese gegewens.

Afdeling C

Elf vrae is gestel ten opsigte van finansiële bestuur van algemene aard in skole. Die respondent moet slegs "Ja" of "Nee" antwoord deur 'n kruisie in 'n toepaslike blokkie te trek.

Afdeling D

Die afdeling bestaan uit twintig vrae en/of stellings. Hoofde van verskillende tipes skole moes hul menings gee oor meer eksplisiete wyses van finansiële bestuur in hul skole. Respondente moes hul mening uitspreek deur enige van die syfers 4, 3, 2, of 1 te omkring. Die volgende verklarings van bogemelde syfers is gebruik:

- Die syfer 4 verteenwoordig: "stem heelhartig saam"
- Die syfer 3 verteenwoordig: "stem in hoofsaak saam"
- Die syfer 2 verteenwoordig: "stem in geringe mate saam"
- Die syfer 1 verteenwoordig: "stem glad nie saam nie"

'n Brief (Bylae A) is aan die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad belas met Onderwys, Departement van Onderwys en Kultuur, Noordwes Provinsie, Mmabatho, gestuur op 18 Oktober 1994, om 'n adreslys te bekom van al die skole in die Klerksdorp-distrik van die Suidelike Streek van die Noordwes Provinsie.

'n Opvolgbrief (Bylae B), tesame met die vraelys (Bylae E), is op 4 Mei 1995 na die kantoor van die LUR, Departement van Onderwys en Kultuur, Noordwes Provinsie, Mmabatho, gestuur. Telefoniese toestemming vir die uitstuur van die vraelys is verkry.

4.3.2 Loodsvraelys

'n Loodsvraelys is voorsien aan twee skoolhoofde wat nie by die finale vraelys betrek is nie. Die doel daarmee was om te bepaal of al die vrae vir al die respondente verstaanbaar en duidelik is. Nadat die twee vraelys terugontvang is, is die kommentaar daarop bestudeer en waar nodig is veranderinge aangebring.

4.3.3 Finale vraelys

Die finale vraelys (Bylae E), is per pos aan die respondente gestuur, tesame met 'n begeleidende brief (Bylae C), en 'n gefrankeerde koevert vir die terugsending van die voltooide vraelys. Die Engelse weergawe van die vraelys (Bylae F) en begeleidende brief (Bylae D), is aan hoofde van Engelssprekende skole gestuur.

4.3.4 Populasie

Die populasie wat by hierdie navorsing betrek is, is die skoolhoofde van al die skole (n=136) in die Klerksdorp-distrik van die Suidelike Streek van die Noordwes Provinsie.

Die vraelys is vir voltooiing aan die genoemde 136 skoolhoofde binne die Klerksdorp-distrik gestuur. Honderd-en-een van die 136 vraelys

wat uitgestuur is, is terugontvang (vergelyk Tabel 4.1). Die aantal vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig 74,26% van dit wat uitgestuur is.

Tabel 4.1 VRAELYSTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG

Tipe skool	Uitgestuur		Terugontvang	
	f	%	f	%
Staatsbeheerde skole	55	100	38	69,09
Staatsondersteunde skole	23	100	22	95,6
Privaatskole	3	100	3	100
Plaasskole	55	100	38	69,09
TOTAAL	136	100	101	74,26

4.3.5 Statistiese tegnieke en prosedures

4.3.5.1 Inleiding

Die resultate wat verkry is, geld uiteraard net vir die betrokke populasie. Die tegnieke en prosedures word vervolgens uiteengesit.

4.3.5.2 Bepaling van frekwensies

Die data wat versamel is, is in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO met behulp van die SAS-rekenaarprogram (Statistical Analysis System) verwerk. Die doel van die program was om frekwensies ten opsigte van die verskillende vrae te bepaal.

4.3.5.3 Bepaling van effekgroottes

Vir elke tipe skool word 'n gemiddelde vir die afleiers in elke vraag bepaal met behulp van die MEANS-prosedure van SAS, en daarna word die standaardafwyking van elke groep bepaal en uiteindelik word die effekgrootte verkry (vergelyk 4.4.6).

4.4 INTERPRETERING VAN DATA

4.4.1 Inleiding

Die resultate van die vraelyste wat terugontvang is, kom vervolgens onder die loep. Die frekwensie ten opsigte van die response wat verkry is van die rekenaarverwerking, is getabuleer ten opsigte van die verskillende tipes skole en word bespreek. Die data word geïnterpreteer, waarna die nodige afleidings / gevolgtrekkings gemaak word.

4.4.2 Afdeling A : Biografiese gegewens

Die doel met hierdie vrae (vergelyk Bylae E, Afdeling A, vrae 1-5) was om die ouderdom, ervaring as skoolhoof, kwalifikasies, posvlak en opleiding van skoolhoof in finansiële onderwysbestuur, te bepaal. Die response word saamgevat in Tabel 4.2.

TABEL 4.2

BIOGRAFIESE GEGEWENS

1	OUDERDOM	Staats-beheerde		Staats-onder-steunde		Privaat-skool		Plaas-skool	
		f	%	f	%	f	%	f	%
1.1	20 - 30 jaar	1	2,6					1	2,6
1.2	31 - 40 jaar	12	31,6	1	4,5	2	66,7	16	42,1
1.3	41 - 50 jaar	17	44,7	13	59,1	1	33,3	16	42,1
1.4	51 - 60 jaar	5	13,2	7	31,8			4	10,5
1.5	Ouer as 60 jaar	3	7,9	1	4,5			1	2,6
	TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100

	Staats-beheerde		Staats-onder-steunde		Privaat-skool		Plaas-skool	
	f	%	f	%	f	%	f	%
2 ONDERWYSERVARING IN POS								
2.1 0 - 5 jaar	16	42,1	11	50,0			10	26,3
2.2 6 - 10 jaar	5	13,2	5	22,7	2	66,7	6	15,8
2.3 11 - 15 jaar	5	13,2	5	22,7	1	33,3	10	26,3
2.4 16 jaar plus	12	31,6	1	4,5			12	31,6
TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100
3 HOOGSTE AKADEMIESE KWALIFIKASIE								
3.1 Standerd 10	1	2,6					15	39,5
3.2 Prim Onderwysdipl	12	31,6	3	13,6			12	31,6
3.3 Sek Onderwysdipl	11	28,9					4	10,5
3.4 Graad	4	10,5	1	4,5				
3.5 Graad en diploma	6	15,8	3	13,6	2	66,7		
3.6 Hoër kwalifikasies	2	5,3	15	68,2	1	33,3	2	5,3
Nul-respons	2	5,3					5	13,1
TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100
4 POSVLAK								
4.1 Posvlak 1	3	7,9					15	39,5
4.2 Posvlak 2	3	7,9					2	5,3
4.3 Posvlak 3	1	2,6					11	28,9
4.4 Posvlak 4	6	15,8	9	40,9			6	15,8
4.5 Posvlak 5	22	57,9	12	54,5				
4.6 Posvlak 6			1	4,5				
4.7 N.v.t.					2	66,7	1	2,6
Nul-respons	3	7,9			1	33,3	3	7,9

	Staats-beheerde		Staats-onder-steunde		Privaat-skool		Plaas-skool	
	f	%	f	%	f	%	f	%
TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100
5 OPLEIDING IN FINANSIËLE ONDERWYSBESTUUR								
5.1 Geen	23	60,5	8	36,4	1	33,3	24	63,2
5.2 Indiensopleiding	11	28,9	10	45,5			10	26,3
5.3 Formele opleiding	2	5,3	4	18,2	2	66,7	3	7,9
Nul-respons	2	5,3					1	2,6
TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die meeste skoolhoofde in die staatsbeheerde, privaat, en plaasskole in die ouderdomsgroep 31 - 50 jaar val, terwyl die meerderheid hoofde by staatsondersteunde skole in die ouderdomsgroep 41 - 60 jaar val.

Uit die onderwyservaring blyk dit dat 42,1% van die hoofde van staatsbeheerde skole en 50% van die hoofde van staatsondersteunde skole, vir minder as vyf jaar die pos van skoolhoof beklee. 'n Redelike persentasie (31,6%) van die skoolhoofde van staatsbeheerde en plaasskole beklee die pos vir 'n tydperk langer as sestien jaar. By privaatskole het die meerderheid hoofde (66,7%) tussen ses en tien jaar ervaring as skoolhoof.

Die meerderheid skoolhoofde (68,2%) by staatsondersteunde skole het 'n hoër kwalifikasie as slegs 'n graad en diploma, terwyl by privaatskole die meerderheid van die skoolhoofde (66,7%) 'n graad en diploma het, en 33,3% het 'n hoër kwalifikasie as graad en diploma. In teenstelling met genoemde twee skole, het slegs 15,8% hoofde van staatsbeheerde skole 'n graad en diploma, en nog 'n kleiner persentasie, naamlik 5,3%, het 'n hoër kwalifikasie as 'n graad en diploma. By plaasskole is dit kommerwekkend dat 39,5%

van die skoolhoofde slegs 'n standerd 10-kwalifikasie het, terwyl geen skoolhoof 'n graad en diploma het nie, en slegs 5,3% 'n hoër kwalifikasie het as 'n graad en diploma. 'n Persentasie van 31,6% van die plaasskole se hoofde het 'n Primêre Onderwysdiploma.

Van die staatsbeheerde skole se hoofde is 73,7% op posvlakke 4 en 5, terwyl die persentasie by staatsondersteunde skole 95,4% is. 'n Groot persentasie (39,5%) van die plaasskole se hoofde is op posvlak 1, terwyl 28,9% op posvlak 3 is. Van die privaatskool-hoofde het 66,7% aangetoon dat hulle nie posvlak gebonde is nie, en een privaatskool (33,3%) het 'n nul-respons gelever.

Wat opleiding in finansiële onderwysbestuur betref, toon bogenoemde tabel dat 60,5% van die staatsbeheerde skole se hoofde en 63,2% van die plaasskole se hoofde, teenoor 36,4% by staatsondersteunde skole, en 33,3% by privaatskole, geen opleiding in finansiële onderwysbestuur ontvang het nie. 'n Persentasie van 28,9% van die staatsbeheerde skole en 26,3% van die plaasskole se hoofde het indiensopleiding ontvang in finansiële onderwysbestuur, asook 45,5% van die hoofde van staatsondersteunde skole. By privaatskole se hoofde het 66,7% en by staatsondersteunde skole se hoofde het 18,2% formele opleiding in finansiële onderwysbestuur gehad, terwyl by staatsbeheerde skole en plaasskole slegs 5,3% en 7,9% van die skoolhoofde formele opleiding in finansiële onderwysbestuur ontvang het.

4.4.3 Afdeling B : Demografiese gegewens

Die doel met hierdie vrae (vergelyk Bylae E, Afdeling B, vrae 7 en 8) was om die aantal leerlinge in die skool asook die onderrigmedium van die skool te bepaal. Die response word saamgevat in Tabel 4.3.

TABEL 4.3

DEMOGRAFIESE GEGEWENS

	Staats- beheerde		Staats- onder- steunde		Privaat- skool		Plaas- skool	
	f	%	f	%	f	%	f	%
7 AANTAL LEERLINGE								
7.1 Minder as 100							17	44,7
7.2 100 - 200					1	33,3	13	34,2
7.3 200 - 500	1	2,6	6	27,3	1	33,3	8	21,1
7.4 500 - 1000	14	36,8	16	72,7	1	33,3		
7.5 1000 - 1500	17	44,7						
7.6 1500 - 2000	6	15,8						
7.7 Meer as 2000								
TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100
8 ONDERRIGMEDIUM								
8.1 Afrikaans			15	68,2				
8.2 Engels	35	92,1	4	18,2	2	66,7	32	84,2
8.3 Afrikaans en Engels	3	7,9	3	13,6	1	33,3	4	10,5
8.4 Ander (noem)							2	5,3
TOTAAL	38	100	22	100	3	100	38	100

Dit blyk uit bogenoemde tabel dat 72,7% van die staatsondersteunde skole 'n leerlingtal van 500 tot 1000 leerlinge het, teenoor 36,8% in staatsbeheerde skole, en dat 44,7% staatsbeheerde skole 'n leerlingtal van 1000 tot 1500 leerlinge het. Hierteenoor is bevind dat 44,7% van die plaasskole 'n leerlingtal van minder as 100 leerlinge het en dat 78,9% van die plaasskole se leerlingtal nie 200 oorskry nie.

Die onderrigmedium in die meeste staatsbeheerde skole (92,1%) is Engels, asook by privaatskole (66,7%) en plaasskole (84,2%). Die onderrigmedium in die meeste staatsondersteunde skole (68,2%) is Afrikaans.

4.4.4 Afdeling C: Vrae oor finansiële bestuur in die algemeen

Die doel met hierdie vrae was om inligting oor finansiële bestuur van algemene aard in die verskillende tipes skole te bekom. (Vergelyk Bylae E, Afdeling C, vrae 9 tot 19). Die response word saamgevat in Tabel 4.4.

TABEL 4.4

VRAE OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE ALGEMEEN

VRAAG	TIPE SKOOL	JA		NEE		GEEN RESPONS		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%
9. Beskik u skool oor doelstellings en doelwitte wat as basis gebruik word vir die skoolfondsbegroting ?	Staatsbeheer	29	76,3	9	23,7			38	100
	Staatsondersteunde	18	81,8	4	18,2			22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3			3	100
	Plaasskole	13	34,2	25	65,8			38	100
10. Het u skool 'n borgliggaam wat u skool finansiëel steun of help om u skool in stand te hou ?	Staatsbeheer	2	5,3	36	94,7			38	100
	Staatsondersteunde	1	4,5	21	95,5			22	100
	Privaatskole	1	33,3	2	66,7			3	100
	Plaasskole	5	13,2	32	84,2	1	2,6	38	100
11. Maak u van 'n permanente finansiële komitee in u skool gebruik ?	Staatsbeheer	22	57,9	15	39,5	1	2,6	38	100
	Staatsondersteunde	21	95,5	1	4,5			22	100
	Privaatskole	3	100					3	100
	Plaasskole	5	13,2	31	81,6	2	5,3	38	100

TABEL 4.4

VRAE OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE ALGEMEEN

VRAAG	TIPE SKOOL	JA		NEE		GEEN RESPONS		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%
12. Maak u skool gebruik van 'n rekenaar-gesteunde bestuurs-inligtingstelsel wat as hulpmiddel dien by finansiële beplanning en finansiële beheer-uitoefening ?	Staatsbeheer	1	2,6	37	97,4			38	100
	Staatsondersteunde	16	72,7	6	27,3			22	100
	Privaatskole	3	100					3	100
	Plaasskole	3	7,9	34	89,5	1	2,6	38	100
13. Het u in u skool een of ander vorm van finansiële rekordhouding en verslaglewering van fondse ?	Staatsbeheer	38	100					38	100
	Staatsondersteunde	22	100					22	100
	Privaatskole	3	100					3	100
	Plaasskole	26	68,4	10	26,3	2	5,3	38	100
14. Word die ouers ingelig oor die skoolse finansies ?	Staatsbeheer	38	100					38	100
	Staatsondersteunde	22	100					22	100
	Privaatskole	3	100					3	100
	Plaasskole	23	60,5	14	36,8	1	2,6	38	100

TABEL 4.4

VRAE OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE ALGEMEEN

VRAAG	TIPE SKOOL	JA		NEE		GEEN RESPONS		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%
15. Word die onderwy- sers, leerlinge, ouers en gemeenskap betrek by fondsinsamelingsaksies?	Staatsbeheer	32	84,2	6	15,8			38	100
	Staatsondersteunde	21	95,5	1	4,5			22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3			3	100
	Plaasskole	24	63,2	13	34,2	1	2,6	38	100
16. Behoort skole na u mening van die dienste van 'n eksterne finan- siële bestuurskundige gebruik te maak ?	Staatsbeheer	22	57,9	16	42,1			38	100
	Staatsondersteunde	9	40,9	13	59,1			22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3			3	100
	Plaasskole	11	28,9	25	65,8	2	5,3	38	100
17. Stel u skool 'n jaarlikse skoolfonds- begroting op ?	Staatsbeheer	31	81,6	5	13,2	2	5,3	38	100
	Staatsondersteunde	22	100					22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3			3	100
	Plaasskole	12	31,6	25	65,8	1	2,6	38	100

TABEL 4.4

VRAE OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE ALGEMEEN

VRAAG	TIPE SKOOL	JA		NEE		GEEN RESPONS		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%
18. Het u skool 'n rekenmeester of finansiële deskundige in die bestuursraad ?	Staatsbeheer	7	18,4	29	76,3	2	5,3	38	100
	Staatsondersteunde	17	77,3	5	22,7			22	100
	Privaatskole	3	100					3	100
	Plaasskole	3	7,9	32	84,2	3	7,9	38	100
19.1. Slegs vir staats-beheerde skole: Is die vrywillige bydraes per leerling per jaar voldoende om u skool se jaarlikse skoolfondsuitgawes te dek ?	Staatsbeheer	2	5,3	34	89,5	2	5,3	38	100

TABEL 4.4

VRAE OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE ALGEMEEN

VRAAG	TIPE SKOOL	JA		NEE		GEEN RESPONS		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%
19.2. Slegs vir staats- ondersteunde & privaat- skole: Is die verpligte bydraes per leerling per jaar voldoende om u skool se jaarlikse skoolfondsuitgawes te dek ?	Staatsondersteunde	13	59,1	9	40,9			22	100
	Privaatskole	1	33,3	1	33,3	1	33,3	3	100
	Plaasskole	3	7,9	19	50,0	16	42,1	38	100

Voorafgaande vrae word vervolgens bespreek na aanleiding van die data wat op die rekenaar verwerk is (vergelyk Tabel 4.4).

Vraag 9

Beskik u skool oor doelstellings en doelwitte wat as basis gebruik word vir die skoolfondsbegroting ?

Uit Tabel 4.4 blyk dit dat die meerderheid respondente van staatsbeheerde skole (76,3%), staatsondersteunde skole (81,8%) en privaatskole (66,7%), op hierdie vraag "ja" geantwoord het. Hierteenoor het die meerderheid respondente van plaasskole (65,8%) "nee" geantwoord.

Vraag 10

Het u skool 'n borgliggaam wat u skool finansiële steun of help om u skool in stand te hou ?

Uit Tabel 4.4 blyk dit dat die meerderheid respondente van staatsbeheerde skole (94,7%), staatsondersteunde skole (95,5%), privaatskole (66,7%) en plaasskole (84,2%), op hierdie vraag "nee" geantwoord het, terwyl 33,3% privaatskole "ja" geantwoord het.

Vraag 11

Maak u van 'n permanente finansiële komitee in u skool gebruik ?

'n Oorweldigende meerderheid staatsondersteunde skole (95,5%) en privaatskole (100%), het positief aangedui dat daar van 'n permanente finansiële komitee gebruik gemaak word, terwyl 'n redelike meerderheid (57,9%) staatsbeheerde skole ook "ja" geantwoord het. 'n Baie groot meerderheid plaasskole (81,6%), het op hierdie vraag "nee" geantwoord (vergelyk Tabel 4.4).

Vraag 12

Maak u skool gebruik van 'n rekenaargesteunde bestuursinligtingstelsel wat as hulpmiddel dien by finansiële beplanning en finansiële beheeruitoefening ?

Die meerderheid staatsondersteunde skole (72,7%) asook alle privaatskole (100%), maak gebruik van 'n rekenaargesteunde bestuursinligtingstelsel, terwyl die meeste staatsbeheerde skole

(97,4%) en plaasskole (89,5%), op hierdie vraag "nee" geantwoord het (vergelyk Tabel 4.4).

Vraag 13

Het u in u skool een of ander vorm van finansiële rekordhouding en verslaglewering van finansies ?

Volgens Tabel 4.4 het alle staatsbeheerde skole (100%), staatsondersteunde skole (100%), privaatskole (100%), en die meerderheid plaasskole (68,4%), op hierdie vraag "ja" geantwoord.

Vraag 14

Word die ouers ingelig oor die skool se finansies ?

Volgens Tabel 4.4 het alle staatsbeheerde skole (100%), staatsondersteunde skole (100%), privaatskole (100%), en die meerderheid plaasskole (60,5%), op hierdie vraag "ja" geantwoord.

Vraag 15

Word die onderwysers, leerlinge, ouers en gemeenskap by fondsinsamelingsaksies betrek ?

Dit blyk dat 'n groot meerderheid staatsbeheerde skole (84,2%), en staatsondersteunde skole (95,5%), hul onderwysers, leerlinge, ouers, en gemeenskap by fondsinsamelingsaksies betrek, gevolg deur 'n kleiner meerderheid by privaatskole (66,7%) en plaasskole (63,2%) (vergelyk Tabel 4.4).

Vraag 16

Behoort skole na u mening van die dienste van 'n eksterne finansiële bestuurskundige gebruik te maak ?

Op hierdie vraag het 57,9% van die hoofde van staatsbeheerde skole en 66,7% van die hoofde van privaatskole "ja" geantwoord, terwyl 59,1% van die staatsondersteunde skole en 65,8% plaasskole "nee" geantwoord het (vergelyk Tabel 4.4).

Vraag 17

Stel u skool 'n jaarlikse skoolfondsbegroting op ?

Alle staatsondersteunde skole (100%), asook 'n groot meerderheid

staatsbeheerde skole (81,6%) en privaatskole (66,7%), het op hierdie vraag "ja" geantwoord, terwyl die meerderheid plaasskole (65,8%) "nee" geantwoord het (vergelyk Tabel 4.4).

Vraag 18

Het u skool 'n rekenmeester of finansiële deskundige op die bestuursraad ?

Uit Tabel 4.4 blyk dit dat alle privaatskole (100%), asook 'n groot meerderheid staatsondersteunde skole (77,3%), 'n rekenmeester of finansiële deskundige in die bestuursraad het, terwyl die meeste staatsbeheerde skole (76,3%) en plaasskole (84,2%), op hierdie vraag "nee" geantwoord het.

Vraag 19.1 (Slegs vir staatsbeheerde skole)

Is die vrywillige bydraes per leerling per jaar voldoende om u skool se jaarlikse skoolfondsuitgawes te dek ?

Volgens Tabel 4.4 blyk dit dat 'n groot meerderheid (89,5%) van die respondente "nee" op hierdie vraag geantwoord het.

Vraag 19.2 (Slegs vir staatsondersteunde en privaatskole)

Is die verpligte bydraes per leerling per jaar voldoende om u skool se jaarlikse skoolfondsuitgawes te dek ?

Die meeste hoofde van staatsondersteunde skole (59,1%) het op hierdie vraag "ja" geantwoord, terwyl die hoofde van 50% plaasskole "nee" geantwoord het. By privaatskole het 33,3% van die hoofde "ja" geantwoord, en 33,3% het "nee" geantwoord, terwyl die orige 33,3% geen respons op hierdie vraag gelewer het nie (vergelyk Tabel 4.4).

4.4.5 Afdeling D: Vrae / stellings oor finansiële bestuur in die verskillende tipes skole

Die doel van hierdie vrae (vergelyk Bylae E, Afdeling D, vrae 20 tot 36) was dat skoolhoofde hul menings moes gee oor meer eksplisiete wyses van finansiële bestuur in hul eie skole. Tabel 4.5 dui die

frekwensie aan van die response op vrae/stellings 20 tot 36 in afdeling D.

In 'n poging om ooreenkomste en verskille tussen die verskillende tipes skole makliker raak te sien, sal die persentasies van die afleiers "stem heelhartig saam" en "stem in hoofsaak saam" soms bymekaargetel word, of gegroep word vir die verskillende tipes skole afsonderlik, asook vir die afleiers "stem in geringe mate saam" en "stem glad nie saam nie", waar van toepassing.

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDSE TYPES SKOLE

VRAAG / STELLING	TIPE SKOOL	stem heel- hartig saam		stem in hoofsaak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
20. In u skool het die bestuursraad 'n besliste rol te speel by die finansiële bestuur van die skool.	Staatsbeheer	16	42,1	15	39,5	4	10,5	2	5,3	1	2,6	38	100
	Staatsondersteun	14	63,6	6	27,3	2	9,1					22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	8	21,0	10	26,3	6	15,8	11	28,9	3	7,9	38	100
21. In u skool word ouers aangewend by sake betreffende skoolfinansies.	Staatsbeheer	17	44,7	13	34,2	5	13,2	1	2,6	2	5,3	38	100
	Staatsondersteun	6	27,3	10	45,5	4	18,2	2	9,1			22	100
	Privaatskole	1	33,3	2	66,7							3	100
	Plaasskole	9	23,7	8	21,0	6	15,8	13	34,2	2	5,3	38	100
22. In u skool word ouers betrek by fondsinsamelings-aksies.	Staatsbeheer	18	47,4	6	15,8	8	21,0	5	13,2	1	2,6	38	100
	Staatsondersteun	13	59,1	9	40,9							22	100
	Privaatskole	2	66,7					1	33,3			3	100
	Plaasskole	12	31,6	6	15,8	8	21,0	11	28,9	1	2,6	38	100

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDSE TYPES SKOLE

VRAAG / STELLING	TIPE SKOOL	stem heel- hartig saam		stem in hoofsaak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
23. In u skool het alle partye wat betrokke was by fondsinsameling, inspraak in die besteding van fondse.	Staatsbeheer	9	23,7	15	39,5	7	18,4	7	18,4			38	100
	Staatsondersteun	5	22,7	6	27,3	9	40,9	2	9,1			22	100
	Privaatskole	2	66,7			1	33,3					3	100
	Plaasskole	8	21,0	6	15,8	4	10,5	19	50,0	1	2,6	38	100
24. In u skool word die werklike ontvangstes en betalings vir 'n bepaalde tydperk, op 'n item-vir-item-basis met die skool se skoolfondsbegroting vergelyk.	Staatsbeheer	19	50,0	13	34,2	2	5,3	3	7,9	1	2,6	38	100
	Staatsondersteun	16	72,7	4	18,2			2	9,1			22	100
	Privaatskole	2	66,7			1	33,3					3	100
	Plaasskole	8	21,0	5	13,2	7	18,4	17	44,7	1	2,6	38	100
25. In u skool word ouers gemotiveer tot betrokkenheid by skoolaktiwiteite	Staatsbeheer	29	76,3	7	18,4			2	5,3			38	100
	Staatsondersteun	19	86,4	2	9,1	1	4,5					22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	20	52,6	10	26,3	6	15,8	1	2,6	1	2,6	38	100

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDEN Tipes Skole

VRAAG / STELLING	Tipe Skool	stem heel- hartig saam		stem in hoofsaak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
26. U skool het 'n beheerstelsel om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in har- monie met die ver- wagte onderwysdoel- witte gebring word.	Staatsbeheer	18	47,4	11	28,9	7	18,4	2	5,3			38	100
	Staatsondersteun	16	72,7	4	18,2	1	4,5	1	4,5			22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	7	18,4	11	28,9	4	10,5	13	34,2	3	7,9	38	100
27. In u skool is ouers op 'n geor- dende wyse d.m.v. verskillende werk- komitees betrokke by skoolaktiwiteite, bv. fondsinsameling	Staatsbeheer	11	28,9	12	31,6	7	18,4	8	21,1			38	100
	Staatsondersteun	16	72,7	6	27,3							22	100
	Privaatskole	2	66,7					1	33,3			3	100
	Plaasskole	5	13,2	9	23,7	7	18,4	16	42,1	1	2,6	38	100
28. In u skool word alle finansiële transaksies aange- teken.	Staatsbeheer	32	84,2	4	10,5	1	2,6			1	2,6	38	100
	Staatsondersteun	22	100									22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	19	50,0	8	21,0	4	10,5	6	15,8	1	2,6	38	100

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDEN Tipes Skole

VRAAG / STELLING	TIPE SKOOL	stem heel- hartig saam		stem in hoofsaak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
29. In u skool word finansiële beheer effektief toegepas, sodat moontlike afwykings betyds ontdek word.	Staatsbeheer	30	78,9	5	13,2	3	7,9					38	100
	Staatsondersteun	21	95,5	1	4,5							22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	14	36,8	13	34,2	2	5,3	8	21,0	1	2,6	38	100
30. In u skool word gereeld 'n gede- tailleerde raming van totale kontant- uitvloei gemaak, sodat kontantoor- skotte en -tekorte, bepaal kan word.	Staatsbeheer	25	65,8	8	21,1	5	13,2					38	100
	Staatsondersteun	18	81,8	2	9,1	2	9,1					22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	12	31,6	8	21,0	4	10,5	13	34,2	1	2,6	38	100
31. Rekenaaronder- steuning is 'n belangrike hulp- middel vir finansiële bestuur.	Staatsbeheer	25	65,8	1	2,6	1	2,6	11	28,9			38	100
	Staatsondersteun	21	95,5			1	4,5					22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	10	26,3	10	26,3	1	2,6	15	39,5	2	5,3	38	100

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDSE TYPES SKOLE

VRAAG / STELLING	TIPE SKOOL	stem heel- hartig saam		stem in hoofssak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
32. Die skoolfonds- begroting word nie net as 'n stel syfers gesien nie, maar eerder 'n verfyning van die skool se aktiwiteite in finansiële terme.	Staatsbeheer	22	57,9	10	26,3	2	5,3	4	10,5			38	100
	Staatsondersteun	18	81,8	4	18,2							22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3							3	100
	Plaasskole	12	31,6	10	26,3	5	13,2	6	15,8	5	13,2	38	100
33. Die breë ge- meenskap moet op 'n gereelde basis be- wus gemaak word van die prestasies van die skool, om so- doende deel uit te maak van 'n ge- struktureerde beeldbouprogram.	Staatsbeheer	32	84,2	6	15,8							38	100
	Staatsondersteun	18	81,8	4	18,2							22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3							3	100
	Plaasskole	22	57,9	10	26,3	2	5,3	2	5,3	2	5,3	38	100

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDSE TYPES SKOLE

VRAAG / STELLING	TIPPE SKOOL	stem heel- hartig saam		stem in hoofsaak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
34. 'n Finansiële komitee kan 'n belangrike bydrae tot doeltreffende besluitneming lewer.	Staatsbeheer	29	76,3	6	15,8	2	5,3			1	2,6	38	100
	Staatsondersteun	20	90,9	2	9,1							22	100
	Privaatskole	1	33,3	2	66,7							3	100
	Plaasskole	14	36,8	13	34,2	2	5,3	7	18,4	2	5,3	38	100
35. In u skool word finansiële jaarstate opgestel wat deur 'n erkende rekenmeester geouditeer word.	Staatsbeheer	10	26,3	5	13,2	7	18,4	16	42,1			38	100
	Staatsondersteun	22	100									22	100
	Privaatskole	3	100									3	100
	Plaasskole	2	5,3	2	5,3	2	5,3	30	78,9	2	5,3	38	100

TABEL 4.5

VRAE / STELLINGS OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE VERSKILLENDEN Tipes Skole

VRAAG / STELLING	Tipe Skool	stem heelhartig saam		stem in hoofsaak saam		stem in geringe mate saam		stem glad nie saam nie		geen respons		TOTAAL	
		f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
36. Benewens die handhawing van gesonde interne verhoudings, het die skoolhoof as deel van sy finansiële leidinggewingtaak, ook die skep van gesonde eksterne verhoudings.	Staatsbeheer	35	92,1	3	7,9							38	100
	Staatsondersteun	22	100									22	100
	Privaatskole	2	66,7	1	33,3							3	100
	Plaasskole	20	52,6	9	23,7	4	10,5	3	7,9	2	5,3	38	100

Vraag 20

In u skool het die bestuursraad 'n besliste rol te speel by die finansiële bestuur van die skool ?

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat 'n groot meerderheid staatsbeheerde skole (42,1% en 39,5%) en staatsondersteunde skole (63,6% en 27,3%) heelhartig en in hoofsaak saamstem, terwyl die hoofde van al die privaatskole (100%) heelhartig saamstem. By plaasskole is daar 'n kleiner persentasie hoofde (21,0% en 26,3%) wat heelhartig en in hoofsaak saamstem, asook 'n beduidende persentasie (28,9%) wat glad nie saamstem nie.

Vraag 21

In u skool word ouers aangewend by sake betreffende skoolfinansies?

Die meeste staatsbeheerde skole (44,7% en 34,2%), staatsondersteunde skole (27,3% en 45,5%) en privaatskole (33,3% en 66,7%) stem heelhartig saam en in hoofsaak saam. By plaasskole is daar 'n kleiner persentasie hoofde (23,7% en 21,0%) wat heelhartig en in hoofsaak saamstem, terwyl 'n beduidende persentasie (34,2%) glad nie saamstem nie (vergelyk Tabel 4.5).

Vraag 22

In u skool word ouers by fondsinsamelingsaksies betrek ?

'n Redelike persentasie staatsbeheerde skole (47,4%) stem heelhartig saam, terwyl 21,0% in 'n geringe mate saamstem. 'n Baie groot meerderheid staatsondersteunde skole (59,1% en 40,9%) stem heelhartig saam en in hoofsaak saam, terwyl daar by privaatskole 66,7% hoofde is wat heelhartig saamstem. 'n Moontlike rede waarom 33,3% hoofde by privaatskole glad nie saamstem nie, is dat die verpligte maandelikse bydraes genoeg is en dat ouers dus nie by fondsinsamelingsaksies betrek word nie. By plaasskole is daar 31,6% skole wat heelhartig saamstem, terwyl 'n beduidende persentasie (21,0% en 28,9%) in geringe mate saamstem en glad nie saamstem nie (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 23

In u skool het alle partye wat betrokke was by fondsinsameling, inspraak in die besteding van fondse

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat die meerderheid staatsbeheerde skole (63,2%) heelhartig en in hoofsaak saamstem, terwyl daar by privaatskole 'n 66,7% heelhartige saamstemming is. By staatsondersteunde skole is daar 'n redelike verspreiding van mening, met 50,0% wat heelhartig en in hoofsaak saamstem, en 50,0% wat in geringe mate saamstem en glad nie saamstem nie. By privaatskole is 'n groot persentasie (60,0%) wat nie met bogemelde stelling saamstem nie.

Stelling 24

In u skool word die werklike ontvangstes en betalings vir 'n bepaalde tydperk, op 'n item-vir-item-basis met die skool se skoolfondsbegroting vergelyk

Die respons op hierdie stelling toon dat 'n groot meerderheid staatsbeheerde skole (50,0% en 34,2%), en staatsondersteunde skole (72,7% en 18,2%), heelhartig en in hoofsaak saamstem, terwyl daar by privaatskole 'n 66,7% heelhartige saamstemming is. 'n Redelike persentasie (44,7%) plaasskole stem nie met hierdie stelling saam nie (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 25

In u skool word ouers gemotiveer tot betrokkenheid by skoolaktiwiteite

Die respons op hierdie stelling toon dat 'n groot meerderheid skoolhoofde van al die verskillende tipes skole met hierdie stelling heelhartig saamstem. Die meeste staatsbeheerde skole (76,3%), en staatsondersteunde skole (86,4%), stem heelhartig saam, terwyl privaatskole 'n 100% heelhartige saamstemming toon. By plaasskole is gevind dat 'n kleiner persentasie (52,6%) van die skoolhoofde heelhartig met bogenoemde stelling saamstem (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 26

U skool het 'n beheerstelsel om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in harmonie met die verwagte onderwysdoelwitte gebring word

Uit Tabel 4.5 is dit duidelik dat 72,7% staatsondersteunde skole en 100% privaatskole heelhartig saamstem, teenoor 47,4% staatsbeheerde skole wat heelhartig saamstem en 47,3% plaasskole wat heelhartig en in hoofsaak saamstem.

Stelling 27

In u skool is ouers op 'n geordende wyse deur middel van verskillende werkkomitees by skoolaktiwiteite betrokke, bv. fondsinsameling

Die respons op hierdie stelling toon dat ouers van staatsondersteunde skole en ouers van privaatskole op 'n geordende wyse betrokke is by werkkomitees. Die meerderheid staatsondersteunde skole (72,7%) en privaatskole (66,7%) stem heelhartig met hierdie stelling saam. In teenstelling met genoemde twee skole is daar slegs 28,9% staatsbeheerde skole, en nog minder plaasskole (13,2%), wat met bogenoemde stelling saamstem (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 28

In u skool word alle finansiële transaksies aangeteken

Uit die respons soos saamgevat in Tabel 4.5 is dit duidelik dat in die meeste skole alle finansiële transaksies aangeteken word. 'n Groot meerderheid staatsbeheerde skole (84,2%), asook alle staatsondersteunde skole (100%) en privaatskole (100%), stem heelhartig saam met bogenoemde stelling, teenoor 'n kleiner persentasie plaasskole (50,0%) wat heelhartig saamstem.

Stelling 29

In u skool word finansiële beheer effektief toegepas, sodat moontlike afwykings betyds ontdek word

Die meeste staatsbeheerde skole (78,9%), staatsondersteunde skole (95,5%) en privaatskole (100%), stem heelhartig saam met bogenoemde stelling, waar slegs 36,8% plaasskole met hierdie stelling heelhartig saamstem (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 30

In u skool word gereeld 'n gedetailleerde raming van totale kontantuitvloei gemaak, sodat kontantoor skotte en -tekorte bepaal kan word .

Die meerderheid staatsbeheerde skole (65,8%), staatsondersteunde skole (81,8%) en privaatskole (100%), stem heelhartig saam met bogenoemde stelling, maar by plaasskole is daar slegs 31,6% wat heelhartig saamstem (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 31

Rekenaarondersteuning is 'n belangrike hulpmiddel vir finansiële bestuur

Die meerderheid staatsbeheerde skole (65,8%), staatsondersteunde skole (95,5%) en privaatskole (100%), stem heelhartig saam dat rekenaarondersteuning 'n belangrike hulpmiddel is vir finansiële bestuur, in vergelyking met 26,3% plaasskole wat met bogenoemde stelling saamstem (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 32

Die skoolfondsbegroting word nie net as 'n stel syfers gesien nie, maar eerder 'n verfyning van die skool se aktiwiteite in finansiële terme

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat die meerderheid staatsbeheerde skole (57,9%), staatsondersteunde skole (81,8%) en privaatskole (66,7%), heelhartig saamstem met bogenoemde stelling, maar dat 'n kleiner persentasie plaasskole (31,6%) heelhartig saamstem.

Stelling 33

Die breë gemeenskap moet op 'n gereelde basis bewus gemaak word van die prestasies van die skool, om sodoende deel uit te maak van 'n gestruktureerde beeldbouprogram

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat die meerderheid staatsbeheerde skole (84,2%), staatsondersteunde skole (81,8%), privaatskole (66,7%) en plaasskole (57,9%), heelhartig saamstem dat die breë gemeenskap bewus gemaak moet word van die prestasies van die skool.

Stelling 34

'n Finansiële komitee kan 'n belangrike bydrae tot doeltreffende besluitneming lewer

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat 'n meerderheid staatsbeheerde skole (76,3%) en staatsondersteunde skole (90,9%), met hierdie stelling heelhartig saamstem, terwyl 66,7% privaatskole in hoofsaak saamstem. By plaasskole stem 'n groot persentasie (71,0%) heelhartig en in hoofsaak saam.

Stelling 35

In u skool word finansiële jaarstate opgestel wat deur 'n erkende rekenmeester geouditeer word

Uit Tabel 4.5 is dit duidelik dat alle staatsondersteunde skole (100%) en privaatskole (100%) met bogenoemde stelling heelhartig saamstem, maar dat 'n redelike persentasie staatsbeheerde skole (42,1%) glad nie saamstem nie, en dat 'n groter persentasie plaasskole (78,9%) glad nie met bogenoemde stelling saamstem nie.

Stelling 36

Benewens die handhawing van gesonde interne verhoudings, het die skoolhoof as deel van sy finansiële leidinggewingtaak, ook die skeep van gesonde eksterne verhoudings

'n Oorweldigende meerderheid staatsbeheerde skole (92,1%) en staatsondersteunde skole (100%) stem heelhartig saam, terwyl 'n kleiner meerderheid privaatskole (66,7%) en plaasskole (52,6%) heelhartig saamstem met bogenoemde stelling.

4.4.6 Bepaling van effekgroottes tussen die verskillende tipes skole

Vir elke tipe skool word 'n gemiddeld vir die afleiers in elke vraag bepaal met behulp van die MEANS-prosedure van SAS, en daarna word die standaardafwyking van elke groep bepaal (vergelyk Tabel 4.6), en uiteindelik word effekgrootte verkry (vergelyk Cohen 1969:8 ev).

Die formule wat vir die bepaling van effekgroottes gebruik word, is:

$$d = \frac{|x_1 - x_2|}{s}$$

waar :

x_1 = gemiddeld van een tipe skool (bv. privaatskool)

x_2 = gemiddeld van die ander tipe skool (bv. staatsbeheerde skool)

s = maksimum van die twee tipes skole se standaardafwykings

d = d-waardes

Die volgende d-waardes word gebruik as maatstaf om die effekgroottes (beduidendheid) van die verskille tussen die gemiddeldes van die verskillende tipes skole te vergelyk.

$d = 0,2$ klein effek

$d = 0,5$ medium effek

$d = 0,8$ groot effek

Die verskil tussen twee gemiddeldes sal eers prakties betekenisvol wees as $d \geq 0,8$.

Tabel 4.6 GEMIDDELDEN EN STANDAARDAFWYKING VAN DIE VERSKILLENDE Tipes Skole

Vraag/ Stelling	STAATSBEHEER- DE SKOLE (n = 38)		STAATSONDER- STEUNDE SKOLE (n = 22)		PRIVAATSKOLE (n = 3)		PLAASSKOLE (n = 38)	
	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king
1	2.92	0.94	3.36	0.66	2.33	0.58	2.68	0.81
2	2.34	1.32	1.82	0.96	2.33	0.58	2.63	1.20
3	3.22	1.31	5.23	1.41	5.33	0.58	1.91	1.26
4	4.17	1.34	4.64	0.58	-	-	2.37	1.44
5	1.42	0.60	1.82	0.73	2.33	1.15	1.43	0.65
6	1.00	0	3.00	0	6.00	0	5.00	0
7	4.74	0.76	3.73	0.45	3.00	1.00	1.76	0.79
8	2.08	0.27	1.45	0.74	2.33	0.58	2.21	0.53
9	1.24	0.43	1.18	0.39	1.33	0.58	1.66	0.48
10	1.95	0.23	1.95	0.21	1.67	0.58	1.86	0.35
11	1.41	0.50	1.05	0.21	1.00	0	1.86	0.35
12	1.97	0.16	1.27	0.46	1.00	0	1.92	0.28
13	1.00	0	1.00	0	1.00	0	1.28	0.45
14	1.00	0	1.00	0	1.00	0	1.38	0.49
15	1.16	0.37	1.05	0.21	1.33	0.58	1.35	0.48
16	1.42	0.50	1.59	0.50	1.33	0.58	1.69	0.47
17	1.14	0.35	1.00	0	1.33	0.58	1.66	0.47
18	1.81	0.40	1.23	0.43	1.00	0	1.91	0.28
19.1	1.94	0.24	-	-	-	-	-	-
19.2	-	-	1.41	0.50	1.50	0.71	1.85	0.37

Vraag/ Stel- ling	STAATSBEHEER- DE SKOLE (n = 38)		STAATSONDER- STEUNDE SKOLE (n = 22)		PRIVAATSKOLE (n = 3)		PLAASSKOLE (n = 38)	
	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king	Gemid- deld	Stan- daard afwy- king
20	3.22	0.85	3.55	0.67	4.00	0	2.42	1.17
21	3.28	0.81	2.91	0.92	3.33	0.58	2.36	1.22
22	3.00	1.13	3.59	0.50	3.00	1.73	2.51	1.24
23	2.68	1.04	2.64	0.95	3.33	1.15	2.08	1.26
24	3.30	0.91	3.55	0.91	3.33	1.15	2.11	1.22
25	3.66	0.75	3.82	0.50	4.00	0	3.32	0.85
26	3.18	0.93	3.59	0.80	4.00	0	2.34	1.19
27	2.68	1.12	3.73	0.46	3.00	1.73	2.08	1.12
28	3.84	0.44	4.00	0	4.00	0	3.08	1.14
29	3.71	0.61	3.95	0.21	4.00	0	2.89	1.15
30	3.53	0.73	3.73	0.63	4.00	0	2.51	1.28
31	3.05	1.37	3.91	0.43	4.00	0	2.42	1.30
32	3.32	0.99	3.82	0.39	3.67	0.58	2.85	1.12
33	3.84	0.37	3.82	0.39	3.67	0.58	3.44	0.84
34	3.73	0.56	3.91	0.29	3.33	0.58	2.94	1.12
35	2.24	1.26	4.00	0	4.00	0	1.33	0.83
36	3.92	0.27	4.00	0	3.67	0.58	3.28	0.97

4.4.6.1 Vergelyking van effekgroottes (d-waardes) tussen die verskillende tipes skole met betrekking tot biografiese- en demografiese gegewens

Die effekgroottes (d-waardes) van die response op vrae oor biografiese en demografiese gegewens (vergelyk Bylae E, Afdeling A en B, vrae 1-8), word saamgevat in Tabel 4.7.

TABEL 4.7

VERGELYKING VAN D-WAARDES TUSSEN DIE VERSKILLENDE TIPES SKOLE MET BETREKKING TOT BIOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE GEGEWENS

VRAAG/ STEL- LING	STAATS- BEHEER EN STAATS- ONDER- STEUND	STAATS- BEHEER EN PRIVAAT	STAATS- BEHEER EN PLAAS	STAATS- ONDER- STEUND EN PLAAS	STAATS- ONDER- STEUND EN PRIVAAT	PLAAS EN PRIVAAT
1	,47**	,63**	,26**	,84***	1,56***	,43**
2	,39**	-	,22**	,68**	,53**	,25**
3	1,42***	1,61***	1,0***	2,35***	,07*	2,71***
4	,35**	-	1,25***	1,58***	-	-
5	,55**	,79***	,02*	,53**	,44**	,78**
6	-	-	-	-	-	-
7	1,33***	1,74***	3,77***	2,49***	,73**	1,24***
8	,85***	,43**	,25**	1,03***	1,19***	,21**

Die respons op Vraag 1 toon 'n klein effek ($d=0,26$) tussen staatsbeheerde en plaasskole. Volgens Tabel 4.2 is die grootste persentasie skoolhoofde in die twee tipes skole in dieselfde ouderdomsgroep (31-50 jaar) (vergelyk Tabel 4.7).

Die respons op Vraag 2 oor onderwyservaring as skoolhoof toon 'n klein effek tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,22$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=0,25$), en 'n medium effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,39$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,68$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,53$) (vergelyk Tabel 4.7).

Die respons op Vraag 3 oor die kwalifikasie van die skoolhoofde van die verskillende tipes skole (vergelyk Tabel 4.7), toon 'n baie klein effek ($d=0,07$) tussen die staatsondersteunde skooltipe en privaatskole. Die staatsondersteunde skole word gekenmerk deur die hoogste konsentrasie gekwalifiseerde onderwysers (vergelyk 2.5.2), terwyl Tabel 4.2 toon dat die kwalifikasies van skoolhoofde van privaatskole, 'n graad en diploma en hoër is. Die groot d -waardes tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=1,42$), staatsbeheerde en privaatskole ($d=1,61$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=2,35$), asook plaas- en privaatskole ($d=2,71$), toon dat die kwalifikasies van 'n baie groot persentasie hoofde in die staatsbeheerde skole baie swak is, en dat nog 'n groter persentasie skoolhoofde in plaasskole swak gekwalifiseer is. Die literatuurstudie toon dat die meeste onderwysers in staatskole 'n gebrekkige opleiding het (vergelyk 2.4.2).

Die respons op Vraag 4 oor die posvlak van die hoofde van die verskillende tipes skole (vergelyk Tabel 4.7), toon 'n medium effek ($d=0,35$) tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole. Die rede hiervoor kan wees dat die 73,7% hoofde in staatsbeheerde skole en 95,4% van die hoofde in staatsondersteunde skole, op posvlak 4 en 5 is (vergelyk Tabel 4.2). 'n Groot effek word verkry tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=1,25$), asook tussen staatsondersteunde en plaasskole ($d=1,58$). Die moontlike rede vir hierdie groot d -waardes kan wees dat 'n redelike persentasie skoolhoofde van plaasskole (39,5%) volgens Tabel 4.2 op posvlak 1 is.

Wat opleiding van skoolhoofde in finansiële onderwysbestuur betref, (sien Vraag 5), is daar 'n baie klein effek ($d=0,02$) tussen

staatsbeheerde en plaasskole, en 'n medium effek tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,44$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,53$), en tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,55$). 'n Groot effek ($d=0,79$) word getoon tussen staatsbeheerde en privaatskole. Die gemiddeld vir staatsbeheerde skole is 1,42 en vir privaatskole 2,33, wat 'n aanduiding is dat die hoofde van privaatskole almal ten minste 'n indiensopleidingskursus, of formele opleiding in onderwysbestuur, ondergaan het (vergelyk tabelle 4.6 en 4.7).

Wat die aantal leerlinge in die skool betref (Vraag 7), is daar 'n baie groot effek ($d=3,77$) tussen staatsbeheerde en plaasskole. Die gemiddeld by staatsbeheerde skole is 4,74 teenoor 1,76 by plaasskole, wat 'n aanduiding is dat 'n groot persentasie staatsbeheerde skole (81,5%) 'n groot leerlingtal van 500 tot 1500 het, teenoor plaasskole (78,9%) waar die leerlingtalle per skool nie 200 oorskry nie (vergelyk Tabela 4.3 en 4.7).

Die respons op Vraag 8 oor onderrigmedium van die verskillende tipes skole, toon dat die meeste staatsondersteunde skole (68,2%) Afrikaans is, teenoor Engels in al die ander tipes skole. Dit word ook weerspieël in die groot d -waardes tussen staatsondersteunde en staatsbeheerde skole ($d=0,85$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=1,03$), en ook staatsondersteunde en privaatskole ($d=1,19$) (vergelyk Tabel 4.7).

4.4.6.2 Vergelyking van effekgroottes (d -waardes) tussen die verskillende tipes skole, met betrekking tot vrae oor finansiële bestuur in die algemeen

Die effekgroottes (d -waardes) van die response op vrae oor finansiële bestuur van algemene aard (vergelyk Bylae E, Afdeling C, vrae 9-19), word saamgevat in Tabel 4.8.

TABEL 4.8

VERGELYKING VAN D-WAARDES TUSSEN DIE VERSKILLENDE TIPES SKOLE OOR FINANSIËLE BESTUUR IN DIE ALGEMEEN

VRAAG/ STEL- LING	STAATS- BEHEER EN STAATS- ONDER- STEUND	STAATS- BEHEER EN PRIVAAT	STAATS- BEHEER EN PLAAS	STAATS- ONDER- STEUND EN PLAAS	STAATS- ONDER- STEUND EN PRIVAAT	PLAAS EN PRIVAAT
9	,14*	,16*	,88***	1,0***	,26**	,57**
10	-	,48**	,26**	,26**	,48**	,33**
11	,72**	,82***	,90***	2,31***	,24**	2,46***
12	1,52***	6,06***	,18*	1,41***	,59**	3,29***
13	-	-	,62**	,62**	-	,62**
14	-	-	,78**	,78**	-	,78**
15	,30**	,29**	,40**	,63**	,48**	,03*
16	,34**	,16*	,54**	,20**	,45**	,62**
17	,40**	,33**	1,11***	1,40***	,57**	,57**
18	1,35***	2,03***	,25**	1,58***	,53**	3,25***
19.2	-	-	-	,88***	,13*	,49**

Vraag 9

Beskik u skool oor geskrewe doelstellings en doelwitte wat as basis gebruik word vir die skoolfondsbegroting ?

Die respons op Vraag 9 (vergelyk Tabel 4.8), toon 'n baie klein effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,14$), staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,16$) en staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,26$). Uit Tabel 4.4 blyk dit dat die meeste respondente van staatsbeheerde skole (76,3%), staatsondersteunde skole (81,8%), en privaatskole (66,7%), op hierdie vraag 'n positiewe aanduiding gegee het dat hulle skole oor doelstellings en doelwitte beskik wat as basis gebruik word vir die

skoolfondsbegroting. Die groot effek ($d=0,88$) tussen staatsbeheerde en plaasskole is in ooreenstemming met die gegewens in Tabel 4.4, dat 65,8% van die respondente van plaasskole op hierdie vraag "nee" geantwoord het.

Vraag 10

Het u skool 'n borgliggaam, m.a.w. 'n instansie of groep, wat u skool finansiële steun of help om u skool in stand te hou ?

Die respons op Vraag 10 toon 'n redelike klein effek tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,26$) en staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,26$), asook 'n medium effek tussen plaas- en privaatskole ($d=0,33$), staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,48$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,48$) (vergelyk Tabel 4.8). Hierdie klein en medium effek is 'n aanduiding dat die meeste skole (ongegag tipe), op hierdie vraag "nee" geantwoord het, en sodoende aangetoon het dat hulle nie 'n borgliggaam het wat die skool finansiële steun of help in stand hou nie.

Vraag 11

Maak u van 'n permanente finansiële komitee in u skool gebruik ?

Op hierdie vraag is daar 'n klein effek ($d=0,24$) tussen staatsondersteunde en privaatskole, wat 'n aanduiding is dat daar 'n groot ooreenstemming is tussen die twee tipes skole (vergelyk Tabel 4.8). Dit is ook in ooreenstemming met Tabel 4.4 dat 'n oorweldigende meerderheid staatsondersteunde skole (95,5%), en alle privaatskole (100%), positief aantoon dat hulle 'n permanente finansiële komitee het. 'n Groot effek word getoon tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,82$), staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,90$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=2,31$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=2,46$).

Vraag 12

Maak u skool gebruik van 'n rekenaargesteunde bestuursinligtingstelsel wat as hulpmiddel dien by finansiële beplanning en finansiële beheeruitoefening ?

Die medium effekgrootte ($d=0,59$) tussen staatsondersteunde en

privaatskole, toon dat daar ooreenstemming is en dat hierdie skole wel gebruik maak van 'n rekenaargesteuende bestuursinligtingstelsel (vergelyk Tabel 4.8). Die klein effek ($d=0,18$) tussen staatsbeheerde en plaasskole toon dat hierdie twee tipes skole se hoofde op hierdie vraag "nee" geantwoord het, en nie gebruik maak van 'n rekenaargesteuende bestuursinligtingstelsel nie. Tabel 4.4 toon ten opsigte van hierdie ooreenstemming dat 97,4% staatsbeheerde skole en 89,5% plaasskole op hierdie vraag "nee" geantwoord het.

Vraag 13

Het u in u skool een of ander vorm van finansiële rekordhouding en verslaglewering van fondse ?

Alle tipes skole behalwe plaasskole het op hierdie vraag "ja" geantwoord, terwyl by plaasskole 68,4% van die skoolhoofde op hierdie vraag "ja" geantwoord het (vergelyk Tabel 4.4). Hierdie respons word weerspieël in die medium effekgroottes tussen plaas- en staatsbeheerde skole ($d=0,62$), plaas- en staatsondersteunde skole ($d=0,62$), asook plaas- en privaatskole ($d=0,62$) (vergelyk Tabel 4.8).

Vraag 14

Word die ouers ingelig oor die skool se finansies ?

Alle tipes skole behalwe plaasskole het op hierdie vraag "ja" geantwoord, terwyl by plaasskole 60,5% van die skoolhoofde "ja" geantwoord het (vergelyk Tabel 4.4). Hierdie respons word weerspieël in die medium effekgroottes tussen plaasskole en staatsbeheerde skole ($d=0,78$), plaasskole en staatsondersteunde skole ($d=0,78$), asook plaas- en privaatskole ($d=0,78$) (vergelyk Tabel 4.8).

Vraag 15

Word die onderwysers, leerlinge, ouers en gemeenskap by fondsinsamelingsaksies betrek ?

Die respons op Vraag 15 (vergelyk Tabel 4.8) toon medium effekgroottes tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,30$), staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,29$), staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,40$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,63$),

asook staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,48$). Tussen plaas- en privaatskole is 'n baie klein effek ($d=0,03$). Die rede vir hierdie klein effek (vergelyk Tabel 4.4), is dat 33,3% privaatskole en 34,2% plaasskole op hierdie vraag "nee" geantwoord het.

Vraag 16

Behoort skole na u mening van die dienste van 'n eksterne finansiële bestuurskundige gebruik te maak ?

Die respons op Vraag 16 (vergelyk Tabel 4.8) toon 'n klein effek tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,16$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,2$). 'n Medium effek word verkry tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,34$), staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,54$), staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,45$) en plaas- en privaatskole ($d=0,62$).

Vraag 17

Stel u skool 'n jaarlikse skoolfondsbegroting op ?

Die respons op hierdie vraag (vergelyk Tabel 4.8) toon 'n medium effek tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,33$), staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,57$), tussen plaas- en privaatskole ($d=0,57$), asook tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,4$). 'n Groot effek ($d=1,4$) word getoon tussen staatsondersteunde en plaasskole, wat gestaaf word deur die feit dat 100% van die hoofde van staatsondersteunde skole (vergelyk Tabel 4.4), aangetoon het dat 'n jaarlikse skoolfondsbegroting opgestel word, terwyl die meerderheid plaasskole (65,8%) "nee" geantwoord het. 'n Groot effek word ook verkry tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=1,11$).

Vraag 18

Het u skool 'n rekenmeester of finansiële deskundige in die bestuursraad ?

Volgens Tabel 4.8 word 'n groot effek getoon tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=1,35$), staatsbeheerde en privaatskole ($d=2,03$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=1,58$) en tussen plaas- en privaatskole ($d=3,25$). Hierdie groot d-waardes is te wyte aan die

feit dat privaatskole (100%) en staatsondersteunde skole (77,3%) wel 'n finansiële deskundige in die bestuursraad het, terwyl die meeste staatsbeheerde skole (76,3%) en plaasskole (84,2%) nie 'n finansiële deskundige in die bestuursraad het nie (vergelyk Tabel 4.4). Om dieselfde rede sal die effekgrootte klein wees tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,25$) en 'n medium effekgrootte word getoon tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,53$).

Vraag 19.2 (Slegs vir staatsondersteunde en privaatskole)

Is die verpligte bydraes per leerling per jaar voldoende om u skool se jaarlikse skoolfondsuitgawes te dek ?

Die respons op hierdie vraag toon 'n groot effek ($d=0,88$) tussen staatsondersteunde en plaasskole, en 'n klein effek ($d=0,13$) tussen staatsondersteunde en privaatskole (vergelyk Tabel 4.8). Die groot effek ($d=0,88$) tussen staatsondersteunde en plaasskole is te wyte aan die feit dat 59,1% van die hoofde van staatsondersteunde skole "ja" geantwoord het op die vraag, terwyl 50% van die hoofde van die plaasskole "nee" geantwoord het (vergelyk Tabel 4.4).

4.4.6.3 Vergelyking van effekgroottes (d-waardes) tussen die verskillende tipes skole waar skoolhoofde 'n mening gee oor finansiële bestuur in hul eie skole

Die effekgroottes (d-waardes) van die response op vrae en stellings waar skoolhoofde 'n aanduiding gee van die wyses van finansiële bestuur in hul eie skole (vergelyk Bylae E, Afdeling D, stellings 20-36), word saamgevat in Tabel 4.9.

TABEL 4.9

VERGELYKING VAN D-WAARDES TUSSEN DIE VERSKILLENDE Tipes Skole waar skoolhoofde 'n aanduiding gee van die wyses van finansiële bestuur in hul eie skole

VRAAG/ STEL- LING	STAATS- BEHEER EN STAATS- ONDER- STEUND	STAATS- BEHEER EN PRIVAAT	STAATS- BEHEER EN PLAAS	STAATS- ONDER- STEUND EN PLAAS	STAATS- ONDER- STEUND EN PRIVAAT	PLAAS EN PRIVAAT
20	,39**	,92***	,68**	,97***	,67**	1,35***
21	,40**	,06*	,75**	,45**	,46**	,80***
22	,52**	-	,40**	,87***	,34**	,28**
23	,04*	,57**	,48**	,44**	,60**	,99***
24	,27**	,03*	,98***	1,18***	,19*	1,0***
25	,21**	,45**	,40**	,59**	,36**	,8***
26	,44**	,88***	,71**	1,05***	,51**	1,39***
27	,94***	,18*	,54**	1,47***	,42**	,53**
28	,36**	,36**	,67**	,81***	-	,81***
29	,39**	,48**	,71**	,92***	,24**	,97***
30	,27**	,64**	,80***	,95***	,43**	1,16***
31	,63**	,69**	,46**	1,15***	,21**	1,22***
32	,51**	,35**	,42**	,87***	,26**	,73**
33	,05*	,29**	,48**	,45**	,26**	,27**
34	,32**	,69**	,71**	,87***	1,0***	,35**
35	1,40***	1,40***	,72**	3,22***	-	3,22***
36	,30**	,43**	,66**	,74**	,57**	,40**

Stelling 20

In u skool het die bestuursraad 'n besliste rol te speel by die finansiële bestuur van die skool

Die respons op Stelling 20 (vergelyk Tabel 4.9) toon medium effekgroottes tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,39$), staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,68$), asook staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,67$). 'n Groot effek word getoon tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,92$), staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,97$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=1,35$). Die gemiddeldes vir staatsbeheerde, staatsondersteunde, privaat- en plaasskole is 3,22 3,55 4,00 en 2,42 onderskeidelik (vergelyk Tabel 4.6).

Stelling 21

In u skool word ouers aangewend by sake betreffende skoolfinansies

Die respons op Stelling 21 (vergelyk Tabel 4.9) toon 'n medium effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,40$) en staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,46$), asook staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,45$). Uit Tabel 4.5 is dit ook duidelik dat die meeste staatsbeheerde skole (78,9%) en staatsondersteunde skole (72,8%) heelhartig en in hoofsaak met bogenoemde stelling saamstem. By plaasskole is daar 'n beduidende persentasie (34,2%) wat nie met bogenoemde stelling saamstem nie, wat dan ook die groot effek tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,75$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=0,80$), kan verklaar.

Stelling 22

In u skool word ouers by fondsinsamelingsaksies betrek

Die respons op Stelling 22 toon 'n medium effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,52$), staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,40$), staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,34$), asook plaas- en privaatskole ($d=0,28$). Die groot effek tussen staatsondersteunde en plaasskole is daaraan te wyte dat 59,1% van die hoofde van staatsondersteunde skole heelhartig saamstem teenoor 21,0% en 28,9% by plaasskole wat in geringe mate saamstem en glad nie saamstem nie (vergelyk tabelle 4.9 en 4.5).

Stelling 23

In u skool het alle partye wat betrokke was by fondsinsameling, inspraak by die besteding van fondse

Die respons op hierdie stelling (vergelyk Tabel 4.9) toon medium effekgroottes tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,57$), / en tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,48$), en tussen staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,44$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,60$). Die gemiddeldes vir staatsbeheerde, staatsondersteunde, privaat- en plaasskole, is 2,68 2,64 3,33 en 2,08 onderskeidelik (vergelyk Tabel 4.6).

Stelling 24

In u skool word die werklike ontvangstes en betalings vir 'n bepaalde tydperk op 'n item-vir-item-basis met die skool se skoolfondsbegroting vergelyk

Die respons op hierdie stelling (vergelyk Tabel 4.9) toon 'n klein effek tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,19$). 'n Groot effek bestaan tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,98$), en staatsondersteunde en plaasskole ($d=1,18$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=1,0$). Die gemiddeldes vir staatsbeheerde, staatsondersteunde, privaat- en plaasskole, is 3,30 3,55 3,33 en 2,11 onderskeidelik (vergelyk Tabel 4.6).

Stelling 25

In u skool word ouers gemotiveer tot betrokkenheid by skoolaktiwiteite

Die klein effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,21$) en medium effek tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,45$), en tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,40$), en tussen staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,59$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,36$) toon dat in veral staatsbeheerde skole (76,3%), staatsondersteunde skole (86,4%) en privaatskole (100%), die ouers sterk aangemoedig word tot betrokkenheid by skoolaktiwiteite (vergelyk tabelle 4.5 en 4.9).

Stelling 26

U skool het 'n beheerstelsel om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in harmonie met die verwagte onderwysdoelwitte gebring word

Die medium effekgrootte ($d=0,51$) tussen staatsondersteunde en privaatskole (vergelyk Tabel 4.9), toon dat 72,7% staatsondersteunde skole, en 100% privaatskole 'n beheerstelsel het om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in harmonie met die verwagte onderwysdoelwitte gebring word (vergelyk Tabel 4.5). Groter d-waardes word getoon tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,88$), en staatsondersteunde en plaasskole ($d=1,05$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=1,39$).

Stelling 27

In u skool is ouers op 'n geordende wyse d.m.v. verskillende werkkomitees betrokke by skoolaktiwiteite, bv. fondsinsamelings

Die respons op Stelling 27 toon 'n klein effek tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,18$), 'n medium effek tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,54$) en tussen plaas- en privaatskole ($d=0,53$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,42$), en 'n groot effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,94$), asook staatsondersteunde en plaasskole ($d=1,47$) (vergelyk Tabel 4.9). Die gemiddeldes vir staatsbeheerde, staatsondersteunde, privaat- en plaasskole, is 2,68 3,73 3,00 en 2,08 onderskeidelik (vergelyk Tabel 4.6).

Stelling 28

In u skool word alle finansiële transaksies aangeteken

Die respons op Stelling 28 toon 'n medium effek tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,36$), en tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,36$), asook tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,67$) (vergelyk tabel 4.9). Hierdie medium effekgroottes staaf die feit dat by die meeste staatsbeheerde skole (84,2%), staatsondersteunde skole (100%) en privaatskole (100%), alle finansiële transaksies aangeteken word (vergelyk Tabel 4.5). Die groot d-waardes tussen staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,81$),

en privaat- en plaasskole ($d=0,81$), stem ooreen met die feit dat finansiële transaksies slegs in 50% plaasskole aangeteken word.

Stelling 29

In u skool word finansiële beheer effektief toegepas, sodat moontlike afwykings betyds ontdek word

Die medium effekgroottes (vergelyk Tabel 4.9) tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,39$) en staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,48$), en tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,24$) toon dat finansiële beheer effektief toegepas word, om moontlike afwykings betyds te ontdek. Volgens Tabel 4.5 is daar 78,9% staatsbeheerde skole, 95,5% staatsondersteunde skole en 100% privaatskole wat heelhartig saamstem met bogenoemde stelling.

Stelling 30

In u skool word gereeld 'n gedetailleerde raming van totale kontantinvloei en totale kontantuitvloei gemaak, sodat kontantoorskotte en -tekorte bepaal kan word

Die medium effekgroottes (vergelyk Tabel 4.9) tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,27$), en tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,64$), asook tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,43$), toon dat in dié skole gereeld 'n raming van totale kontantinvloei teenoor totale kontantuitvloei gemaak word, sodat kontantoorskotte en -tekorte bepaal kan word. Volgens Tabel 4.5 is daar 65,8% staatsbeheerde skole, 81,8% staatsondersteunde skole en 100% privaatskole, wat heelhartig saamstem met bogenoemde stelling. Die groot d -waardes tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,80$), en staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,95$), asook tussen privaatskole en plaasskole ($d=1,16$), kan moontlik verklaar word deur die feit dat 'n beduidende persentasie (31,6%) plaasskole met bogenoemde stelling saamstem, terwyl 'n persentasie van 34,2% plaasskole glad nie met bogenoemde stelling saamstem nie.

Stelling 31

Rekenaarondersteuning is 'n belangrike hulpmiddel vir finansiële bestuur

Die klein effek tussen staatsondersteunde en privaatskole ($d=0,21$), asook die medium effekgroottes tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,63$) en tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,69$), toon dat skoolhoofde in die genoemde tipes skole rekenaarondersteuning sien as 'n belangrike hulpmiddel vir finansiële bestuur. Volgens Tabel 4.5 is daar 65,8% staatsbeheerde skole, 95,5% staatsondersteunde skole en 100% privaatskole, wat met bogenoemde stelling saamstem.

Stelling 32

Die skoolfondsbegroting word nie net as 'n stel syfers gesien nie, maar eerder 'n verfyning van die skool se aktiwiteite in finansiële terme

Die respons op Stelling 32 toon 'n klein effek ($d=0,26$) tussen staatsondersteunde en privaatskole. 'n Medium effekgrootte word getoon tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,51$), en tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,35$), en tussen staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,42$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=0,73$). Hierdie effekgroottes word weerspieël in Tabel 4.5, wat aantoon dat 'n meerderheid van 57,9% staatsbeheerde skole, 81,8% staatsondersteunde skole en 66,7% privaatskole, heelhartig saamstem met bogenoemde stelling.

Stelling 33

Die breë gemeenskap moet op 'n gereelde basis bewus gemaak word van die prestasies van die skool, om sodoende deel uit te maak van 'n gestruktureerde beeldbouprogram

Die klein tot medium effekgroottes tussen alle tipes skole toon dat die meerderheid skoolhoofde saamstem met bogenoemde stelling (vergelyk Tabel 4.9). Hierdie bewering word gestaaf deur 84,2% staatsbeheerde, 81,8% staatsondersteunde, 66,7% privaatskole en 57,9% plaasskole, wat heelhartig saamstem dat die breë gemeenskap op 'n gereelde basis bewus gemaak moet word van die prestasies van

die skool (vergelyk Tabel 4.5).

Stelling 34

'n Finansiële komitee kan 'n belangrike bydrae tot doeltreffende besluitneming lewer

Die respons op Stelling 34 (vergelyk Tabel 4.9) toon medium effekgroottes tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=0,32$), staatsbeheerde en privaatskole ($d=0,69$), staatsbeheerde en plaasskole ($d=0,71$), asook tussen plaas- en privaatskole ($d=0,35$). 'n Groot effek word getoon tussen staatsondersteunde en plaasskole ($d=0,87$) en staatsondersteunde en privaatskole ($d=1,0$). Die gemiddeldes vir staatsbeheerde, staatsondersteunde, privaat- en plaasskole, is 3,73 3,91 3,33 en 2,94 onderskeidelik (vergelyk Tabel 4.6).

Stelling 35

In u skool word finansiële jaarstate opgestel wat deur 'n erkende rekenmeester geouditeer word

Die respons op Stelling 35 (vergelyk Tabel 4.9) toon groot d -waardes tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole ($d=1,4$), asook tussen staatsbeheerde en privaatskole ($d=1,4$). Nog groter d -waardes word getoon tussen staatsondersteunde en plaasskole ($d=3,22$) en privaat- en plaasskole ($d=3,22$). Hierdie baie groot d -waardes kan verklaar word deur die feit dat die hoofde van staatsondersteunde en privaatskole (vergelyk Tabel 4.5), heelhartig saamstem dat finansiële jaarstate in hul skole opgestel word, terwyl die oorgrote meerderheid plaasskole (78,9%), glad nie met bogenoemde stelling saamstem nie.

Stelling 36

Benewens die handhawing van gesonde interne verhoudings, het die skoolhoof as deel van sy finansiële leidinggewingtaak, ook die skeep van gesonde eksterne verhoudings

Die respons op Stelling 36 (vergelyk Tabel 4.9) toon medium effekgroottes tussen alle tipes skole, waarvan die kleinste ($d=0,30$) tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole is. Hierdie d -

waarde word gestaaf deur die feit dat die hoofde van 92,1% staatsbeheerde skole, en 100% staatsondersteunde skole met bogenoemde stelling saamstem (vergelyk Tabel 4.5).

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting gegee van die navorsingsontwerp soos van toepassing op die empiriese ondersoek.

Die vraelys as meetinstrument is bespreek en met verwysing na toepaslike literatuur is die voordele sowel as die nadele van die posvraelys toegelig. Die gestruktureerde posvraelys as meetinstrument vir hierdie ondersoek, het by die navorser voorrang geniet. Respondente is versoek om op ses-en-dertig vrae te respondeer. Die vraelys bestaan uit vier afdelings, naamlik Afdeling A (biografiese gegewens), Afdeling B (demografiese gegewens), Afdeling C (vrae oor finansiële bestuur in die algemeen) en Afdeling D (vrae / stellings oor finansiële bestuur in die verskillende tipes skole).

Interpretering van die response van elke afdeling is gedoen. Die data ter sprake is getabelleer ten einde bespreking en verwysing te vergemaklik. Daar is met groot vrug gebruik gemaak van die rekenaarkundiges van die PU vir CHO vir die statistiese verwerking van die data.

In Hoofstuk 5 sal 'n samevatting gegee word van die geheel van die navorsing. Aandag sal gegee word aan ooreenkomste en verskille tussen die verskillende tipes skole, waarna gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen sal word om hierdie ondersoek te voltooi.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, OOREENKOMSTE EN VERSKILLE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die tema van hierdie studie is : Finansiële bestuur in skole - 'n Vergelykende studie tussen staatsbeheerde, staatsondersteunde, en privaatskole.

Hierdie navorsing het uit vyf hoofstukke bestaan. Die eerste hoofstuk is 'n oriëntering ten opsigte van die navorsing en dit word in die tweede en derde hoofstukke gevolg met 'n literatuurstudie wat die tema dek. Die empiriese studie word beskryf in Hoofstuk 4 en in die laaste hoofstuk volg 'n samevatting van die studie, ooreenkomste en verskille, gevolgtrekkings en aanbevelings, wat hieruit mag voortvloei.

5.2 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is aandag gegee aan die probleemstelling met betrekking tot die navorsing, waarna die doel van die navorsing en die navorsingsmetodes bespreek is. 'n Diagrammatiese hoofstukindeling ten opsigte van die struktuur en verloop van die navorsing is gegee.

In paragraaf 1.3 is die doelwitte met betrekking tot hierdie navorsing geformuleer. Dit kan soos volg saamgevat word :

- * Om uit die bestaande literatuur vas te stel wat die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool, en 'n privaatskool is, en om vas te stel wie betrokke is by die finansiële gebeure in die drie tipes skole.
- * 'n Tweede doelwit van hierdie navorsing was om uit die bestaande literatuur die finansiële bestuurstaak in 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool, en 'n privaatskool te ondersoek.
- * 'n Derde doelwit van hierdie navorsing was om empiriese data te bekom aangaande die finansiële bestuur in die drie tipes skole.

Die navorsing het 'n literatuurstudie sowel as 'n empiriese ondersoek behels.

In Hoofstuk 2 is die aard van die staatsbeheerde, staatsondersteunde, en privaatskool vanuit 'n finansiële bestuursperspektief in oënskou geneem.

Hoofstuk 3 handel oor die finansiële bestuurstaak in die staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool, en privaatskool.

Die vierde hoofstuk behels die bespreking van die empiriese ondersoek. Die meetinstrument wat gebruik is, is 'n gestruktureerde vraelys. 'n Loodsondersoek is van stapel gestuur, waarna die finale vraelys na 136 skole in die Klerksdorp-distrik van die Suidelike Streek van die Noordwes Provinsie gepos is, waarvan 101 vraelyste voltooid terugontvang is. Die vraelys moes deur die skoolhoofde voltooi word.

5.3 BEVINDINGS EN GEVOLGTREKKINGS

5.3.1 Bevindings en gevolgtrekkings ten opsigte van die literatuurstudie

- Doelwit 1 : Die aard van 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool en 'n privaatskool
- * Word daar na die verskillende tipes skole in Suid-Afrika gekyk, en veral na die finansieringsaspek van die skole, word 'n kontinuum verkry. Aan die een uiterste is daar die skole wat totaal deur die gemeenskap gefinansier word, terwyl aan die ander punt van die spektrum daar die skole is wat totaal deur die Staat in stand gehou word (vergelyk 2.1, 2.4, 2.5 en 2.6).
 - * Die staatsbeheerde skool word deur die Staat gefinansier en beheer (vergelyk 2.4.1), en in die staatsondersteunde skool betaal die Staat die salarisse van die personeel, wat 75% tot 80% van die skool se bedryfsbegroting uitmaak (vergelyk 2.2 en 2.5.2), terwyl privaatskole deur die Staat gesubsidieer word met tot 45% van die skool se salarisbegroting (vergelyk 2.2, 2.6.2 en 2.6.3).
 - * Die leerkrigte van staatsbeheerde skole het 'n gebrekkige opleiding (vergelyk 2.4.2), teenoor hoogs opgeleide leerkrigte in staatsondersteunde skole (vergelyk 2.5.2).
 - * By baie staatsbeheerde skole is daar geen ouerbetrokkenheid nie, wat gevolglik die bestaan van ouer-bestuurskomitees onmoontlik maak (vergelyk 2.4.4.3). Staatsondersteunde skole word gekenmerk deur groot ouerbetrokkenheid by skoolwerkzaamhede (vergelyk 2.5.4.3). By privaatskole is ouers betrokke omdat hulle inspraak wil hê in die aard en karakter, gees en rigting van die skool (vergelyk 2.6.4.3). Die privaatskoolsektor is oor die algemeen trots op hul hoë vlak van ouerbetrokkenheid, effektiewe hulpbrongebruik, diensetiek en rekeningpligtige bestuur (vergelyk 2.6.2).

- * Die bestuursliggaam van die staatsbeheerde skool tree slegs in 'n adviserende hoedanigheid op (vergelyk 2.4.4.4), teenoor staatsondersteunde skole waar die bestuur, die beheer, sowel as die uitvoerende mag, by die bestuursliggaam berus (vergelyk 2.5.4.4).
- * Die skoolhoof in die staatsbeheerde skool het 'n beperkte finansiële funksie. Hierdie funksie is beperk tot bepaalde fasette van die verkryging van skoolfondse en die aanwending daarvan (vergelyk 2.4.4.5). By die staatsondersteunde skool berus die uitvoerende mag by die bestuursliggaam. Die bestuursliggaam bestuur die eiendom van 'n staatsondersteunde skool en oefen beheer oor die skool se werksaamhede uit. Die bestuursliggaam kan skoolgeld hef en die betaling daarvan afdwing (vergelyk 2.5.4.4). Groot ondernemings in die breë gemeenskap oefen 'n sterk invloed uit op die etos van die privaatskool, vanweë hul finansiële betrokkenheid en groter inspraak (vergelyk 2.6.4.2).
- * 'n Finansiële nadeel van die staatsbeheerde skool is dat die Regering nie twaalf jaar gratis onderwys aan alle leerlinge kan bekostig nie (vergelyk 2.4.5), terwyl by die staatsondersteunde skool word die finansiële las op die Staat verlig met betrekking tot onderwysvoorsiening (vergelyk 2.5.6).
- * In baie staatsbeheerde skole is daar geen leerkultuur nie (vergelyk 2.4.2), teenoor 'n gesonde leerkultuur en 'n stabiele onderwysomgewing by staatsondersteunde skole (vergelyk 2.5.2). In privaatskole word tradisie gehandhaaf, onderrig is gerig om toekomstige leiers te kweek, en daar is 'n toenemende gevoel dat privaatskole 'n besondere verdienste het (vergelyk 2.6.2).

- Doelwit 2 : Om uit die bestaande literatuur die finansiële bestuurstaak in 'n staatsbeheerde skool, staatsondersteunde skool, en 'n privaatskool te ondersoek
- * Finansiële bestuur in die onderwys is 'n integrerende deel van onderwysbestuur en gaan om al die aktiwiteite wat met die verkryging en aanwending van fondse te make het. Die toepassing van die beginsels van onderwysbestuur op die finansiële terrein, behels aspekte soos finansiële beplanning, begroting, finansiële organisering, finansiële leidinggewing en finansiële beheer (vergelyk 3.2, 3.3, 3.4, 3.5 en 3.6).
 - * Die beplanning van skoolfinansies: Beplanning is 'n intellektuele handeling, waardeur 'n bepaalde toekomstige aktiwiteit bewustelik deurdink word, met die doel om sekere doelstellings te bereik (vergelyk 3.3).
 - * Die begroting is die praktykwording van die beplanningstaak. Die skoolbegroting is 'n geskeduleerde "toekomsplan" waarin verwagte inkomste en uitgawes teenoor mekaar opgeweeg word (vergelyk 3.3.1).
 - * Die skoolfondsbegroting is 'n plan van aksie waarin uiteengesit word hoe die beperkte middele van die skool op die mees effektiewe wyse aangewend behoort te word (vergelyk 3.3.1.4).
 - * By soorte skoolfondsbegrotings word onderskeid getref tussen die kontantbegroting en die kapitaalbegroting (vergelyk 3.3.1.5).
 - * Die ouer-onderwyser-leerlingbetrokkenheid by die opstel van die begroting by staatsbeheerde skole en staatsondersteunde skole, word beklemtoon (vergelyk 3.3.1.6).
 - * Organisering van finansiële aktiwiteite is 'n onontbeerlike en integrerende element van die bestuursproses. Die stappe by die finansiële aktiwiteite in die staatsondersteunde skool is

uitgelig (vergelyk 3.4).

- * Subtake van organisering behels organisasiestruktuurskepping, delegering en koördinering (vergelyk 3.4.3).
- * In finansiële komitees word die kennis en ervaring van meer as een persoon nuttig gebruik (vergelyk 3.4.4).
- * Rekenaarondersteuning is 'n belangrike hulpmiddel vir finansiële bestuur (vergelyk 3.4.5).
- * Finansiële leidinggewing. Die skoolhoof moet ten opsigte van die finansies van die skool leiding gee, om beide intern en ekstern die nodige samewerking te verkry (vergelyk 3.5.1).
- * Finansiële beheer: 'n Beheerstelsel is nodig om te verseker dat die werklike finansiële prestasies in harmonie met die verwagte onderwysdoelwitte gebring word (vergelyk 3.6.1). Effektiewe finansiële rekordhouding en verslaglewering in die staatsondersteunde skool, staatsbeheerde skool en privaatskool (vergelyk 3.6). Vergelyking van inkomste en uitgawes per leerling per jaar van 'n staatsbeheerde, staatsondersteunde en privaatskool (vergelyk 3.6.5.3.2). Die kontantvloeistaat is 'n oorsigtelike beeld van die finansiële tekorte en surplusse wat oor 'n tyd ontstaan het (vergelyk 3.6.5.3.3).
- * Onderwysfinansiering: Van die belangrikste beginsels by fondsinsameling is 'n gestruktureerde beeldbouprogram, en dienslewering aan die gemeenskap (vergelyk 3.7.1). Onderwysinsettings maak van 'n verskeidenheid fondsinsamelingsmetodes gebruik. Dit is ook belangrik dat gewaak moet word teen eties onverantwoordbare praktyke (vergelyk 3.7.2).

5.3.2 Bevindings en gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese ondersoek

Die gevolgtrekkings wat hier gemaak word, geld slegs vir die teikenpopulasie (vergelyk 4.3.4) en nie vir skole in die hele Noordwes Provinsie nie.

Op grond van die empiriese ondersoek is die volgende ooreenkomste en verskille getoon, asook gevolgtrekkings gemaak ten opsigte van die finansiële bestuurstaak in die verskillende tipes skole (vergelyk doelwit 3, paragraaf 1.3).

5.3.2.1 Biografiese en demografiese gegewens

Ooreenkomste

- * Die verspreiding van ouderdomme van die skoolhoofde in die groepe 20-30 jaar, 31-40 jaar, 41-50 jaar en 51-60 jaar, toon 'n groot ooreenkoms tussen staatsbeheerde en plaasskole (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * In staatsbeheerde en plaasskole is daar ooreenstemming betreffende hoofde wat langer as 16 jaar ervaring as hoof het. Daar is ook ooreenstemming tussen staatsbeheerde en staatsondersteunde skole in die groep wat minder as 5 jaar ervaring het (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * Kwalifikasies van hoofde van staatsondersteunde en privaatskole stem grootliks ooreen (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * Die hoofde van staatsbeheerde en plaasskole het geen opleiding in finansiële onderwysbestuur nie (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * In al die skole is die onderrigmedium Engels, behalwe in staatsondersteunde skole, waar die onderrigmedium hoofsaaklik Afrikaans is (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).

Verskille

- * Groot ouderdomsverskille bestaan tussen skoolhoofde van staatsondersteunde en privaatskole, asook tussen staatsondersteunde en plaasskole (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * Groot verskille in kwalifikasies bestaan tussen hoofde van staatsbeheerde en plaasskole, wat swak gekwalifiseer is aan die een kant, teenoor hoogs opgeleide skoolhoofde in staatsondersteunde en privaatskole. Hoofde van plaasskole is swakker gekwalifiseer teenoor hoofde van staatsbeheerde skole (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * Posvlakke van hoofde van staatsbeheerde en staatsondersteunde skole verskil in 'n groot mate van plaasskole (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * Hoofde van staatsbeheerde en plaasskole het min of geen opleiding in finansiële onderwysbestuur, terwyl hoofde van staatsondersteunde en privaatskole indiensopleiding of formele opleiding in finansiële onderwysbestuur gehad het (vergelyk tabelle 4.2 en 4.7).
- * Wat aantal leerlinge in die skool betref is daar baie groot verskille tussen alle tipes skole, met 'n kleiner verskil tussen staatsondersteunde en privaatskole (vergelyk tabelle 4.3 en 4.7).

5.3.2.2 Finansiële bestuur in die algemeen

Ooreenkomste

- * Staatsbeheerde, staatsondersteunde en privaatskole beskik in 'n groot mate oor doelstellings en doelwitte wat as basis gebruik word vir die skoolfondsbegroting (vergelyk tabelle 4.4 en 4.8).

- * Die skole in die teikenpopulasie het nie 'n borgliggaam of instansie wat die skool finansiëel steun of help met die instandhouding nie (vergelyk tabelle 4.4 en 4.8).
- * Staatsondersteunde en privaatskole maak gebruik van permanente finansiële komitees (vergelyk tabelle 4.4 en 4.8).
- * Alle staatsbeheerde, staatsondersteunde en privaatskole het die een of ander vorm van finansiële rekordhouding en verslaglewering van finansies (vergelyk tabelle 4.4 en 4.8).
